

Senwes

Jaarverslag  
‘n geïntegreerde oorsig

20  
12



## INHOUDSOPGawe

Finansiële hoogtepunte .....	1
Oorsig oor bedrywe .....	
❖ Senwes Credit en Univision .....	2
❖ Senwes Village .....	3
❖ Senwes Grainlink .....	4
<b>AFDELING 1: KORPORATIEWE BEHEER</b>	
Voorsittersverslag – 'n geïntegreerde oorsig .....	5
Ontmoet ons direksie .....	8
Korporatiewe beheerverslag .....	11
<b>AFDELING 2: GEÏNTEGREERDE VERSLAG</b>	
Geïntegreerde strategiese operasionele en finansiële verslag deur die besturende en finansiële direkteure .....	21
Volhoubaarheidsverslag .....	28
<b>AFDELING 3: GEÏNTEGREERDE FINANSIEËLE VERSLAG</b>	
Vyjaar-orsig .....	
❖ Groep vyjaar finansiële oorsig .....	49
❖ Finansiële en bedryfsverhoudings .....	50
❖ Beleggingstatistiek .....	53
❖ Definisies .....	54
Statutêre verslae .....	
❖ Verklaring van verantwoordelikheid deur die Direksie .....	55
❖ Sertifisering deur die Maatskappysekretaris .....	56
❖ Verslag van die Senwes Ouditkomitee .....	57
❖ Onafhanklike Ouditeursverslag .....	58
❖ Statutêre direkteursverslag .....	59
Finansiële verslae .....	
❖ Gekonsolideerde staat van finansiële posisie .....	61
❖ Gekonsolideerde staat van omvattende inkomste .....	62
❖ Gekonsolideerde staat van verandering in ekwiteit .....	63
❖ Gekonsolideerde staat van kontantvloei .....	64
❖ Aantekeninge tot die finansiële state .....	65
❖ Rekeningkundige beleid .....	98
Korporatiewe inligting .....	108

Die ikoon is 'n aanduiding van media-onderhoude of bykomende inligting wat beskikbaar is op Senwes se webwerf by [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)

## WAT ONS DOEN

Senwes is 'n toonaangewende geïntegreerde landboudienstebesigheid geposioneer in die graanwaardeketting tussen die plaashek en die verwerker.

Produksie-insette en kapitaalgoedere word verskaf aan hoofsaaklik die graanprodusent, waarna toegang tot die mark vir die klant se oesopbrengs bewerkstellig word. Ons finansierings- en logistieke dienste verskaf finansiële en landboukundige dienste wat waarde toekoeg vir kliënte.

Sake word hoofsaaklik in die Vrystaat, Noordwes, Gauteng en Noord-Kaap bedryf, asook internasionaal in die SAOG-streek.

Die groep het 'n geïntegreerde model wat die aflewering van sy primêre doel, naamlik om by te dra tot voedselveiligheid op 'n volhoubare basis te faciliteer. As inisieerde van nuwe denke en vennootskappe, word gepoog om aan die voorpunt van internasionalisering en diversifikasie van sy besigheidsmodel te staan. Senwes neem ook deel aan die internasionale verhandeling van koring, geelmanlies en oliesade in 'n strategiese vennootskap met die internasjonale agribesigheid en voedselmaatskappy, Bunge.

## SENWES AS BELEGGING

### 1. GROOTSTE SILOKAPASITEIT IN AFRIKA

Senwes ontplooи 4,6 miljoen ton silokapasiteit in SAOG waaruit sy klante bedien word.

### 2. VENNOOTSKAPPE MET SLEUTELVERSKAFFERS

Kernvennotskappe word gevorm met verskaffers in meganisasie, landbou-insette en finansiële dienste ten einde die voorkeurkanaal vir die verspreiding van goedere en dienste binne landbou te wees.

### 3. KLANTEVERHOUDELS VAN UITNEMENDHEID

Senwes ontplooи ook bewese menslike kapitaal, logistieke oplossings, infrastruktuur en bedryfskapitaal ten einde die klant, maar ook die afnemer van produkte, met uitnemendheid te diens.

### 4. VAARDIGHEDE BINNE LANDBOU

Beweegde en vaardige personeel met ondervinding, industrieleiers, mense met integriteit, gebalanseerde waardesisteme en suksesvolle prestasiegeskiedenis vorm die basis van ons menslike kapitaal en is verbind tot die Maatskappy se finansiële, sosiale en omgewingsdoelwitte. Senwes personeel aanvaar graag gesamentlike en afsonderlike eienaarskap van die besigheid en gee rekenskap aan belanghebbendes.

### 5. STRATEGIES GEFOKUS

Senwes fokus sy strategie op landbou en aanverwante bedrywighede en is op die voorgrond van die ontplooiing van sy 2020 strategie.

## DIE RESULTATE

'n Konstante **GESONDE OPBRENGS** op kapitaal.

**BO GEMIDDELDE** dividendopbrengste.

Sterk genereerde kontant met 'n **GEBALANSEERDE RATVERHOUDING**.

'n Gesonde klantebasis ondersteun deur 'n **GESONDE MARKAANDEEL**.

'n Visionêre landboumaatskappy **STRATEGIES GERAT VIR GROEI**.

# FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

## FINANSIËLE PRESTASIE

	2012	2011	
<b>73% Inkomste (R'm)</b>	<b>13 097</b>	<b>7 550</b>	Inkomste het met 73% toegeneem en word hoofsaaklik toegeskryf aan die stijging in kommoditeitspryse.
<b>21% Netto wins na belasting (R'm)</b>	<b>265</b>	<b>219</b>	Die Groep se wins het met 21% gegroei. Die insetkanaal het 'n buitengewone goeie jaar beleef veral ten opsigte van meganisasieverkope.
<b>14% Wesensverdienste per aandeel (sent)</b>	<b>132,8</b>	<b>116,2</b>	Wesensverdienste het in 2012 met 14% gestyg. Die stijging in wesensverdienste dra by tot volhoubaarheid.
<b>0,8% Opbrengs op openingsekwiteit</b>	<b>21,5%</b>	<b>20,7%</b>	Opbrengs op ekwiteit het verhoog tot 21,5%. Dit is in die boonste kwartiel van landboubesighede.

## BELEGGERSWAARDE

	2012	2011										
<b>2,3% Dividendopbrengs op gemiddelde markprys</b>	<b>6,3%</b>	<b>4,0%</b>	'n Dividend van 60 sent per aandeel is verklaar teenoor 35 sent in 2011.									
<b>Dividend en herinvestering</b>												
<p>R'm</p> <table border="1"> <thead> <tr> <th>Jaar</th> <th>Herinvestering (R'm)</th> <th>Dividend (R'm)</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>2012</td> <td>179</td> <td>126</td> </tr> <tr> <td>2011</td> <td>211</td> <td>45</td> </tr> </tbody> </table>				Jaar	Herinvestering (R'm)	Dividend (R'm)	2012	179	126	2011	211	45
Jaar	Herinvestering (R'm)	Dividend (R'm)										
2012	179	126										
2011	211	45										

Die groeistrategie van Senwes vereis volgehoue herinvestering


## RISIKOPROFIEL

	2012	2011	
<b>1,2% Eie kapitaal aangewend</b>	<b>40,8%</b>	<b>39,6%</b>	Die eiekapitaalverhouding verkeer steeds binne die kapitaalhandhawingsriglyne van tussen 35% en 45%.
<b>31% Rentedekking (keer)</b>	<b>5,4</b>	<b>4,1</b>	Laer rentekoerse en effektiewe balansstaatbestuur het tot die verbeterde rentedekkingverhouding bygedra. Die minimum gestelde vlak vir rentedekking is 3.

# OORSIG OOR BEDRYWE

## SENWES CREDIT EN UNIVISION

### ❖ STRUKTUUR



### ❖ ONS BESIGHEID

- ◆ Finansiering van landbougerigte insette
- ◆ Finansiering van vaste en roerende bates vir boerderydoleindes
- ◆ Finansiering van bemarkte graan d.m.v. 'n verskeidenheid produkte
- ◆ Verskaf landboukundige en tegniese dienste
- ◆ Verskaf verskeie doelgemaakte versekeringsprodukte aan produsente, klante en die algemene publiek
- ◆ Lewer makelaars- en administratiewe dienste


### ❖ ONS POSICIONERING

- ◆ Finansieringskakel tussen die landbouprodusent en Senwes se ander bedryfsaktiwiteite
- ◆ Finansieringskakel tussen die graanfner en Senwes Grainlink
- ◆ Adviseer die produsent rakende produksiepraktyke en totale insetbeplanning

### ❖ ONS BYDRAE TOT NORMALE BEDRYFSAKTIWITEITE

**13%**

### ❖ GEOGRAFIESE TEENWOORDIGHEID




### ❖ ONS STRATEGIESE DOELWIT

- ◆ Die daarstel van effektiewe en doelgemaakte finansieringsprodukte ten einde die produsent en die graanfner in staat te stel om sy besigheid optimaal te bestuur tot voordeel van alle belanghebbendes
- ◆ Om toegevoegde waarde versekeringsprodukte en -dienste aan Senwes se kernbedrywigheide te lever en besigheid op verskeie terreine te ondersteun

## SENWES VILLAGE

### ❖ STRUKTUUR




### ❖ ONS BESIGHEID

- ◆ Verskaffing van insetmiddelle aan die landbouprodusent
- ◆ Verskaffing van mekanisasie- en instandhoudingsdienste aan die landbouprodusent met betrekking tot landbutoerusting
- ◆ Verskaffing van 'n verskeidenheid van hardware en geriefsprodukte aan die algemene publiek

### ❖ ONS BYDRAE TOT NORMALE BEDRYFSAKTIWITEITE

42%

### ❖ GEOGRAFIESE TEENWOORDIGHEID




### ❖ ONS POSITIONERING

- ◆ Ontplooïng infrastruktuur, bemarkingstrukture en produkreeks ten einde die produsent te diens t.o.v. produksie-insette en mekanisasiebenodigdhede

## SENWES GRAINLINK

### ❖ STRUKTUUR



### ❖ ONS BESIGHEID

- ◆ Skep van marktoegang vir die graanprodusent
- ◆ Verkryging en verhandeling van graan
- ◆ Hantering en opberging van graan
- ◆ Logistieke dienste vir die verkryging en verspreiding van graan
- ◆ Internasionale bemarking

### ❖ ONS STRATEGIEESE DOELWIT

- ◆ 'n Geïntegreerde oplossing vir die produsent en graanafnemer om marktoegang en prysoplossings te bevorder


### ❖ ONS POSITIONERING

- ◆ Logistiek, hantering, opberging, verkryging verskansing en bemarking – geposisioneer tussen die plaashek en die graanafnemer

### ❖ ONS BYDRAE TOT NORMALE BEDRYFSAKTIWITEITE

**45%**

### ❖ GEOGRAFIEESE TEENWOORDIGHEID





Geen krag op aarde is so sterk as 'n  
goeie idee op die regte tyd. - VICTOR HUGO

AFDELING 1  
**KORPORATIEWE  
BEHEER**

- ❖ VOORSITTERSVERSLAG  
– 'N GEÏNTGREERDE OORSIG
- ❖ ONTMOET ONS DIREKSIE
- ❖ KORPORATIEWE BEHEERVERSLAG



## VOORSITTERSVERSLAG

– 'N GEÏNTEGREERDE OORSIG



“Teen huidige prysvlakke en gemeet teenoor die afgelope jaar se prestasie, behoort die Senwes aandeel aantreklik te wees vir nuwe beleggers.

”

**AAN** die einde van hierdie finansiële jaar kyk ek met erkentlikheid terug en sien telkens die Hemelse Vader se beskermende hand wat uitgestrek is oor Senwes, sy Direksie, sy personeel en sy klante. Sonder Sy genade en leiding sou ek nie vandag met soveel dankbaarheid elke hoogtepunt en laagtepunt van 2011/2012 kon herroep nie.

Die twaalf maande onder oorsig was vol opwinding en uitdagings en wil ek graag die volgende hoogtepunte uitlig:

- ❖ Senwes groepwins ten bedrae van R265 miljoen, ten spyte van vele mark- en sektoruitdagings.
- ❖ Die suksesvolle uitrol van die Bunge transaksie asook uitbreiding van die Afrika-model.

### KORPORATIEWE BEHEER

Senwes word bestuur asof dit 'n genoteerde maatskappy is en ons streef daarna om die aanbevelings van die King Verslag vir Korporatiewe Beheer vir Suid-Afrika 2009 (King III) in elke faset van ons besigheid te inkorporeer. Hierdie tweede geïntegreerde finansiële verslag bou dan voort op ons voorname om oor sleutel materiële elemente van sosiale, ekonomiese en omgewingsaspekte, uitdagings en inisiatiewe te rapporteer.

Vir die aandeelhouer is korporatiewe beheer en volhoubaarheid essensieel en wil die Direksie van Senwes u verseker dat die Groep se besigheid met integriteit en eerbaarheid bedryf word. Die regte mate van korporatiewe bestuurspraktyke en beleide word in elke divisie en op elke vlak van die besigheid uitgeleef. Eienaarskap is egter regdeur die maatskappy gevestig en personeel is bemagtig met voldoende mandate.

Die Senwes Uitvoerende Komitee se bestuurstyl van deelnemende en kollektiewe besluitneming en verantwoordelikheid word deur die

JAPIE GROBLER



## VOORSITTERSVERSLAG

'n Onderhoud met Japie Grobler oor sy loopbaan as voorstander van Senwes, is deur Moneyweb (RSG Geldsake) gedoen as deel van 'n hoër esjelon reeks. Dié radio- en video-opname is te sien by:  
<http://senwes.co/AR12-JapieGrobler-A>



Direksie asook personeel positief ervar en lei tot 'n kultuur van verantwoording, eienaarskap en kreatiewe oplossings. Personeel kry erkenning vir hulle insette en besef die belangrikheid van elke besluit wat deur hom/haar geneem word. Deur die uitrol van die "Sentrum van Uitnemendheid" het elke personeellid die geleentheid om by te dra tot innovasie deur die herontwerp van prosesse, produkte, dienste en denkwyses. Waardevolle terugvoering deur personeel word effektiief in huidige besigheidsprosesse geïntegreer en lei tot verminderde koste, nuwe produkte en waardevolle dienste vir die klant, aandeelhouer en die breër landbougemeenskap.

## STRATEGIE


As Senwes Raad is ons verantwoordelik vir die strategiese rigting van die Maatskappy en is ek trots om te kan sê dat elke direkteur nie net bekwaam is nie, maar ook opgewonde om ons "4-pilaar-10-jaarplan"-strategie te dryf tot realisasie.

Deur harde werk en deursettingsvermoë het Senwes se bestuurspan in die eerste twee jaar reeds 'n impak gemaak op die bereiking van belangrike mylpale met die suksesvolle uitrol van die Bunge transaksie, die gesamentlike onderneming met JD Implemente asook uitbreiding na Malawi, Mosambiek en Zambië.

## AANDEELHOUERSWELVAART

Op jaareinde het Senwes aandele op die oor-die-toonbank-verhandelingsmeganisme verhandel teen R9,00. Alhoewel laer as op 30 April 2011 (R10,20), verteenwoordig dit steeds 'n vyfjaar-groeikoers van 125% vir die aandeelhouer en saam met dividende uitbetaal verteenwoordig dit 'n waardeskepping van 209%. 'n Totale dividend van 70 sent per aandeel is vir die jaar uitbetaal.

**Waardeskepping en waarde-ontsluiting vir aandeelhouers deur kapitaal en dividende (sent/aandeel)**



Teen huidige prysvlakte en gemeet teenoor die afgelope jaar se prestasie, behoort die aandeel aantreklik te wees vir nuwe beleggers.

## DIREKTEURE

Dank aan my mededirecteure vir ondersteuning en leiding in die 2012 finansiële jaar. Deur uitnemende samewerking, diverse denke, doeltreffende beplanning en nugtere beredenering was ons 'n gedugte span. Ons het afskeid geneem van WH van Zyl, Jacob Mashike, Mpueleng

Pooe, Lucas Ndala asook Jesmane Boggenpoel. Die Raad is dankbaar vir julle jare van diens en bydrae tot Senwes se suksesverhaal en wens julle alles wat mooi is toe vir die pad vorentoe. Johan Alberts het gedurende die jaar uitgetree en is tydelik heraangestel. Johan, dank ook aan jou vir jou bereidwilligheid om Senwes verder te lei – jou bydrae is en bly van groot waarde. Ek verwelkom dan ook graag die nuwe directeure wat by ons aangesluit het, naamlik Zarina Bassa, Jaco Minnaar en Monwabisi Fandes. Ek sien uit na julle afsonderlike en gesamentlike bydrae; jul besonderse nuwe dinamika kon reeds in die afgelope termyn waargeneem word.

Om direkteur te wees van 'n maatskappy soos Senwes verg harde werk, goeie oordeel, vlymskerp intuisie, onafhanklikheid van gees, standvastigheid en bereidwilligheid om soms moeilike besluite te neem ter wille van die suksesvolle voortbestaan van ons besigheid. Raadsvergaderings word gekenmerk deur kernvlak-debatting en konstruktiewe bydraes deur alle lede en ons fokus bly op die beste verhouding tussen waardeskepping vir aandeelhouers en dienslewering vir ons klantebasis.

Senwes se Direksie bestaan tans uit ses nie-uitvoerende directeure, vyf onafhanklike nie-uitvoerende directeure asook twee uitvoerende directeure en ons as Direksie is van mening dat hierdie goeie balans gestalte gee aan die riglyne van King III en effektiewe bestuur.

Ek erken graag die verskillende komitees vir hulle werkzaamhede gedurende die jaar: die Ouditkomitee en Beleggingskomitee onder leiding van dr Steve Booyens, Risiko- en Volhoubaarsheidskomitee onder leiding van Nico Liebenberg, Vergoedingskomitee onder leiding van Danie Minnaar, Sosiale en Etiese Komitee onder leiding van Dries Kruger asook die bydrae van die Nominasiekomitee.

## VOLHOUBAARHEID

Vir ons beteken volhoubaarheid om meer na te laat vir ons kinders as wat aan ons gegee is en dit vorm die hoeksteen van Senwes se besigheid. Volhoubaarheid is daagliks op ons radar en word elke nuwe transaksie aan hierdie belangrike eienskap gemeet alvorens enige implementeringsbesluite geneem word. Nie meer word slegs die finansiële impak van 'n transaksie ontleed en beredeneer nie, maar ook die impak wat dit het op die gemeenskap, die omgewing, die volhoubaarheid van ons bronne, maar belangrik, ook die volhoubaarheid van Senwes se eie besigheid.

Die belangrikheid van voedselvoorsiening word elke dag duideliker en is ons dankbaar dat die regering ook ons produsente se bydrae tot 'n volhoubare Suid-Afrika erken. Senwes salueer dus elke produsent in Suid-Afrika, gevvestig asook opkomend. JY IS vir Suid-Afrika en sy mense belangrik!

Dit is met groot trots wat ek en die ander lede van die Direksie Senwes se gradeplegtigheid in Maart 2012 kon bywoon. Dit is 'n riem onder die hart om te sien dat Senwes in sy personeel investeer en hulle bemagtig in die bereiking van hul akademiese drome. Die impak van Senwes se ontwikkelings- en opleidingstrategie onder leiding van die Universiteite van Stellenbosch, Witwatersrand en die Vrystaat word reeds op elke vlak van die besigheid gesien en ervaar en tesame met ons betrokkenheid by die Noordwes-Universiteit lei dit tot 'n positiewe groei van ons talentpool en is ons opgewonde oor investering in ons personeel en leiers van die toekoms.



## VOLDOENING

Met die afhandeling van verskeie dispute in die algemeen is die Raad dankbaar dat fokus en tyd weer aan belangriker aspekte gegee kan word. Heelwat hulpbronne en tyd is hieraan spandeer en Senwes bedank die personeel wat hieraan verbonde was vir hul professionaliteit en toewyding.

Gedurende die jaar onder oorsig het ons afskeid geneem van Royal Bafokeng Holdings, ons SEB-vennoot wat 'n 17% aandeel in Senwes besit het. Hul aandele is deur Senwesbel oorgekoop, wat tans 'n 58,8% aandeel besit. Die toetreding van 'n nuwe swart bemagtigingsvennoot sal ter gelegeren tyd weer oorweeg word. Vir die huidige voldoen Senwes aan die nodige SEB-vereistes en is ons steeds 'n vlak-6 bydraer in terme van die SEB-gradering.

Goeie arbeidsverhoudinge word tans regdeur Senwes ervaar en ek glo dit is 'n uitvloei van Senwes se investering in sy personeel asook die besluit wat in 2010 geneem is rakende personeelontwikkeling, die bonusskema en 'n oopkanaalbestuurstyl. Elke werknemer is vir Senwes belangrik en word erken vir sy bydrae tot Senwes se volhoubare prestasies.

Die besluit om nie nou te noteer nie is op die 2011 Algemene Jaarvergadering bevestig. Dit beteken egter nie dat hierdie besluit dalk weer in die toekoms herondersoek moet word nie en bly dit steeds op die Raad se agenda.

## VOORUITSIGTE VIR 2013

Die internasionale asook nasionale omgewing wat ons besigheid beïnvloed, sal vir die afsienbare toekoms steeds stram bly en Senwes sal homself moet bemagtig en posisioneer om binne hierdie uitdagings doeltreffend en winsgewend te bly funksioneer.

Internasionaal is die nagevolge van die 2008/2009-finansiële krisis en die afswaai in ekonomiese aktiwiteite wêreldwyd steeds nie uitgewoed nie. Die druk waaronder verskeie wêreldekonomieë verkeer is kommerwekkend, maar die geskiedenis het gewys dat landboubesighede steeds goed kon presteer ten tye van resessiejare.

Nasionaal is 'n groot deel van die 2012 somerproduksie-oes deur droogte getref en laer graanvoorraadvlekke sal uitdagings van sy eie teweegbring. Dit kan egter ook groot geleenthede bied en Senwes moet op die voorvoet en kompetenterend bly.

## TEN SLOTE

Namens die Raad wil ek graag ons dank oordra aan ons klante, personeel, aandeelhouers, vennote, finansiers, verskaffers en die gemeenskap vir volgehoue ondersteuning, lojaliteit en vryheid. Senwes is goed geposisioneer vir toekomstige groei, maar sonder elkeen van hierdie hoekstene van ons besigheid, is sukses nie moontlik nie.

Ons glo dat Senwes 'n bydrae kan maak tot die land en ekonomie waarin ons opereer deur voort te bou op die huidige besigheidsmodel en geskoei op ons kernwaardes van lojaliteit, integriteit, besigheidsoriëntasie, aanspreklikheid, selfmotivering en innovasie. Hierdeur sal ons verseker dat ons 'n geadmireerde, suksesvolle en winsgewende besigheid is wat werk skep, belasting betaal, die gemeenskap sosiaal ontwikkel, voedsel voorsien vir die mense van ons land, respek verdien by ons mededingers en trots plaas in die harte van ons aandeelhouers.

Ek sluit graag af met die woorde van Brian Tracy – 'n bekende Amerikaanse televisiepersoonlikheid: "Diegene wat die vermoë ontwikkel om voortdurend nuwe en beter vorme van kennis te versamel, wat toegepas kan word in hul lewens en werk, sal die toekomstige 'mense wat dinge laat gebeur' in ons gemeenskap wees."

Mag Senwes deel wees van hierdie "mense wat dinge laat gebeur" van die toekoms, maar mag elkeen van u ook daagliks daarna streef om die nodige kennis te versamel om u drome vir die huidige en die toekoms te verwesenlik.

**JE Grobler**

26 Junie 2012

Klerksdorp

# ONTMOET ONS DIREKSIE

## JE (JAPIE) GROBLER (60) VOORSITTER

Direkteur sedert April 1997  
**Kwalifikasies:** B Juris LLB  
**Lidmaatskap van direksiekomitees:** Nominasie (Voorsitter), Ex officio toegang tot alle komitees  
**Ander toepaslike direkteurskappe:** Senwesbel Bpk, Agri Securitas (Voorsitter)

Mnr Grobler boer sedert 1977 in die Bothaville-distrik en het uitgebreide blootstelling aan landbou en besigheid. Hy het op verskeie komitees in georganiseerde landbou gedien as lid en voorsitter op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak, onder andere as ondervorsitter van die Vrystaat Landbou-unie, voorsitter van NAMPO, voorsitter van die SALU Nasionale Besigheidskamer en as president van Agri SA.

## F (FRANCOIS) STRYDOM (52) BESTURENDE DIREKTEUR

Aangestel in 2010  
**Kwalifikasies:** BSc Agric (Hons)(Veekunde)  
**Lidmaatskap van direksiekomitees:** Risiko- en Volhoubaarheid  
**Ander toepaslike direkteurskappe:** Direkteur van verskeie maatskappye in die Senwes Groep en ander verwante besighede

Mnr Strydom is op 6 Augustus 2010 in dié posisie aangestel. Voor dit het hy die pos van Direkteur: Bedryf sedert 2002 beklee. Hy het in 2001 by Senwes aangesluit en is as Besturende Direkteur gesekondeer na die voormalige Kolosus Beherend. Hy het sy loopbaan begin as Veekundige by Afgrí (voorheen OTK) en is bevorder tot die pos van Direkteur: Graan by Afgrí oor 'n periode van 13 jaar.

## JPL (JOHAN) ALBERTS (69)

Direkteur sedert November 2011 (het voorheen gedien vanaf Januarie 2001 tot Augustus 2011)

**Kwalifikasies:** SSAF, BCom (Ekon), STR, GR(SA)

**Lidmaatskap van direksiekomitees:** Audit

Mnr Alberts bedryf sy eie besigheid en boerderybelange sedert 1998. Gedurende sy loopbaan het hy as Hoof Uitvoerende Beample van Pretoria Metalpers (1972), die Krygkor Groep (1991) en Denel (Edms) Beperk (1992) gedien. Laasgenoemde posisie is tot 1997 deur hom beklee.

## Z (ZARINA) BASSA (48)

Direkteur sedert Junie 2011

**Kwalifikasies:** BCom (Rek), Hoër Diploma (Rekeningkunde), GR(SA)

**Lidmaatskap van direksiekomitees:**

Audit, Sosiale en Etiese

**Ander direkteurskappe:**

Finansiële Dienste Raad, Vodacom Bpk, Yebo Yethu Bpk, Kumba Iron Ore Bpk, Lewis Groep Bpk, Sun International Bpk, Woolworths Financial Services Bpk, Oceana Bpk, Universiteit van Stellenbosch

Me Bassa het uitgebreide ervaring as vorige uitvoerende direkteur van Absa en vennoot by Ernst & Young. Sy is huidiglik die Uitvoerende Voorsitter van Songhai Capital, 'n beleggingsmaatskappy met swart meerderheidseienaarskap en -beheer.

Die Direksie fokus deurlopend op die rig van die Groep ten einde die volhoubaarheid daarvan te verseker, terwyl dit 'n omgewing skep waar die

Maatskappy se langtermynstrategie afgelewer kan word.



### SF (STEVE) BOOYSEN (50)

Direktein sedert Oktober 2010

**Kwalifikasies:** DCom (Rek), GR(SA)

**Lidmaatskap van direksiekomitees:**

Oudit (Voorsitter), Belegging (Voorsitter), Sosiale en Etiese

**Ander direkteurskappe:**

Efficient Groep Bpk, Steinhoff Bpk, Clover Industries Bpk, Vukile Properties Bpk

Dr Booyens was die Hoof Uitvoerende Beampete van Absa Bank Bpk vir baie jare.



### JBH (JAMES) BOTHA (42)

Direktein sedert Oktober 2009

**Kwalifikasies:** BLCLLB en Dip (Belasting)

**Lidmaatskap van direksiekomitees:**

Vergoeding, Nominasie, Oudit, Sosiale en Etiese

Mnr Botha het as kommersiële en korporatiewe prokureur gepraktiseer vir 15 jaar voordat hy die korporatiewe wêreld betree het. Hy is tans 'n senior regadviseur by die Noordwes-Universiteit se Institusionele Kantoor.



### JAE (JANNIE) ELS (66)

Direktein sedert Oktober 2000

**Kwalifikasies:** Landboudiploma

**Lidmaatskap van direksiekomitees:**

Risiko- en Volhoubaarheid

**Ander toepaslike direkteurskappe:**

Senwesbel Bpk

Mnr Els het uitgebreide boerderybelange in die Bothaville- en Heilbron-area en was oor die jare intens betrokke by landboubesighede. Hy was 'n lid van die dagbestuur van die Vrystaat Landbou-unie vir 'n aantal jare.



### MP (MONWABISI) FANDESO (54)

Direktein sedert Maart 2012

**Kwalifikasies:** BSc(Hons) Meganiese Ingenieurswese, MBA

**Lidmaatskap van direksiekomitees:**

Risiko- en Volhoubaarheid

**Ander direkteurskappe:** SAB Bpk, Santam Bpk

Mnr Fadeso het sy loopbaan as ingenieur begin by Anglo American/De Beers, waarna hy by verskeie nasionale en internasionale maatskappye gewerk het as onder ander produksiestuurder, strategiese beplanningsbestuurder, produksiestuurder en groep bedryfsbestuurder. Hy was die Hoof Bedryfsbestuurder van New Age Beverages in Johannesburg en was lank betrokke by die broueryreus, SAB. Hy was ook voorheen gesekondeer as die Besturende Direkteur en Hoof Uitvoerende Beampete van die Land Bank. Mnr Fadeso was die Voorsitter van Shell SA.



### AJ (DRIES) KRUGER (60)

Direktein sedert Oktober 2007

**Kwalifikasies:** BCompt(Hons), GR(SA)

**Lidmaatskap van direksiekomitees:**

Sosiale en Etiese (Voorsitter), Oudit,

Risiko- en Volhoubaarheid

**Ander toepaslike direkteurskappe:**

Senwesbel Bpk

Mnr Kruger is 'n geregistreerde ouditeur en rekenmeester, wat sedert 1976 in Kroonstad praktiseer. Hy boer sedert 2005 op 'n deeltydse basis saam met sy seun in die Senekal-distrik. Hy het as raadslid en as burgemeester van die Stadsraad van Kroonstad gedien en was ook 'n trustee van die Vrystaat Municipale Pensioenfonds. Hy is ook 'n trustee van die pensioenfonds van die Gereformeerde Kerke van SA.



BELEGGINGSKOMITEE



OUDITKOMITEE



NOMINASIEKOMITEE



VERGOEDINGSKOMITEE



RISIKO- EN VOLHOUBAARHEIDSKOMITEE



SOSIALE EN ETIESE KOMITEE



## ONTMOET ONS DIREKSIE



**CF (CORNÉ) KRUGER (39)**  
FINANSIELLE DIREKTEUR

Aangestel in 2010

**Kwalifikasies:** BCom(Hons), GR(SA)

**Lidmaatskap van direksiekomitees:**

Risiko- en Volhoubaarheid

**Ander toepaslike direkteurskappe:** Direkteur van verskeie maatskappye in die Senwes Groep en ander verwante besighede

Mnr Kruger is as Finansiële Direkteur aangestel op 26 Augustus 2010. Hy het in 1999 aangesluit by Senwes en verskeie posisies beklee alvorens hy aangestel is as Finansiële Direkteur. Hy het sy loopbaan by PWC as ouditeur begin.



**NDP (NICO) LIEBENBERG (42)**

Direkteur sedert Augustus 2008

**Kwalifikasies:** BCom(Hons),

M. Volhoubare Landbou

**Lidmaatskap van direksiekomitees:** Risiko-

en Volhoubaarheid (Voorsitter), Oudit, Nominasie,

Belegging, en Sosiale en Etiese

**Ander toepaslike direkteurskappe:** Senwesbel Bpk (Voorsitter)

Senwesbel Bpk

Mnr Liebenberg boer sedert 1991 in die Bothaville-distrik. Hy het 'n gediversifiseerde boerderybedryf gevestig en is, inter alia, een van die wesenlike verskaffers van groente aan 'n bekende kleinhandelsgroep.



**JDM (DANIE) MINNAAR (47)**  
ONDERVOORSITTER

Direkteur sedert September 1999

**Kwalifikasies:** BCom

**Lidmaatskap van direksiekomitees:**

Vergoeding (Voorsitter), Oudit, Nominasie,

Belegging, en Sosiale en Etiese

**Ander toepaslike direkteurskappe:**

Senwesbel Bpk (Voorsitter)

Mnr Minnaar boer sedert 1988 in die Kroonstad-distrik en is vir baie jare reeds deel van die landbousektor. Hy is 'n voormalige voorstander van die Vrystaat Landbou-unie Jongboerkomitee en was ook betrokke by die implementering en bevordering van graanbemarking op Safex.



**JJ (JACO) MINNAAR (36)**

Direkteur sedert Augustus 2011

**Kwalifikasies:** Blng (Landbou)

**Lidmaatskap van direksiekomitees:**

Risiko- en Volhoubaarheid

**Ander toepaslike direkteurskappe:** Senwesbel Bpk

Mnr Minnaar is al sedert 2000 betrokke by verskeie georganiseerde landboubestuurstrukture, wat insluit verskeie beleidskomitees van Agri SA. Hy dien al sedert 2004 op die Uitvoerende Komitee van Vrystaat Landbou en vir die afgelopen vier jaar is hy ook deel van Graan Suid-Afrika se besturspan en is ook 'n lid van onderskeidelik die Ouditkomitee en die Uitvoerende Komitee van Graan Suid-Afrika.



**EM (ELMARIE) JOYNT (42)**  
MAATSKAPPYSEKRETARIS

Aangestel in 2002

**Kwalifikasies:** BCom (Regte), LLB, FCIS,


FCIBM, Prokureur en Notaris van die Hoër Hof

Me Joynt het haar loopbaan as ekonomist by die Registrateur van Koöperasies begin, waarna sy as kommersiële prokureur gepraktiseer het. Sy het ook die pos van groep maatskappysekretaris enregsadviseur by verskeie ondernemings in die landbou- en finansiële sektor beklee voordat sy in 2002 by Senwes aangesluit het.





# KORPORATIEWE BEHEER- VERSLAG



“

Die Direksie is verbind tot die korporatiewe beste praktyke soos vervat in die King Verslae oor Korporatiewe Beheer (King II & III) en neem dit deurlopend in ag in elke vlak van besluitneming.

”

## KORPORATIEWE BEHEERASPEKTE

**DIE** jaar onder oorsig was gekenmerk deur Senwes se fokus om sy strategie ten opsigte van groei en diversifikasie na te streef. Die verskillende groei-aktiwiteite het baie aandag en tyd van bestuur geverg maar Senwes het daarin geslaag om weer goeie resultate te lewer.

Die Direksie is verbind tot die korporatiewe beste praktyke soos vervat in die King Verslae oor Korporatiewe Beheer (King II & III) en neem dit deurlopend in ag in elke vlak van besluitneming.

## DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Die Direksie fokus konstant op die rig van die Groep ten einde die volhoubaarheid daarvan te verseker, terwyl dit 'n omgewing skep waarin die Maatskappy se langtermynstrategie aangelewer kan word.

Gedurende die jaar onder oorsig het Royal Bafokeng Agri Investments (Edms) Bpk ("Royal Bafokeng") uit hul belegging in Senwes getree. Voormalde het tot gevolg gehad dat mnr Mpueleng Pooe (en gevolelik ook sy alternatief, mnr Lucas Ndala) die Direksie verlaat het. Die ander aandeelhoudersblok in die Royal Bafokeng Konsortium was nie meer geregtig op verteenwoordiging nie en mnr Mashike het die Direksie ook verlaat.

Senwesbel Bpk het die Royal Bafokeng se totale belang in Senwes verkry en is nou alleen in beheer van die Maatskappy. Die streefe om die Maatskappy ingevolge goeie korporatiewe beheerpraktyke te bestuur, geld steeds en alhoewel die Direksie, wat bestaan uit 13 direkteure, nie bestaan uit 'n meerderheid onafhanklike nie-uitvoerende direkteure nie, is die mening dat dit juis die aandeelhoudersverteenvoerders op

die Direksie is wat in 'n uitstekende posisie is om die Maatskappy tot sy uitsluitlike voordeel in die toekoms te rig. Die vyf onafhanklike nie-uitvoerende direkteure skep goeie balans en dinamika in die Direksie en speel soos alle direkteure op Raad van Direkteure, 'n wesenlike rol in die leierskap van die Senwes Groep.

Die Voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur wat jaarliks deur die Direksie aangewys word. Die rolle van die Voorsitter en Besturende Direkteur is geskei.

Gedurende die jaar onder oorsig het die volgende veranderinge plaasgevind:

- ❖ Me Jesmane Boggapool het effektiel vanaf 17 Junie 2011 uit die Direksie bedank, nadat sy 'n geleentheid gebied is om in die buiteland te studeer.
- ❖ Mnr Pooe en Ndala bedank uit die Direksie op 9 September 2011 en Mnr Mashike verlaat die Direksie op 4 November 2011;
- ❖ Mnr Johan Alberts, 'n welbekende en ervare direkteur en voorheen geruime tyd by die Maatskappy betrokke, sluit weer by die Direksie aan en vul die tussentydse vakature gelaat deur die vertrek van mnr Mashike vanaf 7 November 2011.
- ❖ Me Zarina Bassa is op 22 Junie 2011 as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aangestel;
- ❖ Mnr Jaco Minnaar is as direkteur verkies op 26 Augustus 2011; en
- ❖ Mnr Monwabisi Fandesu sluit ook aldus aan by die Direksie vanaf 7 Maart 2012.

In terme van die Statute van die Maatskappy is die dienstermyne van nie-uitvoerende direkteure drie jaar, waarna hulle moet uittree by wyse van rotasie. Uittredende direkteure kan herkies word.

## MAGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die samestelling van die Direksie maak voorsiening vir toepaslike en effektiwe besluitneming, wat verseker dat geen individue onbehoorlike invloed daaroor kan uitoeft nie. Die aktiwiteite van die Direksie word gerig deur die bepalings van die Statute en die Handves van die Direksie.

Die primêre verantwoordelikhede en magte van die Direksie is soos volg:

- ❖ Die goedkeuring van strategie en begrotings ten einde te verseker dat die strategie geïmplementeer word;
- ❖ Die aanstelling van uitvoerende direkteure en die monitering van die prestasie van uitvoerende direkteure;
- ❖ Die trustee van die waardes en etiese beginsels van die Maatskappy;
- ❖ Effektiwe beheer oor die Groep;

- ❖ Bestuur van belanghebbendes;
- ❖ Nougesette risikobestuur en aandag aan volhoubaarheidsaspekte;
- ❖ Die oorweging van belangrike finansiële en nie-finansiële aspekte, soos korporatiewe en sosiale verantwoordelikhede en transformasie.

Die verantwoordelikhede en funksionering van die Direksie word vervat in die Direksiehandves. Die Handves spreek ook 'n reeks ander aspekte aan, soos etiese gedrag en die reg van 'n direkteur om professionele advies te bekom met betrekking tot alle aspekte wat op die Maatskappy betrekking het, op die koste van die Maatskappy. Toepaslike gedelegeerde magte en sake gereserveer vir die Direksie is ook in plek.

## RISIKO- EN VOLHOUBAARHEIDSASPEKTE OP DIREKSIEVLAK

Die volhoubaarheid van die Maatskappy oor die lang termyn bly die belangrikste aspek en die Direksie het derhalwe 'n tienjaar-strategie aanvaar. Die strategie bestaan uit verskeie pilare, wat sal verseker dat die Maatskappy groei en volhoubaar sal wees en relevant sal bly in 'n uiters dinamiese en hoogs kompeterende, ingeligte globale besigheidsomgewing. Terwyl hierdie doelwitte nagestreef word, werk die Direksie en bestuur saam binne die parameters van 'n gedissiplineerde en spesifieke interne beheeromgewing, IT-beheerraamwerk en nakomingstruktuur, wat verseker dat die Direksie die Maatskappy as lopende saak kan laat voortbestaan.

## NAKOMING VAN WETGEWING

Die Direksie neem totale verantwoordelikhed vir nakoming van alle toepaslike wetgewing en regulatoriese vereistes. Dit word gerapporteer via die interne Nakomingskomitee en dan na die Risiko-en Volhoubaarheidskomitee sowel as die Ouditkomitee.

Die uitgebreide nakomingstruktuur wat gevestig is onder die beheer van die Maatskappye Sekretaris gee deurlopend aandag aan die kritiese wetgewende risiko-areas as deel van die gevestigde risikobestuursproses. Deurlopende bewusmaking, opleiding en skakeling tussen die afdelings rakende nakoming vind plaas en word gerusstelling aan die Direksie via die komiteestrukture voorsien.

## IT-BEHEER

Die Direksie verseker die aktiewe bestuur van die IT-beheerraamwerk deur 'n span IT-bestuurslede en spesialiste as 'n integrale deel van die risikobestuursraamwerk, wat rapporteer aan onder andere die IT-stuurkomitee. Die strategie en prestasie van Senwes is belyn en afhanglik van hierdie ten volle ingeburgerde en geïntegreerde strukture en stelsels. Uitgebreide besigheids- en IT-ramphertelprosesse is reeds gevestig. Eksterne audit fokus jaarliks op die IT-omgewing as deel van die jaareindoudit.

## LOPENDE SAAK

Die Direksie het die feite en aannames wat as basis gebruik is ten einde te bepaal of die besigheid vir die nuwe finansiële jaar sal voortbestaan as 'n lopende saak, oorweeg en geboekstaaf. Van die belangrikste faktore en aannames waarop die Direksie sy gevolgtrekking baseer sluit onder andere in die winsgewendheid van die groep, kapitaalstruktuur, voldoende finansieringsfasilitate, geografiese verspreiding, oesvooruitsigte, oordragvoorraad, markte, verskaffers, klante, kredietverlening, litigasie, wetgewende nakoming, databasekureit en -herstel, IT-besigheidskontinuïteit en ander sosiale verantwoordelikhedsfaktore.

## VERSTERKING VAN PRODUSENTE AANDEELHOUERSBLOK

Gedurende die jaar onder oorsig het Senwesbel die aandele in Senwes van Royal Bafokeng verkry nadat dit die voorkoopsregte wat beding is in die aandeelhouersooreenkoms gevolg het. Senwesbel beskik tans oor 58,8% van die aandele in Senwes. As sterk leidende blok is voormelde se fokus op die belang van die Maatskappy, sy voortbestaan en die kritiese verhouding met die produsent en dié se eie volhoubaarheid en welstand.

## BYWONING VAN DIREKSIE- EN KOMITEEVERGADERINGS

Die Direksie vergader gereeld en ses direksievergaderings is gedurende die jaar onder oorsig gehou, waarvan die meeste volle bywoning geniet het. Besonderhede in die verband is soos volg:



NAAM VAN DIREKTEUR	DIREKSIE	OUDIT-KOMITEE	RISIKO- EN VOLHOUBAARHEIDS-KOMITEE	VERGOEDINGS-KOMITEE	NOMINASIE-KOMITEE	BELEGGINGS-KOMITEE	SOSIALE EN ETIESE KOMITEE
AANTAL VERGADERINGS	6**	3	4**	5**	2	2	0
<b>NIE UITVOEREND</b>							
JE Grobler (Voorsitter)	6/6	-	-	-	2/2	-	-
JDM Minnaar (Ondervoorsitter)	6/6	3/3	-	5/5	2/2	2/2	-
JPL Alberts*	4/4	1/1	-	-	-	-	-
Z Bassa*	4/5	2/2	-	-	-	-	-
JA Boggenpoel *(bedank 17/06/2011)	-	-	-	-	-	-	-
SF Booysen	5/6	3/3	-	-		2/2	
JBH Botha	6/6	2/2	-	4/5	2/2	-	-
JAE Els	6/6	-	4/4	-	-	-	-
MP Fandesos*(nuut)	-	-	-	-	-	-	-
AJ Kruger	6/6	3/3	2/2	1/1	-	-	-
NDP Liebenberg	6/6	-	4/4	5/5	-	-	-
J Mashike*	3/4	-	-	-	1/1	-	-
JJ Minnaar*	4/5	-	2/2	-	-	-	-
M Pooe*	3/3	-	-	1/1	2/2	0/1	-
WH van Zyl*	1/1	-	2/2	-	2/2	-	-
<b>UITVOEREND</b>							
F Strydom	6/6	-	4/4	-	-	-	-
CF Kruger	6/6	-	4/4	-	-	-	-

(\* Nie lid van die Direksie/komitee vir 'n volle jaar) (\*\* Sluit strategiese sessies en werkswinkels in)

### ONAFHANKLIKHEID VAN DIREKTEURE

Die Direksie verwag onafhanklike optrede van al sy lede. Die nie-uitvoerende direkteure demonstreer onafhanklikheid van karakter, oordeel en optrede in die uitvoering van hul pligte.

Nie-uitvoerende lede van die direksie het direkte en indirekte belang in die Maatskappy, waarvan die besonderhede aangedui word in die tabel op bladsy 14. Die Direksie is bedag hierop sowel as op die

potensiële konflik van belang wat hieruit mag voortspruit. 'n Beleid van gereeld verklaring van belang en uitsluiting uit besprekings waarby 'n direkteur 'n belang mag hê, word gevvolg ten einde enige sodanige konflikte te vermy.

Die register van belang in kontrakte van direkteure en ander direkteurskappe is beskikbaar ter insae.



**BESONDERHEDE VAN DIREKTEURSBELANGE IN DIE MAATSKAPPY SOOS OP 30 APRIL 2012:**

NAAM	2012		2011					
	DIREK	INDIREK*	DIREK	INDIREK*				
AANDELE	%	AANDELE	%	AANDELE	%			
<b>NIE-UITVOEREND</b>								
JPL Alberts	5 595	0,00%	443 146	0,25%	-	0,00%	220 891	0,12%
Z Bassa	-	0,00%	-	0,00%	-	0,00%	-	0,00%
SF Booysen	-	0,00%	-	0,00%	-	0,00%	-	0,00%
JBH Botha	-	0,00%	-	0,00%	-	0,00%	-	0,00%
JAE Els	3 003	0,00%	1 772 586	0,98%	1 345	0,00%	1 115 609	0,62%
JE Grobler	-	0,00%	9 256 259	5,12%	-	0,00%	5 573 096	3,08%
AJ Kruger	132 386	0,07%	733 077	0,41%	132 386	0,07%	486 399	0,27%
NDP Liebenberg	-	0,00%	886 292	0,49%	-	0,00%	614 813	0,34%
JDM Minnaar	-	0,00%	8 862 923	4,90%	-	0,00%	5 236 200	2,90%
JJ Minnaar	-	0,00%	3 622 238	2,00%	-	0,00%	-	0,00%
<b>BEDANK:</b>								
J Mashike (Treacle Private Equity (Pty) Ltd)	-	0,00%	-	0,00%	-	0,00%	903 027	0,50%
WH van Zyl	-	0,00%	-	0,00%	400 000	0,22%	5 190 932	2,87%
<b>UITVOEREND</b>								
F Strydom	-	0,00%	953 154	0,53%	-	0,00%	397 634	0,22%
CF Kruger	31 570	0,02%	-	0,00%	21 570	0,01%	-	0,00%
Subtotaal van direkteure	172 554	0,09%	26 529 675	14,68%	555 301	0,30%	19 738 601	10,92%
Nie-direkteure	180 616 754	99,91%			180 234 007	99,70%		
<b>TOTAAL</b>	<b>180 789 308</b>	<b>100,00%</b>			<b>180 789 308</b>	<b>100,00%</b>		

\* Indirekte belang is gebaseer op die persentasie van die entiteit se aandeelhouding in Senwes vermenigvuldig met die persentasie belang gehou deur die individu.

Die Direksie pas 'n gedragkode toe ten opsigte van die verhandeling van aandele in die Groep, wat die verhandeling van aandele deur direksielede en senior bestuurslede reguleer. Hierdie Kode reguleer periodes waartydens pryssensitiewe inligting van toepassing mag

wees in die Groep en die Maatskappye sekretaris, toesighouer van die Kode, monitor verhandeling noukeurig. Die oop en geslotte tye vir die verhandeling van aandele vir die afgelope jaar was soos volg:

DATUM	STATUS	REDE
31 Maart 2011	Gesluit	Voorbereiding van finansiële jaarstate
2 Augustus 2011	Gesluit	Moontlike verkryging van belang in Moorreesburgse Koringboere (Edms) Bpk ("MKB")
30 September 2011	Gesluit	Voorbereiding van tussentydse resultate
21 Februarie 2012	Oop	Trek oomsigtigheid terug op MKB (Graanboere Groep Beperk)
5 Maart 2012	Gesluit	Oorweging tussentydse interim dividend
9 Maart 2012	Oop	Kondig 2 <sup>de</sup> tussentydse dividend aan en publiseer Handelsbywerking van Resultate



Sekere direkteure, as aktiewe klante, bedryf besigheid met die Maatskappy op 'n armelengtebasis as deel van Senwes se normale besigheidsaktiwiteite. Senwes Credit verskaf ook krediet aan sekere van hierdie nie-uitvoerende direkteure in terme van die normale besigheidsvoering van die Maatskappy.

Sodanige transaksies word op 'n deurlopende basis geëvalueer ten einde te verseker dat daar aan die Maatskappy se beleide voldoen word op bedryfsvlak.

#### PRESTASIE-EVALUERING VAN DIE DIREKSIE

Die Direksie evalueer deurlopend sy eie prestasie sowel as die prestasie van die Voorsitter en subkomitees. Individuele evaluering van direkteure word deur die Voorsitter gedoen en aspekte ten opsigte daarvan word onmiddellik hanteer. Sodaanige evaluasieproses het weer 'n aanvang geneem gedurende April 2012.

## KOMITEES

### FUNKSIES EN MANDATE

Die Direksie het 'n aantal komitees gevestig om effektiewe besluitneming te faciliteer en om die Direksie by te staan in die uitvoering van sy pligte en magte. Die komitees funksioneer op 'n deursigtige basis en rapporteer gereeld aan die Direksie. Die magte en uitvoering van die verantwoordelikhede van elke komitee word gereël deur formeel geskreve mandate, wat jaarliks deur die Direksie goedgekeur word.

Die direksiekomitees is soos volg:

- ❖ Ouditkomitee;
- ❖ Vergoedingskomitee;
- ❖ Risiko- en Volhoubaarheidskomitee;
- ❖ Sosiale en Etiese Komitee;
- ❖ Nominasiekomitee; en
- ❖ Beleggingskomitee.

Die Direksie bevestig dat dit oorhoofs verantwoordelik is teenoor die aandeelhouders vir die prestasie van die besigheid en dat die gebruik van die gedelegeerde magte aan direksiekomitees, nie die Direksie op enige wyse van sy pligte en verantwoordelikhede kwytsteld nie.

Die komitees word jaarliks gekonstitueer en lede van die komitees en die voorsitters van die komitees word ook jaarliks deur die Direksie verkies.

- ❖ Die jaarlikse eksterne auditbeplanning en begroting te aanvaar;
- ❖ Die integriteit van bestuursinligting, die jaarlikse audit, die interne auditprogram en die interne kontrolestelsel te beoordeel;
- ❖ Te verseker dat die rolle van interne en eksterne audit op 'n gepaste wyse gedefinieer en geskei is;
- ❖ Monitering van nakoming van toepaslike wetgewing en regulatoriese aspekte;
- ❖ Evaluering van die geïntegreerde verslae en IT-beheerraamwerk;
- ❖ Evaluering van die prosesse om bedrog en ongerymdhede te rapporteer;
- ❖ Evaluering van kapitaalinstandhoudings- en dividendbeleid;
- ❖ Verseker behoorlike openbaarmaking, kommunikasie met belanghebbendes en rapportering;
- ❖ Oorweeg belastingaspekte en -risiko's; en
- ❖ Oorweeg die lopendesaakbeginsel en maak aanbevelings aan die Direksie.

Die komitee het alle pligte soos hierbo aangedui, uitgevoer.

Die interne en eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die Voorsitter van die komitee. Interne Oudit lever verslag oor die dag-to-dag-aangeleenthede aan die Besturende Direkteur.

Die Voorsitter van die komitee en die eksterne ouditeure woon die algemene jaarvergadering by om enige vrae oor die Maatskappy se finansiële sake en jaarstate te beantwoord.

Die komitee is tevrede dat die 2012 audit wat deur die eksterne ouditeure gedoen is, onafhanklik was en stem saam met die auditverslag. Die verslag van die Ouditkomitee vorm deel van die finansiële state op bladsy 57.



**STEVE BOOYSEN**

VOORSITTER: OUDITKOMITEE

### OUDITKOMITEE

Verslag voorberei deur die  
VOORSITTER, STEVE BOOYSEN

### SAMESTELLING

Die Ouditkomitee bestaan uit vyf nie-uitvoerende direkteure, waarvan drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is, wat die Voorsitter insluit. Die komitee is verkies by die 2011 algemene jaarvergadering inlyn met die voorskrifte van die Maatskappwyet, 2008.

Die uitvoerende en senior bestuur wat by die finansiële sake van die Maatskappy betrokke is, woon ook vergaderings by maar het nie stemreg nie. Die komitee het drie keer gedurende die jaar vergader.

### MANDAAT EN VERANTWOORDELIKHEDE

In terme van sy mandaat word die volgende, inter alia, van die komitee vereis:

- ❖ Om aanbevelings oor die aanstelling van eksterne ouditeure en hul fooie te maak;
- ❖ Om die onafhanklikheid en effektiwiteit van die eksterne ouditeure te evaluer en enige nie-auditverwante werk deur sodanige ouditeure te oorweeg en te bepaal of die levering van sodanige dienste hul onafhanklikheid wesenslik sal beïnvloed;
- ❖ Om die tussentydse en jaarlikse finansiële state van die Groep, die Maatskappy en sy filiale te beoordeel;
- ❖ Om te verseker dat die finansiële state in ooreenstemming met toepaslike rekeningkundige beleide en internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde opgestel word;
- ❖ Om die rekeningkundige beleide en procedures wat deur Senwes aanvaar is en enige wysigings daarvan te oorweeg;

### SAMESTELLING

Die Vergoedingskomitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure. Die Besturende Direkteur, die Hoofbestuurder: Korporatiewe Dienste en die Assistent Hoofbestuurder: Menslike Hulpbronne woon alle vergaderings by. Die Uitvoerende Bestuur word egter verskoon tydens die bepaling van hul vergoeding. Die komitee het vyf keer gedurende die jaar onder oorsig vergader en verskeie werkswinkels gehou oor die vergoedingsfilosofie en toepaslike voorstelle daaromtrent.

### MANDAAT

Die komitee is verantwoordelik vir die volgende:

- ❖ Bepaling en handhawing van die vergoedingsfilosofie van die Maatskappy;
- ❖ Goedkeuring en handhawing van toepaslike menslike hulpbron- en vergoedingsbeleide;

- ❖ Opvolgbeplanning van sleutelbestuur en gerusstelling dat die opvolgbeplanning vir die volgende vlak van bestuur in plek is;
- ❖ Monitering van die implementering van relevante arbeidswetgewing;
- ❖ Monitering van transformasiebeleide in terme van gelyke dienstneming en rapportering aan die Departement van Arbeid;
- ❖ Aanbevelings met betrekking tot die vergoeding van nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure aan die Direksie;
- ❖ Ontwerp en aanbeveling van markverwante kort- en langtermynaansporingskemas en die monitering van die reëls van die skemas;
- ❖ Goedkeuring van jaarlikse mandate vir salarisverhogings; en
- ❖ Goedkeuring en aanbeveling na die Direksie van jaarlikse bonusbetalings in terme van bestaande, vooraf goedgekeurde aansporingskemas.

Dit is die Maatskappy se benadering om vergoedingsvlakte daar te stel wat die toepaslike kaliber direkteure en personeel aantrek, behou en motiveer.

#### **UITVOERENDE DIREKTEURE**

Die dienskontrakte van die uitvoerende direkteure is normaalweg vir 'n vaste termyn van drie jaar. Die kontrakte van die Besturende Direkteur en Finansiële Direkteur verval onderskeidelik aan die einde van Julie en Augustus 2013.

#### **VERGOEDING VAN DIREKTEURE**

Die komitee doen ook aanbevelings aan die Direksie met betrekking tot die vlak van nie-uitvoerende direkteursvergoeding. Nie-uitvoerende direkteure word vergoed vir lidmaatskap van die Direksie en aangewese komitees.

Die vergoedingsvlakte reflektere die grootte en kompleksiteit van die Maatskappy, sowel as die tyd bestee aan die sake van die Maatskappy. Welbekende tendense en vergoedingsopnames word

in ag geneem tydens die bepaling van direkteursvergoeding. Die elemente van nie-uitvoerende direkteursvergoeding is:

- ❖ 'n Basiese jaarfooi verdeel in 'n maandeliks betaalbare retensiebedrag en verder per vergadering bygewoon;
- ❖ 'n Fooi as lid van 'n direksiekomitee;
- ❖ Reis- en werklike uitgawes.

Die vergoeding van die direkteure vir die jaar onder oorsig word in die tabel hieronder aangedui. Die vergoeding vir 2013 soos voorgestel aan die aandeelhouers, vorm deel van die kennisgewing aan aandeelhouers. Verdere verduideliking met betrekking tot die Maatskappy se vergoedingsfilosofie en-praktyke is vervat in die vergoedingsverslag elders op hierdie bladsy.

Uitvoerende direkteure word dienooreenkomsdig vergoed, met addisionele kort- en langtermynaansporingskemas wat deur die Direksie oorweeg en goedgekeur word, gebaseer op die behailing van voorafgestelde jaarlikse prestasiedoelwitte. Gedurende die jaar onder oorsig het die komitee spesifiek gekonsulteer met eksterne konsultante oor die bonusskemas en nie-uitvoerende direkteure se vergoeding. Daar is bevind dat hierdie aspekte belyn is met markpraktyke en in sekere gevalle toepaslik konserwatief is. Oorweging word geskenk aan wysigings van die skema na 'n werklike aandeleeskema vir die uitvoerende bestuur.

Die voorsitter van die komitee woon die algemene jaarvergadering by ten einde enige navrae oor die aspekte wat deur die komitee hanteer word, te beantwoord.



**DANIE MINNAAR**

VOORSITTER: VERGOEDINGSKOMITEE

#### **VERGOEDING BETAAL VIR DIE JAAR ONDER OORSIG WAS AS VOLG:**

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE		DATUM	TOTAAL	VERGOEDING	REIS- EN AKKOMMODASIE-UITGawe	KOMITEES
JE Grobler			<b>R575 256</b>	R321 516	R44 440	R209 300
JDM Minnaar			<b>R475 315</b>	R225 196	R43 669	R206 450
JPL Alberts	Uitgetree Weer aangestel	26/08/2011 07/11/2011	<b>R156 938</b>	R109 317	R12 521	R35 100
Z Bassa	Nuut	22/06/2011	<b>R197 268</b>	R117 329	R12 139	R67 800
JA Boggenpoel	Bedank	17/06/2011	<b>R33 483</b>	R19 726	R2 057	R11 700
SF Booysen			<b>R307 021</b>	R154 317	R24 004	R128 700
JBH Botha			<b>R324 604</b>	R154 317	R11 587	R158 700
JAE Els			<b>R224 498</b>	R154 317	R21 581	R48 600
MP Fandoso	Nuut	07/03/2012	<b>R16 699</b>	R15 000	R1 699	-
AJ Kruger			<b>R264 469</b>	R154 317	R19 852	R90 300
NDP Liebenberg			<b>R297 352</b>	R154 317	R19 935	R123 100
J Mashike	Tree uit	04/11/2011	<b>R111 873</b>	R79 317	R9 156	R23 400
J Minnaar	Nuut	26/08/2011	<b>R121 808</b>	R90 000	R6 608	R25 200
M Pooe	Bedank	09/09/2011	<b>R56 544</b>	R48 431	R8 113	-
WH v Zyl	Tree uit	26/08/2011	<b>R103 259</b>	R49 317	R7 142	R46 800
			<b>R3 266 387</b>	R1 846 734	R244 503	R1 175 150

UITVOERENDE DIREKTEURE	TOTAAL	VERGOEDING EN REISUITGawe	PRESTASIE-AANSPORING EN BONUSSE	STATUTÈRE KOSTE
F Strydom	<b>R6 572 352</b>	R3 024 382	R3 478 578	R69 392
CF Kruger	<b>R2 718 343</b>	R2 045 355	R645 284	R27 704



## RISIKO- EN VOLHOUBAARHEIDSKOMITEE

### Verslag voorberei deur die VOORSITTER, NICO LIEBENBERG

#### SAMESTELLING

Die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee bestaan uit vyf nie-uitvoerende direkteure en twee uitvoerende direkteure. Vier vergaderings is gedurende die jaar gehou. Die uitvoerende direkteure asook personeel op bedryfsvlak en die groep risikobestuurder woon ook die komiteevergaderings by en neem ten volle deel aan die kritiese risikobestuursbenadering ten einde die voortgesette volhoubaarheid van die besigheid te verseker.

#### MANDAAT EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die Raad van Direkteure word toenemend aanspreeklik gehou vir deelname aan die ontwikkeling van hul organisasie se strategiese rigting, die goedkeuring daarvan asook om seker te maak dat die nodige prosesse en kontroles in plek is om besigheidsrisiko's voortvloeiend uit die besigheidstrategie te identifiseer, te monitor en te bestuur.

Risikobestuur geniet hoë prioriteit op die Raad van Direkteure se agenda. Die belangrikheid van hierdie verantwoordelikheid het duideliker geword tydens die geskiedkundige wêreldwye finansiële krisis wat die persepsie geskep het dat swak risikobestuur binne die finansiële sektor asook ander organisasies, die oorsaak hiervan was.

Die komitee staan die Direksie by met die identifisering, beoordeling, evaluering, mitigering, monitering en rapportering van werklike en potensiële risiko's soos op die Maatskappy en sy filiale van toepassing. Hierdie risiko's sluit kort-, medium- en langtermynrisiko's in.

Die neem van risiko op 'n toepaslike wyse is 'n integrale deel van die besigheid. Die sukses van die besigheid is tot 'n groot mate afhanklik van die optimalisering van die verhouding tussen risiko en opbrengs. Die Groep is blootgestel aan 'n verskeidenheid risiko's in die normale bedryf van sy besigheid, onder andere finansiële risiko, besigheidsrisiko, omgewingsrisiko en strategiese risiko. Die langtermyn volhoubare groei, deurlopende sukses en die reputasie van die groep is van kritiese belang en afhanklik van die kwaliteit van risikobestuur en goeie korporatiewe beheer.

Die oorhoofse risikobestuursprogram van die Groep fokus op die onvoorspelbare landbou-ekonomiese klimaat en het ten doel om die potensieel nadelige effek daarvan op die Groep se prestasie te verminder. In terme van finansiële risiko fokus Senwes spesifiek op markrisiko, kredietrisiko, likiditeitsrisiko en effektiewe bestuur van kapitaal.

Volhoubaarheid en sukses hang daarvan af of Senwes strategiese risiko verstaan en bestuur. Daar word erkenning gegee aan die feit dat strategiese risiko's 'n veel groter impak op die aandeelhouer het as enige van die ander risiko's. Hierdie risiko en die volatiele besigheidsumgewing, saam met globalisering, is as wesenlike risiko's deur Senwes aanvaar.

Senwes se beleggingsportefeuille is blootgestel aan en afhanklik van groot fluktuasies ten opsigte van:

- ❖ Graanvolumes, hoofsaaklik weens klimaat, aanplantings en markaandeel;
- ❖ Spanderingsvermoë van klante met betrekking tot produksie-

en kapitaalgoedere, hoofsaaklik weens fluktuerende boerdery-inkomste en kommoditeitspryse;

❖ Internasionale en plaaslike fundamentele, soos:

- Rentekoerse;
- Wisselkoerse;
- Internasionale graankommoditeitspryse;
- Brent ruoliepryse;
- Basiese boerderyinsette; en
- Nasionale en internasionale politieke stabiliteit.

Die volgende strategiese risiko's is geïdentifiseer en die nodige bestuursaandag word deurlopend daaraan geskenk:

- ❖ Industrierisiko – Die industrie raak versadig en hoogs meddingend sodat verlangde opbrengste nie meer afgelewer kan word nie.
- ❖ Unieke mededingersrisiko – Die onverwagte verskyning van 'n sterk mededinger of alternatiewe mark kan jou besigheid vernietig.
- ❖ Tegnologiese risiko – 'n Onverwagte tegnologiese verandering wysig die handelslandskap en die huidige besigheidsmodel kan nie betyds aanpas nie.
- ❖ Klanterisiko – Die besigheidsmodel raak oorbodig weens die verandering van behoeftes en prioriteit van die klant.
- ❖ Projekrisiko – Die risiko dat 'n hoë belegging in 'n nuwe projek of verkrywing kan misluk.
- ❖ Gebrek aan fokus op huidige besigheid – Die risiko om fokus te verloor op die kernbesigheid in die proses om uitvoering te gee aan die uitbreidingsstrategie.
- ❖ Handelsmerkrisiko – Die tekort aan handelsmerkdiversifikasie kan risiko verhoog indien die huidige handelsmerk 'n knou in die mark kry.

Die Groep se risikobestuursplan word ondersteun deur sy doelwit om waarde op 'n volhoubare basis te skep vir die aandeelhouer, wat belyn is met die verwagtinge van die aandeelhouer en met die Groep se risikokapasiteit en -aptjt. Risikobestuur is een van die Groep se kernbevoegdhede en Bestuur en die Direksie is verbind tot die toepassing van die beste prakteke en standarde in die verband.

Die komitee vervul 'n noodsaklike funksie deur te verseker dat die Direksie effektiief aanspreeklikheid aanvaar vir risikobestuur. Dit speel 'n strategiese rol in die identifisering en bestuur van aksieplanne om die risiko's wat die Groep in die gesig staar, proaktief aan te spreek. Onafhanklike verifikasié word verky ten opsigte van alle sleutel risiko-areas en toepaslike interne beheer is binne die maatskappy gevëstig deur die risikobestuurder en nakomingstrukture.

Op aanbeveling van die Risikokomitee, keur die Direksie die Groep se risiko-aptjt goed, met inagneming van 'n toepaslike risiko/opbrengsverhouding. Die risiko-aptjt word opgedeel in risikolimiete per afdeling of filiaal en volgens die tipe risiko. Voldoening aan hierdie limiete word deurlopend gemonitor en kulmineer in die risikoprofiel vir die Groep. Die Uitvoerende en Senior Bestuur is verantwoordelik vir die bestuur van die risiko's binne die gestelde aptjt ten opsigte van huidige en nuwe projekte.

Die Komitee is ook verantwoordelik vir die volgende:

- ❖ Die risikofilosofie, wat die bepaling van die risiko-aptjt, risikovlakke per aktiwiteit per besigheidseenheid, waarde van interne beheermaatreëls, waarskynlikheid en aksieplanne insluit;
- ❖ Die risikoproses en risikomitigerende aksies, waar van toepassing;
- ❖ Wetgewende nakoming, wat 'n dinamiese proses van deurlopende en aktiewe nakoming op alle vlakke in terme van belangrike en toepaslike wetgewing behels; en
- ❖ IT- en toepaslike aksies ter bevordering van sekuriteit en besigheidskontinuïteit.

Die voorsitter van die komitee woon die algemene jaarvergadering by ten einde te reageer op enige vrae met betrekking tot die maatskappy se risikobestuursprosesse en volhoubaarheidsaspekte.



**NICO LIEBENBERG**

VOORSITTER: RISIKO- EN VOLHOUBAARHEIDSKOMITEE



### **NOMINASIEKOMITEE**

Verslag voorberei deur die  
**VOORSITTER, JAPIE GROBLER**

Die komitee staan ook die Voorsitter by in sy taak om die prestatie van die Direksie as 'n geheel sowel as die prestatie van die individuele direkteure te evalueer.

### **NOMINASIE VAN DIREKTEURE**

Direkteure word verkies op basis van hul kundigheid en ondervinding toepaslik tot die strategiese rigting van die Maatskappy en wat benodig word om die goeie prestatie van die Maatskappy te verseker.

Prosedures vir die nominasie van onafhanklike en uitvoerende direkteure is formeel en deursigtig. Die Direksie het hierdie verantwoordelikheid aan die Nominasiekomitee gedelegeer, wat aanbevelings aan die Direksie maak.

Die voorsitter van die komitee woon die algemene jaarvergadering by om te reageer op enige vrae met betrekking tot die samestelling van die Direksie.



**JAPIE GROBLER**

VOORSITTER: NOMINASIEKOMITEE

### **SAMESTELLING**

Die Nominasiekomitee bestaan tans uit drie nie-uitvoerende direkteure. Die komitee het twee maal gedurende die jaar onder oorskig vergader.

### **MANDAAT EN VERANTWOORDELIKHED**

Die komitee is verantwoordelik vir:

- ❖ Die maak van aanbevelings met betrekking tot die grootte, struktuur, samestelling en kundigheid van die Direksie en sy komitees. Die komitee het nie die mag om direkteure aan te stel nie en is beperk daaroor om aanbevelings vir oorweging aan die Direksie en aandeelhouders te maak.
- ❖ Opvolgbeplanning van die Direksie, Voorsitter, Ondervorsitter en Maatskappye sekretaris;
- ❖ Aanbevelings met betrekking tot die toepaslike samestelling van direksiekomitees;
- ❖ Die werwingsproses vir onafhanklike nie-uitvoerende direkteure, gegewe die verlangde kundigheid benodig.



### **BELEGGINGSKOMITEE**

Verslag voorberei deur die  
**VOORSITTER, STEVE BOOYSEN**

### **SAMESTELLING**

Die Beleggingskomitee bestaan tans uit twee nie-uitvoerende direkteure en twee vergaderings het gedurende die jaar plaasgevind. Die komitee is verantwoordelik vir die volgende in terme van sy mandaat:

- ❖ Oorweging van die beleggingstrategieraamwerk van die Maatskappy se wesentlike beleggingsportefeuiljeblootstellings;
- ❖ Ondersoek die huidige aard van die wêreld- en plaaslike beleggingsportefeuilje en verseker dat dit versoenbaar is met die Maatskappy se huidige strategie en risikoraamwerk;
- ❖ Oorweeg en maak aanbevelings oor wesentlike beleggings, spesifieke verkrygings, gesamentlike ondernemings of samesmeltings en monitor en doen verslag aan die Direksie oor die vordering daarvan;
- ❖ Hersien die bedryfsraamwerk van die beleggingsportefeuiljes van die Maatskappy, insluitend die gebruik van beide interne en eksterne finansieringsbronne;
- ❖ Hersien die prestatie wat deur die beleggingsbates gegenereer word; en
- ❖ Ondersoek en daag die huidige markvooruitsigte van beleggings.



**STEVE BOOYSEN**

VOORSITTER: BELEGGINGSKOMITEE

“  
Die Direksie demonstreer  
onafhanklikheid van karakter,  
oordeel en optrede in die  
uitvoering van hul pligte.



## SOSIALE EN ETIESE KOMITEE

Verslag voorberei deur die VOORSITTER, DRIES KRUGER

### SAMESTELLING

Gedurende die jaar het die Direksie 'n nuwe Sosiale en Etiese Komitee gevvestig inlyn met die voorskrifte van die Maatskappywet, 2008. Die komitee beoog om die volgende as sy mandaat te aanvaar en te verseker dat die volgende aspekte deurlopend aandag geniet:

- ❖ Die etiese korporatiewe beheerraamwerk en etiese kodes;
- ❖ Omgewingsaspekte;
- ❖ Verantwoordelike optrede ten opsigte van arbeidspraktyke en die werksomgewing;
- ❖ Voorkoming van korupsie, bedrog en onetiese optrede deur alle belanghebbendes.

DRIES KRUGER

VOORSITTER: SOSIALE EN ETIESE KOMITEE

### UITVOERENDE KOMITEE

#### SAMESTELLING EN VERANTWOORDELIGHED

Die Uitvoerende Komitee bestuur die Maatskappy op 'n aktiewe en daagliks basis onder die aktiewe leierskap van die Besturende Direkteur.

Die komitee bestaan uit die Uitvoerende Direkteure, die bedryfs hoofde van die onderskeie afdelings en die Maatskappysekretaris. Die komitee is hoofsaaklik verantwoordelik vir die bedryfsaktiwiteite van die Maatskappy en vir die ontwikkeling van strategie en beleidsvoorstelle vir oorweging en goedkeuring deur die Direksie. Die komitee is ook verantwoordelik vir die implementering van direksiesbesluite.

### MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Direksie word in die nakoming van sy voortgesette verantwoordelikhede en verpligte deur die Maatskappysekretaris bygestaan. Nuut aangestelde direkteure gaan deur 'n toepaslike induksieproses, aangebied deur die Maatskappysekretaris, wat voorligting oor hul pligte en verantwoordelikhede en die oorhandiging van 'n "korporatiewe beheer-lêer" insluit. Die lêer bevat die Direksiehandves, gedragkode, mandate van komitees, gereserveerde magtigingsvlakte en die Statute van die Maatskappy.

'n Formele oriénterings- en opleidingsprogram, met huidige en relevante onderwerpe wat wissel van King III, nuwe Maatskappywet vereistes, die risikolandskap en uitdagings met betrekking tot strategiese groei, is vir nege opeenvolgende jare aangebied en direkteure woon hierdie sessies gereeld by.

Alle direkteure het onbeperkte toegang tot die advies en dienste van die Maatskappysekretaris, Uitvoerende Bestuur en Maatskappy-inligting.

Die Maatskappysekretaris is deel van die Uitvoerende Bestuur-

span, maar is nie 'n direkteur van die Maatskappy of enige van die filiale in die Groep nie en is derhalwe in staat om 'n hoë vlak van onafhanklikheid te behou en armelengteverhoudings met die onderskeie direksies en bestuurspanne.

Die Maatskappysekretaris rapporteer struktureel aan die Besturende Direkteur en het 'n direkte kommunikasiekanaal na die Voorsitter. In terme van die Maatskappywet, neem die Maatskappysekretaris volle verantwoordelikheid vir alle Direksie- en Direksiekomiteevergaderings, aandeelhouersvergaderings, rapportering en openbaarmaking aan die Maatskappyelektoor, beleggingsdienste, belanghebbende skakeling, verskaf leiding aan direkteure, induksies en mediaskakeling.

Soos deur die Maatskappywet vereis, hou die Maatskappysekretaris oorsigtelik toesig oor wetgewende nakoming regdeur die Groep. Die toepaslike strukture in dié verband is gevvestig, soos vroeër verduidelik onder die opskrif "nakoming van wetgewing".

### TOEGANG TOT INLIGTING

Die Maatskappy voldoen aan die Wet op Toegang tot Inligting, 2000 en 'n handleiding in dié verband is beskikbaar op die Maatskappy se webblad.

Lede het ook toegang tot die aandeleregister, notules van ledervergaderings en inligting oor verskeie Maatskappysake. Enige navrae met betrekking tot die Maatskappy kan aan die Maatskappysekretaris as Hoof Inligtingsbeampte gerig word.

### BELEGGERVERHOUDINGS EN VERSPREIDING VAN AANDEELHOUERS



Senwes voorsien en onderhou ook 'n onafhanklike en aktiewe oordie-toonbank aandeelverhandelingsmeganisme ("OTC-meganisme"). Die aandeelverhandeling geskied elektronies onder die beheer en toesig van die Maatskappysekretaris en word hanteer in terme van streng verhandelingsreëls en FAIS-wetgewing. Die OTC-verhandeling word jaarliks deur die eksterne ouditeure geaudited, wat verifieer dat die kontrolemaatreëls en onafhanklikheid toegepas word.

Die markprys van die Senwes aandeel word dus deur verhandeling op die OTC bepaal en verskaf 'n gesonde prysbepalingsmeganisme.


Die verhandelinge deur die OTC-meganisme word drie maal per dag stelselmatig op die elektroniese verhandelingsplatform opgedateer en aanbiedinge van kopers en verkopers kan op die Senwes webblad gesien word.



## PRESTASIE VAN AANDEELPRYS



## AANDEELHOUER STRUKTUUR



### DIE VYF GROOTSTE AANDEELHOUERS VAN SENWES SOOS OP 30 APRIL 2012

NAAM	AANTAL AANDELE	% VAN DIE UITGEREKTE AANDELEKAPITAAL
Senwesbel Beperk	106 309 647	58,80%
Treacle Nominees (Pty) Ltd	27 118 715	15,00%
Industrial Development Corporation of SA	3 700 087	2,05% } 17,05%
Gardenview Nominees (Pty) Ltd	2 363 578	1,31%
Ian van der Merwe Beherend (Edms) Bpk	861 178	0,48%

## VERSPREIDING VAN AANDEELHOUERS

PORTEFEUILJEGROOTTE	AANTAL AANDEELHOUERS	%	AANTAL AANDELE	%
1 - 1 000	954	32,55	337 979	0,19
1 001 - 5 000	655	22,35	1 673 685	0,92
5 001 - 30 000	977	33,33	13 702 742	7,58
30 001 - 100 000	294	10,03	14 358 978	7,94
100 001 - en meer	51	1,74	150 715 924	83,37
	<b>2 931</b>	<b>100,00</b>	<b>180 789 308</b>	<b>100,00</b>

## AANDEELHOUERSDAGBOEK

Finansiële jaareinde 30 April 2012

Afkondiging van resultate in media 28 Junie 2012

Indiening van volmagte teen 11:00 29 Augustus 2012

Algemene Jaarvergadering 31 Augustus 2012

  
**Elmarie Joynt**  
 MAATSKAPPYSEKRETARIS

Klerksdorp  
 26 Junie 2012

  
**Francois Strydom**  
 BESTURENDE DIREKTEUR

- ❖ GEÏNTEGREERDE STRATEGIESE OPERASIONELE EN FINANSIELLE VERSLAG DEUR DIE BESTURENDÉ EN FINANSIELLE DIREKTEURE
- ❖ VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

## AFDELING 2 GEÏNTEGREERDE VERSLAG

GEÏNTEGREERDE  
VERSLAG

Individueel is ons 'n enkele druppel in die emmer.  
Saam is ons 'n oseaan. – RYUNOSUKE SATO



# GEÏNTEGREERDE STRATEGIESE, OPERASIONELE EN FINANSIËLE VERSLAG

DEUR DIE BESTURENDE EN FINANSIËLE DIREKTEURE



“

Senwes is besig om homself strategies te posisioneer binne die milieu van groter integrasie tussen die produsent en eindverbruiker.

”

**DIE** verslag handel met die finansiële en operasionele prestasie van die 2012 finansiële jaar, maar ook met die strategiese vordering ten opsigte van die groei- en ontplooiingsaspekte, konsolidasie, geografiese uitbreiding, kommoditeitsverspreiding en die posisionering van die besigheid om in Afrika en internasionale markte besigheid te doen.

## **1. STRATEGIESE POSITIONERING**

Landboubesighede trotseer tans twee uiterstes. Aan die een kant die voedselwaardeketting, waar daadwerklike konsolidasie op primêre produksievlek besig is om teen 'n stywe tempo plaas te vind. Aan die ander kant is 'n sterk komponent van internasionale kompeteterende invloede 'n realiteit, met multinasionale rolspelers wat hulself wêreldwyd posisioneer, insluitend Suid-Afrika. As jy na hierdie twee tendense kyk, met Senwes as tussenganger geposisioneer, is verandering noodsaklik en onafwendbaar.

Ook die verbruiker vereis 'n korter, eenvoudiger en goedkoper voorsieningsketting en wil inspraak hê op die eindproduk. Alles duï daarop dat hierdie waardeketting verkort gaan word en dat die huidige model van spesialisasie uitgedien is.

Senwes is besig om homself strategies te posisioneer binne die milieu van groter integrasie tussen die produsent en eindverbruiker. Daarbenewens het kompetisie buitengewoon toegeneem in 'n sektor wat geteiken word deur beleggers as laaste toevlugsoord vir 'n wêreld-ekonomie wat daadwerklik probeer ontsnap van 'n volgehoue resessie. Om Senwes suksesvol hiermee te belyn, moet die platform van die besigheid vergroot word, skaal van volume moet toegevoeg word en konsentrasierisiko's inveral kommoditeite, geografie en handelsmerk, moet daadwerklik aangespreek word. Ons glo dat 'n groter deelname in die graanwaardeketting onafwendbaar sal wees, gegewe die



FRANCOIS STRYDOM



toetreden van internasionale handelsondernemings wat reeds die integrasie van die ketting suksesvol wêreldwyd geïmplementeer het.

Die onderskeie waardekettings sal verskillende vennote impliseer ten einde spesialisasie, optimalisasie en vaardigheid binne elke ketting te verseker.

## 2. STRATEGIESE ONTPLOOIING

Senwes het sy graanbemarkingsbesigheid geamalgameer met Bunge se Afrika inisiatiewe en daardeur is internasionale verkryging en afset verseker. Grainovation, 'n vennootskap tussen Imperial en Senwes, verseker logistieke oplossing en sy finansiële dienste platform, Univision, is vergroot deur die samesmelting met NWK-Verseker.

Pogings om geografiese konsolidasie te faciliteer gaan voort. Daar is ook 'n sterk fokus van die Mededingingskommissie op die voedselsektor, wat transaksionering in die sektor kompliseer. Die sukseskoers om dieselfde tipes besighede in landbou binne die Suid-Afrikaanse grense bymekaar te sit, is gevoldig laag en bemoeilik die onvermydelike konsolidasie.

Ons gaan voort met dié strategie en sal ook 'n waardekettingbenadering volg as voertuig ten einde gedeelde ekwiteit- en strategiese vennootskappe aktief met die industrie te belyn. Reorganisasie van die waardekettings sal vanselfsprekend voortvloei sodra konsolidasie suksesvol afgehandel is.

In die verband is 'n belang verkry in 'n prominente rolspeler in meganisasie in die Suid-Kaap, naamlik JD Implemente, terwyl die gesamentlike versekeringsonderneming met NWK vanaf 1 Mei 2012 in werking tree. Die verbreding van Senwes se voetspoor in Suider-Afrika na Malawi, Zambië en Mosambiek het gedurende die finansiële jaar momentum opgetel. Op hierdie gebied is Bunge ook as 'n vennoot betrek. Die logistieke betrokkenheid van Grainovation by hierdie projekte is tans in ondersoek en word as prioriteit beskou.

Senwes het homself sedert 2010 proaktief begin posisioneer in terme van volume, kundigheid en strategie en die landbousektor het gevoldig hierop gereageer. As inisieerde van nuwe denke en vennootskappe, poog Senwes om aan die voorpunt van internasionalisering en diversifikasie van sy besigheidsmodel te staan.

In die strategiese ontwikkeling bestaan die gevaar dat die maatskappy verwijderd raak van sy klante se behoeftes en sal die organisasiestruktuur sodanig aangepas word ten einde klantediens en klanteretensie verder te verhoog en uit te bou. Daarbenewens sal Senwes nie afwyk van sy belofte aan sy klante nie en sal ons personeel verder belyn word ten einde verhoudingsvorming en interaksie met klante te verhoog.


## 3. FINANSIELE VERSLAG

### 3.1 HOOGTEPUNTE

Die sleutel finansiële indikators kan as volg opgesom word:

- ❖ 'n Toename in omset van 73% na R13 miljard;
- ❖ 'n 20,6% groei in verdienste per aandeel vanaf 121 sent per aandeel na 146 sent per aandeel;
- ❖ Dit verteenwoordig 'n wins na belasting van R265 miljoen teenoor die vorige jaar se R219 miljoen;
- ❖ Opbrengs op ekwiteit van 21,5%;
- ❖ Netto batewaarde groei met 77 sent per aandeel na dividende van 70 sent per aandeel betaal is;
- ❖ Dividendopbrengs van 6,3% op 'n gemiddelde aandeelprys van R9,60 per aandeel; en
- ❖ Wesensverdienste verteenwoordig 14% groei, vanaf 116 sent na 133 sent per aandeel.

Verdienste en wesensverdienste per aandeel (sent)



### 3.2 VERSLAG OOR DIE BESIGHEIDSEENHEDE



Frans du Plessis  
HOOFBESTUURDER:  
SENWES VILLAGE

#### 3.2.1 Senwes Village

Die divisie het 'n besondere goeie jaar beleef met bogemiddelde verkope ten opsigte van meganisasie en insetmiddele. Sekere strategiese fokuspunte het aandag geniet en het tot die positiewe resultate bygedra:

- ❖ 'n Hermude fokus op Senwes Village se waardeproposisie het goeie vrugte afgewerpt;
- ❖ Geografiese uitbreiding van nuwe bedryfspunte, maar ook 'n vergrote aanbod in produkreeks;
- ❖ Goeie vordering is gemaak met die optimalisering van bedryfsprosesse, -strukture en -stelsels;
- ❖ Sentralisering van die verkrygingsfunksie het die optimalisering van die balansstaat gefasiliteer;
- ❖ Vernuwing in die bestuurspan en ander strategiese posisies;
- ❖ Verskerpte fokus op groei in markaandeel in ander geografiese gebiede; en



- ❖ Strategiese vennootskappe met geselekteerde verskaffers bly 'n prioriteit en vordering hiermee was op koers die afgelope jaar – en in lyn met die langtermynvisie.

Die Village besigheidsmodel was korrek geposioneer om die opwaartse insetsiklus optimaal te benut. Gunstige graanpryse het in die tweede helfte van die jaar tot hoër aanplantings aanleiding gegee en heelwat produsente in staat gestel om meganisasiegoedere op te gradeer en weer in pas te kom met hul beoogde kapitaalvervangingsiklus. Gunstige wisselkoersvlakke het ook die sektor bevoordeel.

Frans du Plessis se span het sy heelwerktuigvoorraad feitlik uitverkoop en die tweede meeste heelwerktuigenheidverkope sedert 1997 gerealiseer. Strukturele aanpassings aan funksionaliteite in die oorhoofse besigheidsmodel het tot optimalisasie van die balansstaat aanleiding gegee, effektiwiteit verhoog en uiteindelik die winsgewendheid van die kleinhandel ook verhoog.

Strategiese vennootskapsvorming met sleutelverskaffers en die hernude fokus op Village se waardeproposisie sowel as klantediens was deurslaggewend in 'n jaar 46% van transaksionering geskied het in slegs vier maande. Die sleutel finansiële verhoudings sien as volg daar uit:

gegewe finansiering en insetmiddele. Hierdie vennootskap sal as basis dien vir verdere uitbreidung in die streek.

- ❖ Strukture en prosesse is gevvestig om markaandeel te beskerm en groei te akkommodeer sonder 'n noemenswaardige verhoging in koste.
- ❖ Fokus om volumes insetmiddele te verhoog geniet ook reeds spesiale aandag en die nuwe strategie sal in die nuwe finansiële jaar ontplooい word.



### 3.2.2 Senwes Credit en Univision

Senwes Credit en Univision het albei vanjaar goed presteer. Gerrit van Zyl se span het markaandeel gewen met goeie waardeproposisies en buitengewone diensvlakke.

Die sterk bullopie van kommoditeitspryse vroeg in die finansiële jaar, tesame met gunstige klimaatstoestande en hoë sakevertroue, het tot positiewe plantvoornemens geleei. Die aanvraag vir krediet is verder gestimuleer deur 'n 10% toename in hektare aangeplant asook 'n 16% stygging in insetkoste-inflasie. 'n Groei in die produksiekredietboek van 15% op 'n jaar-op-jaar-grondslag dui op die uitbreidung in markaandeel wat bevestig word deur die aantal produsente wat bedien is en die hektare wat gefinansier is.

Die kredietboek is kerngesond en die totale agterstalligheid van somergraanproduksie op 30 April 2012 het 3,8% beloop (die laagste in die afgelope dekade) teenoor die vorige jaar se 4,7%. Droogtetoestande wat gedurende die laat somer geheers het, sal na verwagting 'n groot impak op graanvolumes vir die komende seisoen inhou, maar 'n regstelling in kommoditeitspryse behoort grootliks hieroor te vergoed terwyl boerdery-omsette wel sal afneem. In 'n kerngesonde boek wat fokus op die kliëntesegment met sterk en gesonde balansstate, is die marges laer, maar met die gepaardgaande laer risikoprofiel.

Die nuwe besigheid wat gedoen is deur Senwes Batefinansiering, 'n vennootskap met 'n prominente batefinansierder, het ook goeie groei getoon. Die groei was grootliks weens die verhoging in heelwerktygverkope, terwyl markaandeel ook uitgebrei is. Die winsdeel uit hierdie besigheid lewer reeds 'n goeie bydrae tot Senwes Credit se winslyn.

	Verandering	2012			2011			2010		
		R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm
Omsette (ingesluit direkte besigheid)	26%	3 555	2 824	2 920						
Bruto wins	28%	351	274	308						
Bedryfswins voor finansieringskoste	136%	170	72	105						
Bedryfswins na finansieringskoste	160%	169	65	96						
Koste tot Inkomste- verhouding	7%	65%	72%	65%						
ROCE	46%	82%	36%	38%						

Ter ondersteuning van Senwes se 2020-groeistrategie het Village se bestuurspan sekere wysigings in die bestaande besigheidsmodel oorweeg, wat tans onder implementering is:

- ❖ Strategiese fokus op die meganisasiebesigheidsmodel is noodsaaklik. Goeie vordering is vanjaar hiermee gemaak as deel van 'n drie-jaar optimaliserings- en upgraderingsprogram.
- ❖ 'n Meganisasievennootskap is suksesvol in die Suid-Kaap gevvestig wat ook sal dien as platform vir die vestiging van ons insetaanbod,



## GEÏNTEGREERDE STRATEGIESE, OPERASIONELE EN FINANSIELE VERSLAG

	Verandering	2012 R'm	2011 R'm	2010 R'm
<b>CREDIT</b>				
Gemiddelde krediet toegestaan	15%	<b>1 325</b>	1 157	1 119
% agterstalligheid op 30 April	1,1%	<b>3,8%</b>	4,7%	6,3%
Netto wins voor finansieringskoste	(1)%	<b>97</b>	98	106
Netto wins na finansieringskoste	(4)%	<b>48</b>	50	58
ROCE (Slegs Credit)	(1)%	<b>7%</b>	8%	9%
ROCE (Village ingesluit)	4%	<b>17%</b>	13%	15%
<b>UNIVISION</b>				
Netto wins na finansieringskoste	75%	<b>7</b>	4	4
ROCE	20%	<b>51%</b>	31%	22%

	Verandering	2012 R'm	2011 R'm	2010 R'm
Gemiddelde kapitaal vereis	(15)%	<b>1 238</b>	1 453	702
Netto wins voor finansieringskoste	(26)%	<b>228</b>	310	264
Netto wins na finansieringskoste	(27)%	<b>183</b>	252	236
ROCE	(2)%	<b>25%</b>	27%	38%

'n Groter balansstaat is aanvanklik vereis weens die verhoging in kommoditeitspryse sonder dat dit 'n verhoging in wins tot gevolg gehad het, maar die situasie het omgedraai nadat die meeste Safex-posisies voor jaareinde ontruim is.

Grainlink se fokus in die nuwe finansiële jaar is ingestel op die bied van oplossings vir plaaslike produsente en Suid-Afrikaanse afnemers van produkte. Benewens die beskerming van huidige volumes wat deur die silo's ingeneem word, sal die uitbreiding van ons markaandeel in die meuldeurbesigheid aandag geniet. Die bestuurspan sal ook klem plaas op die voortsetting van die Bunge Senwes gesamentlike onderneming en die Afrika-aktiwiteite.

### 3.3 HERSKIKKING VAN BALANSSTAAT

Die balansstaat is weer onder die loep geneem en soos volg herskik:

- ❖ Die mediese verpligtiging van R81 miljoen wat die afgelope aantal jare onverwagte aktuariële aanpassings vereis het, is aan Liberty afverkoop. 'n Billike transaksie is vir al drie partye onderhandel en Senwes het die risiko ten opsigte daarvan in die proses afverkoop.
- ❖ Onderbenutte bates is afgeskryf terwyl 'n konserwatiewe beleid met betrekking tot voorraad en debiteurewaardeelings gehandhaaf is.
- ❖ Lae graanvoorraadvlakke het ook beteken dat heelparty silo's leeg geraak het en sodoende kon gemete surplusse en tekorte finaal bevestig word.
- ❖ Buitelandse beleggings en lenings is getoets aan valuta- en repatriasiebeginsels en voorsiening is gemaak in gevalle waar daar onsekerheid bestaan oor die tekort aan valuta van 'n land.
- ❖ Die Village model het die toets van tyd deurstaan en regstelling aan die waardedaling van bates, veral aan dié wat gehou is deur Senwes Capital, is dienooreenkomsdig aangebring.
- ❖ Die mediumtermyn-huurkopeboek is reeds die vorige jaar afverkoop en die produk is die afgelope jaar aggressief gebruik ten einde die meganisasie bullopie met krediet te onderskryf.
- ❖ Senwes het sy rentedraende lenings herskik ten einde die bate-vervaldatums te sinkroniseer met die finansieringsreëlings en gevoglik is 'n groter gedeelte langtermynfinansiering onderhandel.

Univision Finansiële Dienste het vir die finansiële jaar 2011/2012 'n 15% groei in omset getoon. Die netto bedryfswins na rente toon 'n 75% toename sedert die 2011 finansiële jaar en die gerealiseerde winsmarge is heelwat hoër as die gemiddelde marktendens.

Vir die komende jaar sal Univision daarop fokus om die vennootskap tussen Senwes en NWK te implementeer en op ons ontwikkeling van 'n strategie vir uitbreiding.



#### 3.2.3 Senwes Grainlink

Pieter Esterhuysen en die graanspan het wesenlike uitdagings in 'n hoogs volatile omgewing in 2012 ervaar. Hoë voorraadvlakke van 2011 het veroorsaak dat prysvlakke onder uitvoerpariteit verhandel. Kort ná strooptyd is 2,4 miljoen ton uitgevoer. Daarbenewens het onverwagte laat en baie reën in die winter voorgekom, wat die oestempo verlangsaam het en negatief op die bergingsinkomste geïmpakteer het.

Heelwat graan is hanteer, maar weens die bogenoemde situasie is 43,5% minder graan opgeberg, wat heelwat stremming op bergingsinkomste geplaas het, op 'n infrastruktuur wat ontwerp is vir 'n langtermynbergingsmodel se kostestructure en tariefsamestelling.

Die mark het ook min geleenthede gebied om graan in die toekomstige maande te verkoop en Grainlink moes sy model daarby aanpas. Die gesamentlike onderneming met Bunge is deur die Mededingskommissie goedgekeur en is vanaf 1 Oktober 2011 in werking. Senwes het deelgeneem aan 11,2% van die totale mielie-uitvoere in Suid-Afrika.

### 3.4 KAPITAALBESTUUR

Kapitaalspandering vir die jaar onder oorsig was soos volg:

KAPITAALSPANDERING PER BESIGHEIDSEENHEID	2012			
	TOTAAL	NUWE KAPASITEIT	VERBETERINGS-PROJEKTE	NOODSAAKLIKE SPANDERING
	R'm	R'm	R'm	R'm
Grainlink	19,8	1,5	14	4,3
Village	8,1	-	7,7	0,4
Korporatief/Ander	28,3	16,3	7,9	4,1
<b>Totaal</b>	<b>56,2</b>	<b>17,8</b>	<b>29,6</b>	<b>8,8</b>
Geassosieerde	39,7	26	0,3	13,4
<b>Groot totaal</b>	<b>95,9</b>	<b>43,8</b>	<b>29,9</b>	<b>22,2</b>

	2011			
	TOTAAL	NUWE KAPASITEIT	VERBETERINGS-PROJEKTE	NOODSAAKLIKE SPANDERING
	R'm	R'm	R'm	R'm
Grainlink	17,3	6,9	7,9	2,5
Village	4,7	-	4,2	0,5
Korporatief/Ander	16,6	4,1	12,5	-
<b>Totaal</b>	<b>38,6</b>	<b>11,0</b>	<b>24,6</b>	<b>3,0</b>
Geassosieerde	23,0	21,0	-	2,0
<b>Groot totaal</b>	<b>61,6</b>	<b>32,0</b>	<b>24,6</b>	<b>5,0</b>

Heelwat nuwe projekte word begroot vir die komende jaar, wat 'n wesenlike verhoging in kapitaalspandering tot gevolg sal hê.

Beleggings en lenings ten bedrae van R43,4 miljoen en bedryfskapitaal van R38 miljoen is gedurende die jaar aangewend vir die vorming van die Bunge gesamentlike onderneming; die vergroting van die Imperial gesamentlike ondernemingsvloot (Grainovation); die vestiging van nuwe kapasiteit in die kalkmyne (Grasland Ondernemings) sowel as die verkryging van 'n belang in die John Deere agentskap in die Suid-Kaap (JD Implemente). Die verhoging in bedryfskapitaal en vestiging van nuwe besighede in verskeie SAOG-lande is ook gedurende die jaar onderneem.

### 3.5 SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT

Senwes poog om sy balansstaat binne die eiekapitaal-handhawingsriglyn van 35% - 45% te bestuur en kon daarin slaag om sy eiekapitaalverhouding van 41% op 30 April 2012 te handhaaf binne die riglyn.


Senwes het ook 'n R550 miljoen ongebruikte tienjaar-fasiliteit (55% van totale fasilitet) en ook R188 miljoen (19% van totale fasilitet) se ongebruikte korttermynfasilitet. Senwes poog om minstens 10% van ekwiteit as likiditeitsbuffer daar te stel en Senwes Capital is geoormerk om as permanente likiditeitsbuffer vir hierdie doeleindes in te staan.

### 3.6 BELEGGINGSPRESTASIE

Die aandeelprys het met die mediadekking in die hofuitspraak met Treacle begin afplat en verhandel reeds 11,8% laer as in April 2011.

Goeie resultate, taktiese intervensie op sekere vlakke sowel as 'n sterk strategiese rigting behoort die aandeelprys weer te stimuleer. Die risikopremie vir siklisiteit van landboumaatskappye is besig om te verdwyn namate maatskappye meer stabiele resultate vertoon, terwyl die res van die markte onder erge volatiliteit in pryskommelinge gebuk gaan.

Aandeelprys: Verhandelingswaarde versus netto batewaarde (sent/aandeel)



'n Dividendopbrengs van 6,3% is aangelewer, wat insluit 'n tweede interim dividend. Die aandeel verhandel tans op 'n prysverdienste-verhouding van 6,2, wat heelwat laer as die genoteerde aandele binne die boerdery- en visserysektor op die JSE is.



## GEÏNTEGREERDE STRATEGIESE, OPERASIONELE EN FINANSIEËLE VERSLAG

### 3.7 BEFONDSINGSVEREISTES VIR NUWE PROJEKTE

Senwes se Tesourie sal waarskynlik daarin slaag om met die huidige balansstaat genoegsame finansieringsoplossings te genereer ten einde die eerste fase van die 2020-strategie te befonds. Die ontwerp van die transaksies is ook geskoei op samewerking en die hoër kapitaalvereistes is gewoonlik in die hoër bedryfskapitaalvereistes van die gesamentlike onderneming geleë en nie soseer in die verkryging nie.

## 4. VERHOUDING MET BELANGHEBBENDES

### 4.1 KLANTE

Senwes is sterk ontplooï in die platteland en voorsien die landbou-vervaardigingsketting, wat in die meeste gevalle groot maatskappye is wat sterk handelsmerkgedrewe is. Ons het dus 'n bepaalde verantwoordelikheid rondom plattelandse ontwikkeling en belegging in die platteland. Omdat die klant, maak nie saak waar hy is nie, 'n keuse het en dit kan uitoefen, moet maatskappye met uitnemendheid daaraan voldoen. Senwes se uitgesproke strategie is dat hy opereer in 'n kompetente mark en dus moet voldoen aan daardie behoeftes.

Wat die Maatskappy se struktuur en funksionaliteit aanbetrif, moet dit belyn met ons klantgerigtheid. Senwes word nie bestuur uit sy hoofkantoor uit nie, maar op 'n gedesentraliseerde basis uit 'n klante-oogpunt. Sekere funksies, soos ondersteunende dienste, is ter wille van kostedoeltreffendheid gesentraliseer, maar beïnvloed glad nie die intervensie nie. Ons klanteforums is lewendig en is 'n baie goeie voorbeeld van die hoë frekwensie van klantkontak wat daar moet wees.

### 4.2 AANDEELHOUERS

Senwes word beskou as 'n stabiele organisasie en dus die tipiese defensieve aandeel waarmee 'n aandeleportefeuile aangevul en gebalanseer word, eerder as 'n aggressiewe of spekulatiewe aandeel.

Die behoeftes van die produsente-aandeelhouer in Senwes het oor die afgelope tien tot twaal jaar heelwat verander. Tydens die omvorming van 'n koöperasie na 'n maatskappy is lede se ledebelang – vir baie 'n pensioenfonds – omgeskakel in verhandelbare aandele ten opsigte waarvan kapitaalgroei en 'n voorspelbare dividend-opbrengs met 'n lae volatiliteit 'n algemene verwagting was. Aandeelhouers binne Senwes streef ook na hoër likiditeit, veral dié wat wil ontsluit, terwyl die langtermynwaardehouer ook streef na langtermynwaardeskepping.

In die landbouomgewing is daar 'n redelike dinamika van aandeelhouers wat ook hul aandeelhouding as sekuriteitsteunbasis gebruik om hul besigheid of boerdery te befonds. Gegewe die goeie groei in die aandeel oor die afgelope vyf jaar, was die aandeel ook die hoeksteen van heelwat van die landbouprodusent se kernsekuriteit tot die befondsing van sy bedryfskapitaalbenodigdhede. Die netto batewaarde van die Senwes aandele is op 'n goeievlak en dit verhandel teen 'n premie op die netto batewaarde.

Terwyl die beherende belang in die besigheid deur 'n aandeelhoudingstruktuur gehou word met 'n langtermynvisie op landbou, moet die ander vennote in die besigheid daarmee belyn word.

Senwes is steeds 'n waardeskeppende organisasie.

Waar die groep enkelfvoudig is, moet

dit beter gebalanseer word en ander operasionele vennote wat kan waarde toevoeg, moet getrek word.

### 4.3 PERSONEEL

Ons filosofie is nie om 'n sterk hiërargiese bestuurstruktuur te hê nie, maar 'n plat struktuur waar verantwoordelikheid binne elke funksionaliteit volledig afgeteken word.

Groot waarde word geheg aan begrip, eienaarskap en opleiding. Dit beteken ook dat die mees toepaslike opleiding verskaf moet word aan die talent van môle en Senwes spandeer ruim aan gestruktureerde opleidingsaksies.

Bestuur steun swaar op holistiese motivering, insetiefstelsel en matriksbestuur ten einde eienaarskap by verskillende spanne te vestig.

### 4.4 BESIGHEIDSVENNOTE

Die verhoudings met professionele verskaffers van produkte en dienste word as strategiese vennootskappe gesien en bestuur. Senwes en sy besigheidsvennote deel in mekaar se suksesse en die groei en strategiese posisioneer hou gemeenskaplike voordeel in.

### 4.5 REGERING

Senwes is hoofsaaklik in die platteland ontplooï en betaal soos 'n verantwoordelike korporatiewe burger sy direkte en indirekte belasting. Voorts erken ons graag ons verantwoordelikheid om bewese groei en werkskepping te verseker ten einde by te dra tot die volhoubaarheid van Suider-Afrika se landbou-industrie. Ten einde effektief mee te ding met internasionale markte, sal die regering daadwerklik moet toetree tot infrastruktuur vanveral plattelandse munisipale dienste, paaie, spoorlyne en veiligheid.

## 5. VOORUITSIGTE

### 5.1 2013 VOORUITSKATTING

Die plaaslike graanbedryf het vir die tweede agtereenvolgende seisoen buitengewone groot graanuitvoere ondervind. Plaaslike produksie is onder druk weens die tweede helfte van die somerseisoen se buitengewone lae reënval, wat geskiedkundig die minste reën in dekades is. Lae openingsvoorraadvlakte, lae oordragvog en 'n gemiddelde oes gaan waarskynlik laer graanvoorraadvlakte tot gevolg hê, wat 'n moeilike graanopbergingsjaar voorspel.

Kommoditeitspryse verkeer tans op redelike goeie vlakke en sal waarskynlik produksie stimuleer, maar die produsent sal moontlik gekonfronteer word met nog 'n insetinflasielopie weens die verswakkning van die rand in tye waar die prys van insetmiddelle vir die komende seisoen onderhandel word. Weens beperkte grondvog gaan produsente sukkel om die winter se primêre bewerkings te onderneem en word bewese afskaling in koringproduksie voorspel.

Na verwagting sal verbruikers wêreldwyd steeds gebuk gaan onder stram ekonomiese toestande en kommoditeitsvoorraadvlakte sal herstel weens hoër produksie en laer verbruik. 'n Laer gemiddelde internasionale kommoditeitsprys word verwag in 2013. Die ouer-wordende bevolking en gevoldlike laer besteding per capita sal ook sy tol begin eis ten opsigte van verbruik, terwyl die wêreldproduksie konstant styg.

Landbourolspelers se strategiese ontplooiing sal waarskynlik

vinniger en meer aggressief en beslis uitgevoer word. Die verwagting is dat heelwat korporatiewe aksie in die komende maande in die sektor gaan plaasvind, wat waarskynlik die landskap en dinamika van die landboudienstesektor fundamenteel sal verander.

## 5.2 VERKLARING VAN VOORUITSKATTING

Sekere verklarings wat in hierdie verslag gemaak word, is nie op historiese feite gebaseer nie en hou verband met analises en ander inligting wat gegronde is op die voorspelling van toekomstige resultate wat nog nie bepaal kan word nie en wat verband hou met, onder andere, nuwe besigheidsvolumes, opbrengs op belegging (insluitend wisselkoersfluktuasies) en aktuariële veronderstellings. Hierdie verklarings kan ook verband hou met ons toekomsvoortsigtte, ontwikkelings en besigheidstrategieë.

Dit is vooruitskouingsverklarings, soos gedefinieer in die "United States Private Securities Litigation Reform Act of 1995". Woorde, soos "glo", "verwag", "waarskynlik", "moontlik", "voorspel", "beoog", "strewe", "sal", "beplan", "kan", "mag", "poog", "projekteer" en soortgelyke uitdrukings het ten doel om sodanige vooruitskouingsverklarings te identifiseer, maar is nie eksklusief die wyse waarop sodanige verklarings geïdentifiseer word nie. Vooruitskouingsverklarings behels inherente risiko's en onsekerhede en sou een of meer van hierdie risiko's realiseer, of indien onderliggende veronderstellings korrek blyk te wees, kan werklike resultate wesenslik van die verwagte resultate verskil. Vooruitskouingsverklarings is slegs van toepassing vanaf die datum waarop dit gemaak word en Senwes aanvaar geen verpligting om enige verklaring aan te pas of op te dateer weens nuwe inligting, toekomstige gebeure of enige ander rede nie.

## 6. BEDANKINGS

Ons vind dit verrykend om as spanleiers self ingeskakel te wees by verskeie mensekapitaal-waardekettings – hier verwys ons na die Direksie, uitvoerende bestuurspan, personeelkorps én die afsonderlike

verhouding wat Senwes met elke belanghebbende groepering handhaaf. Dit is 'n dinamiese proses van gee en neem en jou insette in ons Groep word telkemale beantwoord met 'n nuwe invalshoek deur 'n kollega, die innovering van 'n verskaffer, die karakter wat 'n direksielaid demonstreer – of selfs die entoesiasme waarmee 'n instandhoudingsbeampte oor die toekoms van ons besigheid gesels terwyl hy laattoggie 'n gloeilamp in my kantoor vervang. Spesiale vermelding word gemaak van 'n toegegewye Direksie tot die voordeel van Senwes.

Om Senwes se fokus op elkevlak te handhaaf – vanaf plaaivak tot in internasionale raadsale – sou nie moontlik gewees het sonder die onwrikbare toewyding van elke individu as skakel in ons mensewaardekettings nie. Ons eer elkeen van ons spanmaats daarvoor.

Ons erken die Opperhand as die rots waarop hierdie besigheid gebou en geanker is.

**Francois Strydom**  
BESTURENDE DIREKTEUR

**Corné Kruger**  
FINANSIEËLE DIREKTEUR

Klerksdorp  
26 Junie 2012

Die aankondiging van Senwes se jaareind-resultate op 28 Junie vanjaar het in verskeie media verskyn en het ondermeer onderhoude met Francois Strydom, besturende direkteur, ingesluit:

- ❖ Moneyweb (RSG Geldsake) op 27 Junie 2012
- ❖ OFM Stereo op 28 Junie 2012
- ❖ Resultate-advertensies in Beeld, Die Volksblad en Business Day op 28 Junie 2012
- ❖ Kyk ook na die aanbieding wat tydens die algemene jaarvergadering vertoon sal word.

U is welkom om dit te kry op die webskakel:  
<http://senwes.co/AR12-FrancoisStrydom-A>



# VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

## MAATSKAPPYPROFIEL, STRATEGIE, STRUKTUUR EN LEIERSKAP

### PROFIEL

Senwes is een van die toonaangewende agri-besighede in Suid-Afrika – gestig in 1909 en diepgewortel met sy hoofkantoor in Klerksdorp, Suid-Afrika, strek sy besigheidsaktiwiteite oor vier lande in die SAOG-streek. Die maatskappy se hoofbesigheid, sowel as finansiële, tegniese en logistieke dienste is in die Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Wes-Kaap provinsies in Suid-Afrika asook 'n voetspoor in Malawi, Zambië en Mosambiek.

Die Senwes groep het 'n geïntegreerde model wat die aflewering van sy primêre doel, naamlik om by te dra tot voedselveiligheid op 'n volhoubare basis, fasiliteer.

Senwes Grainlink is die marktoegangskant van die besigheid en verskaf bergings- en hanteringsdienste via 'n goed ontplooide silo-infrastruktuur met 'n kapasiteit van 4,6 miljoen ton, wat meer as 25% van die totale Suid-Afrikaanse kommersiële bergingskapasiteit verteenwoordig. Senwes silo's hanteer sowat 18% van die land se graan en oliesade in 'n normale landbouproduksiejaar. Senwes is 'n betroubare verskaffer van skoon, veilige en gesonde kommoditeite met integriteit en kwaliteit.

Senwes Village is verantwoordelik vir die verskaffing van produksie-insetmiddele en meganisasiebenodigdhede, deur mededingende waarde- en dienspakkette. Waarde word toegevoeg vir produsente deur relevante insetkoste-finansieringspakkette wat deur Senwes Credit gebied word.

Senwes het 'n strategiese vennootskap met Bunge (Europa, Midde-Ooste, Afrika) die bedryfsarm van Bunge Beperk, 'n toonaangewende internasionale agribesigheid en voedselmaatskappy, waardeur gesamentlike ondernemings gestig word wat beide partye in staat stel om hul gesamentlike aspirasies en strategiese doelwitte te realiseer.


'n Gesamentlike onderneming is tans in bedryf, waardeur die partye deelneem aan internasionale verhandeling van geelmielies en oliesade. Senwes en Bunge het ook onlangs

oorengekom om saam die vestiging van 'n oliepersaanleg in Suid-Afrika te ondersoek.

Senwes is 'n vlak 6 BBSEB-bydraer. (Sien BBSEB-telkaart op die webtuiste).


Senwes is 'n ongenoteerde maatskappy met aandele wat oor die toonbank verhandel (oor-die-toonbank-verhandelingsmeganisme).

### GEOGRAFIESE VOETSPOOR



## STRATEGIE

Senwes is gebou op 'n inspirerende en duidelik omskryfde doelwit, 'n duidelike visie en toewyding tot etiese waardes en besigheidskultuur. Die struktuur hieronder bied 'n breë oorsig van die kritiese komponente van die Senwes strategie.



## VISIE 2020

Die Senwes strategie is gebaseer op die uitbou van 'n maatskappy wat op 'n volhoubare basis waarde skep vir al sy belanghebbendes. Ons visie is om 'n voorkeur agri-besigheid te wees en om beskou te word as:


- ❖ Voorkeurbelegging
- ❖ Voorkeurwerkgewer
- ❖ Voorkeurverskaffer
- ❖ Voorkeurvennoot
- ❖ Voorkeurlandsburger

Die Senwes 2020-visie word gedryf deur die behoefte om te groei sowel as deur die vermindering van konsentrasierisiko, gegewe die volwassenheid van die besigheid en die mark waarin ons tans besigheid bedryf. Die strategiese rigting is gemik op diversifikasie regoor die landbouwaardeketting en aangrensende besighede, noodsaaklik en ondersteunend tot die daarstel van die kernbesigheid.



## 2020 BELEGGINGSTRUKTUUR

Die struktuur hieronder verskaf 'n hoëvlakoorlig van die areas waarin die groep bedryfs- en/of ekwiteitsbeleggingsdeelname sal hê.




Die strategie behels die volgende:

- ❖ Verhoog markaandeel in die huidige mark.
- ❖ Geografiese uitbreiding na ander plaaslike markte, die res van Afrika en na die internasionale mark.
- ❖ Versterk korporatiewe beheer, risiko- en nakomingstelsels, strukture en prosesse.
- ❖ Versterk volhoubaarheidsbestuur en integreer dit in die dag-tot-dag bestuur van die besigheid.

- ❖ Belyn die strategie, kultuur en verbeter etiese gedrag regdeur die besigheid.
- ❖ Verkry, ontwikkel, ontplooi en behou die beste talent.
- ❖ Bestuur en bou verhoudings met belanghebbendes en vorm effektiwe strategiese vennootskappe.
- ❖ Bou effektiwe besigheidsintelligensie en versterk 'n kultuur van innovasie ten einde groei en bedryfseffektiwiteit te faciliteer

## ONS BESIGHEIDSMODEL



## DIENSTE AAN LANDBOU:

INSETVERSKAFFING	FINANSIEËLE EN TEGNIESE DIENSTE	MARKTOEGANGSDIENSTE
<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ <b>Handelswinkels</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Produksie-insette</li> <li>• Tuinbouterusting</li> <li>• Hardeware</li> <li>• Buitelewe- en kampeertoerusting</li> </ul> </li> <li>❖ <b>Meganisasie</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Heelgoedere</li> <li>• Onderdele en werkswinkels</li> <li>• Presisieboerdery</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ <b>Produksiefinansiering</b></li> <li>❖ <b>Graanfinansiering</b></li> <li>❖ <b>Batefinansiering</b></li> <li>❖ <b>Landbou-tegniese dienste</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Landboukunde</li> <li>• Grondkunde</li> <li>• Landbou-economie</li> <li>• GIS-dienste</li> </ul> </li> <li>❖ <b>Versekerung</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Oesversekerung</li> <li>• Lewensversekerung</li> <li>• Korttermynversekerung</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ <b>Graanopbergung en -hantering</b></li> <li>❖ <b>Graanverhandeling</b></li> <li>❖ <b>Logistieke oplossing</b></li> <li>❖ <b>Elektroniese sertifikaat-verhandeling</b></li> <li>❖ <b>Streeksverhandeling van graan</b></li> </ul>

## VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

### BESTEK EN BEPALING VAN VERSLAG

Hierdie verslag het betrekking op die finansiële jaar tot 30 April 2012 en bevat die wesenlike aspekte met betrekking tot die Senwes Groep. Die verslag hanteer nie die bedrywe, gesamentlike ondernemings en filiale afsonderlik nie, maar die groep as 'n eenheid.

Verantwoordelike en gebalanseerde verslagdoening aan belanghebbendes is vir ons van kardinale belang. By Senwes glo ons nie net dat ons besigheid onlosmaalklik verbind is tot die gemeenskap en die omgewing nie, maar ook integraal tot die voortgesette en volhoubare prestasie van die Groep.

Die verslag hanteer nie net hoogtepunte ten opsigte van finansiële prestasie nie, maar ook vordering met beoogde sosiale, ekonomiese en omgewingsvereistes. Besonderhede van finansiële prestasie is vervaar in die gedetaileerde finansiële jaarstate en op ons webwerf ([www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)).

Hierdie volhoubaarheidsverslag is saamgestel ooreenkomsdig die "Global Reporting Initiative" (GRI)

G3-riglyne en is belyn met die King III Geïntegreerde Rapporteringsriglyne, terwyl die breëbasis swart ekonomiese bemagtigingsverslagdoening belyn is met die Departement van Handel en Nywerheid se Kode van Goeie Praktyk. Die finansiële state is opgestel ooreenkomsdig die "International Financial Reporting Standards" (IFRS).

Die Direksie erken sy verantwoordelikheid om die integriteit van die volhoubaarheidsverslag te verseker deur die toepassing van die GRI-riglyne. Rapportering teen hierdie riglyne verseker dat dit eenvormig en vergelykbaar is met beste praktyk.

Die Direksie het derhalwe die nodige oorweging aan die volhoubaarheidsverslag geskenk en is van mening dat die verslag alle wesenlike aspekte aanspreek en die volhoubaarheidsprestasie van die organisasie en die impak daarvan, op 'n redelike wyse weergee.

Die volhoubaarheidsverslag is geasseseer deur GRI met 'n vlak C toepassingsvlak.



## VOLHOUBAARHEIDSBESTUUR

### VOLHOUBAARHEID AS INTEGRALE DEEL VAN STRATEGIE

Senwes glo dat sy besigheid nie net onlosmaaklik verbind is tot die gemeenskap en die omgewing nie, maar ook inter-afhanglik is van sy ekonomiese prestasie. Ons glo dat ons volhoubaarheid afhanglik is van die effektiewe bestuur van ons bedryfsaktiwiteite, die versorging van hulpbronne wat deur die besigheid gebruik word en die aanvaarding van individuele en korporatiewe verantwoordelikheid vir die gemeenskaplike en natuurlike omgewing waarin ons besigheid doen. Volhoubaarheid is derhalwe noodsaaklik vir alle fasette van ons besigheid.

Ons glo daaraan dat optimale waarde vir alle belanghebbendes geskep behoort te word met inagneming van die omgewings- en sosiale pligte wat ons te alle tye moet nakom. Ons glo ook dat volhoubaarheid 'n voorvereiste vir volhoubare waardeskepping is. Dit sal die sukses van die besigheid vir die lang termyn maksimaliseer en opbrengs vir ons aandeelhouers en die voordele vir werknekemers, klante, verskaffers, die gemeenskap en die natuurlike omgewing waarin ons besigheid bedryf, volhoubaar optimaliseer.

### VOLHOUBAARHEIDSBESTUUR EN -BENADERING

Senwes se benadering tot volhoubaarheidsbestuur fokus op twee belangrike bepalende faktore, naamlik risiko en geleentheid, elk met twee besigheidswaardedrywers – verlaging van risiko en die beskerming



van inkomste aan die risikodrywer se kant en kostevermindering en inkomstegroei aan die geleenthedskant. Die diagram hieronder verskaf 'n fundamentele illustrasie van die volhoubaarheidsmodel.

Die benadering is gebaseer op die erkenning dat waarde geskep moet word oor die kort, medium en lang termyn ten einde suksesvol en volhoubaar te wees en dat 'n beter en breër begrip en ingesteldheid ontwikkel moet word van wat die kritieke risiko's en geleenthede vir ons besigheid is.

Ons erken ook dat volhoubaarheidsontwikkelingsaspekte nie staties is nie, maar 'n dinamiese verskynsel is wat deurlopend oor tyd ontwikkel. Ons sal ingestel wees op buigsaamheid ten einde veranderinge in ons omgewing te identifiseer en dienooreenkomsdig tydige aanpassings aan te bring.

### VOLHOUBAARHEIDSRAPPORTERINGSBELEIDE

Die volhoubaarheidsverslag het ten doel om 'n gebalanseerde, deursigtige en redelike weergawe van die groep se volhoubaarheids-prestasie vir die jaar te verskaf. Die benadering van die verslag is gebaseer op die GRI-beginsels en fokus op die drie bene van ekonomiese-, sosiale- en omgewingsvolhoubaarheid.

Senwes het 'n progressiewe ontwikkelingsbenadering tot geïntegreerde volhoubaarheidsverslagdoening aanvaar. Dié verslag verteenwoordig bestuur se weergawe van die vordering wat gemaak is in die nastrewing van volhoubaarheidsdoelwitte, die uitdagings wat oorkom moet word en inisiatiewe wat daargestel is ten einde die uitdagings die hoof te bied.

In lyn met bogemelde riglyne, het Senwes se volhoubaarheids-verslagdoening ten doel om verslag te lewer aan belanghebbendes oor ons strategiese prioriteite op 'n wyse wat ons belanghebbendes in staat sou stel om Senwes se vermoë om volhoubare waarde te skep in die kort, medium en lang termyn, te evalueer.

Die huidige benadering tot rapportering fokus op die aksies geneem ten opsigte van elk van die strategiese prioriteite. In die toekoms sal daar verder gefokus word op die vordering wat gemaak is sowel as op die behaling van gestelde doelwitte, vergelyking met wêreldwyre beste praktyk, die uitkom van strategiese prioriteite en die impak daarvan op die relevante belanghebbendes.

## VORDERING TEN OPSIGTE VAN DIE TIEN STRATEGIESE PRIORITEITE

### ONS GROEISTRATEGIE

#### Groei en diversifikasie

Om inkomste te verhoog deur verhoogde markaandeel en gesamentlike ondernemings in die huidige bedieningsgebied, samesmeltings, verkrygings en gesamentlike ondernemings in nuwe markte regdeur die waardeketting in lyn met die 2020-visie; sowel as die diversifisering van inkomstebonne ten einde die konsentrasierisiko oor die lang termyn te verminder.

##### **Hoekom is dit 'n prioriteit?**

Om die risiko van afhanklikheid van weerpatrone en markkonsentrasiërisiko te verminder, is 'n strategiese plan ontwikkel om inkomstebonne oor die medium en lang termyn te diversifiseer. Dit sal ook bydra tot die versterking en integrasie van die graanwaardeketting ten einde volhoubare finansiële prestasie te verseker.

PRESTASIE-AREA	WAARDEDRYWER	VORDERING
<b>Samesmeltings en verkrygings</b>	Inkomstegroei Verhoogde effektiwiteit Verhoogde mededinging	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Die voorgestelde verkryging van 'n meerderheidsaandeel in Graan Boere Groep Beperk (GBG) van Moorreesburg was onsuksesvol.</li> </ul>
<b>Gesamentlike ondernemings en strategiese vennootskappe</b>	Inkomstegroei Benutting van Senwes se korporatiewe en beheerplatforms	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ 'n Transaksie met JD Implemente is gefinaliseer en is in bedryf. Dit het die meganisasiebesigheid van Senwes na die Suid-Kaap uitgebrei.</li> <li>❖ Die gesamentlike onderneming met Bunge, wat verlede jaar aangekondig en oor gerapporteer is, is deur die Mededingskommissie goedgekeur. Die gesamentlike initiatief het reeds verskeie internasionale verhandelingstransaksies van koring en geelmielies gefasiliteer.</li> <li>❖ 'n Ooreenkoms is aangegaan tussen Senwes en NWK met betrekking tot die samevoeging van hul versekeringsbesigheid in 'n 50/50 gesamentlike onderneming. Die gesamentlike onderneming sal in bedryf wees vanaf 1 Mei 2012, aangesien geen regulatoriese goedkeuring benodig was nie.</li> <li>❖ Die Grainovation vennootskap is uitgebrei en het 1% bygedra tot die groei van die Groep.</li> <li>❖ Die gesamentlike kalkonderneming met NWK (Grasland) het ook met 142% jaar-op-jaar gegroei.</li> <li>❖ Senwes en Bunge het ooreen gekom om gesamentlik ondersoek in te stel na die geleenthed om 'n grootskaalse oliesaad- en persaanleg in Suid-Afrika te bou. 'n Persaanleg met 'n kapasiteit van 660 000 ton per jaar is in 'n ondersoekfase. Die huidige ooreenkoms maak voorstiening vir sodanige uitbreiding.</li> <li>❖ Die vennootskap met 'n batefinansierder in terme waarvan ons grondverbande- en huurkoopboek aferkoop is, is drie jaar gelede gevestig. Hoër deelnamevlakte is gedurende die jaar onderhandel.</li> <li>❖ Die Afrika-besigheid is geherstruktureer binne die Bunge vennootskap.</li> <li>❖ Die gesamentlike onderneming met MGK waaraan verlede jaar gerapporteer is, het nie gerealiseer nie weens vertragings in die verkryging van regulatoriese goedkeuring. Dit het 'n negatiewe impak op die groei- en diversifikasie momentum van die Groep se strategie gehad en ingevolge die bepalings van die kontrak is die ooreenkoms dienooreenkomsdig gekanselleer.</li> </ul>

## Groei en diversifikasie (vervolg)

PRESTASIE-AREA	WAARDEDRYWER	VORDERING
<b>Nuwe geografiese voetspoor</b>	Inkomstegroei Diversifikasie van risikoprofiel na ander markte	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Senwes Grainlink de Mocambique is geregistreer en het in November 2011 besigheid begin bedryf.</li> <li>❖ Senwes Grainlink Zambia is geregistreer en besigheidsvoering het in Desember 2011 'n aanvang geneem.</li> <li>❖ Ons bedryf besigheid in Zimbabwe deur strategiese vennootskappe, in afwagting op finalisering van regulatoriese vereistes.</li> <li>❖ Senwes Malawi is in sy tweede seisoen en bepaalde produkte is toegevoeg tot die aanbod binne die streek.</li> <li>❖ Senwes glo steeds in kommoditeitsdiversifikasie en die koringfokus sal gedurende die komende jaar uitgebred word.</li> </ul>

## Finansiële prestasie en produktiwiteit

Om die winslyn te maksimaliseer deur effektiewe kostebestuur, balansstaatbestuur en om 'n groter belyning van kapitaal met die strategiese doelwitte van die besigheid te verseker.

### Hoekom is dit 'n prioriteit?

Ten einde volhoubaar te wees oor die lang termyn, is dit noodsaaklik dat finansiële prestasie op 'n volgehoue basis behaal word, gemeet word en vergelyk word met sleutel finansiële indikatoren.

PRESTASIE-AREA	WAARDEDRYWER	VORDERING
<b>Omset</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Groei met 73% tot R13 miljard as gevolg van die styging in kommoditeitspryse</li> </ul>
<b>EBITDA (Verdienste voor amortisasie en depresiasie, rente en belasting)</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Groei met 5% tot R494 miljoen</li> </ul>
<b>VPA (Verdienste per aandeel)</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Styg met 20,6% tot 146 sent per aandeel</li> </ul>
<b>OOE (Opbrengs op ekwiteit)</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ 21,5% opbrengs op 'n ekwiteit van R1,23 miljard</li> </ul>
<b>TAO (Totale aandeelhouersopbrengs = aandeelgroeい + dividende)</b>	Inkomstebeskerming Inkomstegroei	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Neem af met 5,9%</li> </ul>
<b>Werknemerproduktiwiteit</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Bedryfswins per werknemer styg met 6,2% tot R206 000</li> </ul>
<b>Optimalisering van kapitaal en balansstaatbestuur</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Eiekapitaalverhouding op 41% is steeds binne kapitaalhandhavingsriglyne van 35% - 45%</li> </ul>

## WAARDESKEPPING EN -VERDELING

### ❖ Finansiële prestasie

**Staat van toegevoegde waarde  
vir die jaar geëindig 30 April**


Aantekeninge	GROEP			
	2012 R'm	%	2011 R'm	%
Inkomste	<b>13 097</b>		7 550	
Betaal aan verskaffers vir goedere en dienste	(12 154)		(6 661)	
<b>Waarde toegevoeg</b>	<b>943</b>		889	
Beleggingsaktwiteite	2		4	
<b>WELVAART GESKEP</b>	<b>945</b>		893	
<b>Verdeel soos volg:</b>				
Werknemers en direkteure	<b>437</b>	46,2%	412	46,2%
Salarisse, lone en ander voordele	1 <b>391</b>	41,4%	373	41,8%
Aansporingskema	<b>45</b>	4,8%	39	4,4%
Owerhede	2 <b>111</b>	11,7%	110	12,3%
Finansiers	<b>92</b>	9,8%	115	12,9%
Aandeelhouers	<b>305</b>	32,3%	256	28,6%
Dividende en distribusie aan gewone aandeelhouers	<b>126</b>	13,4%	45	5,0%
Voorsiening vir vervanging van bates	<b>40</b>	4,2%	37	4,1%
Behoue surplus	3 <b>139</b>	14,7%	174	19,5%
<b>WELVAART VERDEEL</b>	<b>945</b>	100,0%	893	100,0%

### Aantekening:

1. Werknemerbydraes van R 4 miljoen (2011 – R4 miljoen) met betrekking tot sentrale versekeringsfondse is nie hierby ingesluit nie, aangesien dit verreken word in die bedrag betaal aan owerhede (Aantekening 2).

2. Sentrale- en plaaslike regering:		
SA normale belasting – huidige jaar	<b>73</b>	95
Afname in uitgestelde belastingbate	<b>13</b>	-
Sekondére belasting op maatskappye	<b>12</b>	4
Vaardigheidsontwikkelingheffing netto van krediete	<b>3</b>	2
Belasting betaal aan plaaslike owerhede	<b>6</b>	5
Sentrale versekeringsfondse	<b>4</b>	4
Totale spandering aan owerhede	<b>111</b>	110
3. Behoue surplus bestaan uit:		
Groep wins na belasting	<b>265</b>	219
Dividende	(126)	(45)
Behoue surplus	<b>139</b>	174

## VERDELING VAN WELVAART



## FIKSHEID EN EFFEKTIWITEIT VAN DIE ORGANISASIE

### Besigheidsintelligensie en -innovasie

Om ons kennis en begrip van die bedryf, mark en klant te verbeter ten einde die Maatskappy strategies te posisioneer en effektiel en tydig op omgewingsveranderinge te reageer sowel as die ondersteuning van die proses van innovasie in die onderneming in terme van die besigheidsmodel, produkte, dienste en prosesse.

#### Hoekom is dit 'n prioriteit?

In 'n volatile omgewing gekenmerk deur groot onsekerheid, is dit fundamenteel vir 'n organisasie om effektiwe ontleding en besigheidsintelligensie tot sy beskikking te hê, ten einde die organisasie in staat sal stel om 'n beter begrip van die besigheid en omgewing te kweek en wat terselfdertyd data sal verskaf vir effektiwe voorkennis en toekomsscenario-analise. Dit sal nie net die organisasie in staat stel om intyds te reageer nie, maar ook om dienooreenkomsdig te antisipeer en te innooveer. Ondeurdagte innovasie kan egter veel nadeliger wees as geen innovasie.

PRESTASIE-AREA	WAARDEDRYWER	VORDERING
<b>Besigheidsintelligensie</b>	Inkomstebeskerming Risikooverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Kennis van plaaslike en internasionale drywers van kommoditeitsprysse sal baie beter die rasional van die plaaslike prys kan voorspel en, tesame met die assessering van die huidige plaaslike volumes, kan Senwes groter deelname aan in- en uitvoere onderneem.</li> <li>❖ Beter arbitrage-geleenthede en vinner reaksietyd om nuwe besigheidsplanne te implementeer in 'n hoogs volatile en veranderende markomgewing.</li> <li>❖ Kennis van die markspelers sal konsolidasie faciliteer en die weg voorberei vir verdere samesmeltings.</li> <li>❖ Nuwe tegnologiese ontwikkeling en kennis van beste praktyke sal koste verminder en effektiwiteit optimaliseer. Navorsing en ontwikkelingsaksies sal die mees koste-effektiewe besigheidsmodel tot gevolg hê.</li> </ul>

## Besigheidsintelligensie en -innovasie (vervolg)

PRESTASIE-AREA	WAARDEDRYWER	VORDERING
<b>Innovasie</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevernindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Besigheidseenhede sal só gestruktureer word dat dit produkontwikkeling sal optimaliseer en 'n kultuur van innovering en van wen-wen venootskappe sal vestig.</li> <li>❖ Transaksies word op so 'n wyse gestruktureer dat dit 'n nuwe landskap met 'n nuwe stel reëls daarstel.</li> <li>❖ Die Sentrum van Uitnemendheid sal op kosteverlaging en verbeterde dienslewering fokus en ook die korporatiewe struktuur sodanig posisioneer dat transaksies gefasiliteer word waar wetgewende nakoming en die koste van beheer te duur en riskant geword het, veral ten opsigte van besighede wat reëel sukkel om groei te handhaaf.</li> </ul>

## Organisatoriese fiksheid en bedryfseffektiwiteit

### Hoekom is dit 'n prioriteit?

Geen organisasie bedryf besigheid in 'n vakuum nie; elke besluit en elke aksie word beïnvloed deur 'n wye reeks kragte, intern sowel as ekstern, tot die besigheid. Suksesvolle besighede is besighede wat in staat is om vinnig aan te pas en wat meer effektiief reageer om die kragte wat prestasie sal verbeter te ontgin, terwyl hulle hul reaksie op kragte wat prestasie beperk, optimaliseer

PRESTASIE-AREA	WAARDEDRYWER	VORDERING
<b>Sentrum van Uitnemendheid</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevernindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ 'n Sentrum van Uitnemendheid is gevestig wat sal fokus op die verbetering van strukturele-, proses-, stelsel- en hulpronneffektiwiteit in die Groep. Die sentrum sal vir eers op hoër effektiwiteit en produktiwiteit met 'n laer kosteplatform fokus.</li> </ul>

## ONS MENSE

### Talent, Etiek en Kultuur

Om te verseker dat die Maatskappy oor die regte talent op die regte plek, die regte tyd en teen die regte prys beskik, wat te alle tye eties optree, en oor 'n kultuur beskik wat die effektiewe nastrewing van ons strategiese doelwitte bevorder, terwyl dit terselfdertyd ons mense in staat stel om hul potensiaal te ontfyn.

### Hoekom is dit 'n prioriteit?

Die kwaliteit en toewyding van ons mense is een van die sleutelfaktore in die sukses van ons besigheid. Ons glo dat 'n gesonde, betrokke, goed opgeleide en gemotiveerde werksmag met 'n passie vir wat hulle elke dag doen, 'n uiters belangrike mededingingsvoordeel is.

PRESTASIE-AREA	WAARDEDRYWER	VORDERING
<b>Ovopvolgbeplanning</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevernindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ 'n Ovopvolgplan vir sleutelbestuur is in plek en word twee maal per jaar hersien om die toereikendheid en effektiwiteit daarvan te beoordeel.</li> </ul>
<b>Leierskapontwikkeling</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevernindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ 'n Leierskapontwikkelingsprogram is in plek vir senior bestuur in die Groep wat gefokus is op die kritiese vaardighede wat benodig word vir die uitvoering van die strategie.</li> <li>❖ Top organisasies plaaslik en internasionaal is geïdentifiseer, wat toepaslike kursusse aanbied wat noodsaaklik is vir die bemagtiging van ons senior bestuur om die effektiewe uitvoering van die 2020-strategie te verseker.</li> </ul>
<b>Etiese program</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevernindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ 'n Etiese Komitee, hoof etiese beampete en divisionele etiese beampetes is aangewys en dienooreenkomsdig opgelei.</li> <li>❖ Die etiese program word tans geïmplementeer (sien besonderhede hierna).</li> </ul>

## Talent, Etiel en Kultuur (vervolg)

PRESTASIE-AREA	WAARDEDRYWER	VORDERING
<b>Organisasiekultuur</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	❖ 'n Kultuur- en klimaatsopname is gedoen, wat hoë vlakke van werk-nemertevredenheid, toewyding tot strategie en waardes en lojaliteit teenoor die organisasie aandui. Dit het ook op 'n hoë vlak van individuele aanvaarding van eienaarskap van die strategie van die organisasie en die nastrewing van die strategiese doelwitte van die organisasie gedui.
<b>Vaardighedsontwikkeling</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	❖ Senwes belê deurlopend in die verkryging en ontwikkeling van talent deur die Senwes Akademie, wat fokus op die program vir gegradeerde, leerlingskappe, ABET ("adult basic education and training"), erkenning van vorige studies, bestuurs- en leierskap-ontwikkelingsprogramme.  ❖ Senwes het twaalf gegradeerde gewerf en opgelei gedurende die jaar onder oorsig en 38 persone het reeds die program suksesvol voltooi oor 'n driejaarperiode. Besonderhede van die program vir gegradeerde word hieronder verskaf (sien bladsy 38).
<b>Stabiele arbeidsomgewing</b>	Risikoverlaging	❖ Programme is ontplooい wat ten doel het om 'n stabiele arbeidsomgewing te vestig, gebaseer op respek vir en regverdige behandeling van werknemers, goeie verhoudings met vakbondse sowel as nakoming van arbeidswetgewing (sien bladsy 38).
<b>'n Gesonde en veilige werksomgewing</b>	Risikoverlaging	❖ Gesondheids- en veiligheidsprogramme word uitgerol in ooreenstemming met toepaslike regulasies en beste praktyke, ten einde die welstand van ons werknemers te verseker (sien besonderhede op bladsy 39).

## DIE VOLGENDE STATISTIEK VOORSIEN ADDISIONELE INSIG:

WERKEMERSTATISTIEK		2012	2011	BEWEGING
Aantal werknemers op jaareinde	<b>Aantal</b>	<b>2 170</b>	2 201	1,4%
Werknemeromset	%	<b>13,2%</b>	12%	(1,2%)
Direkte belegging in vaardighedsontwikkeling	<b>R'm</b>	<b>4,5</b>	3,1	45,2%
Vaardighedsontwikkeling as % van belasbare salarisrol	%	<b>1,3%</b>	0,9%	0,4%
WERKNEMERPRODUKTIWITEIT		2012	2011	BEWEGING
Inkomste per werknemer	<b>R'm</b>	<b>6,0</b>	3,4	76%
Bedryfswins per werknemer	<b>R'000</b>	<b>206</b>	194	6,2%

## OPVOLGBEPLANNINGSBESTUUR

Deur die bestuur van opvolgbeplanning, verseker Senwes dat werknemers gewerf en ontwikkel word om kritieke rolle binne die Maatskappy te vervul. 'n Talentbestuurstelsel is ontwikkel om opvolgbeplanning en talent te bestuur. Talentforums is per afdeling binne die Maatskappy gevestig waar die risiko van verlies aan kritieke posbekleërs en risikoverlagingaksies geïdentifiseer en bespreek word. Spesifieke loopbaanbeplanning vir talentvolle werknemers is ook in plek geplaas vir geselekteerde individue.

## VAARDIGHEDSONTWIKKELING EN DIE SENWES AKADEMIE

As 'n geakkrediteerde verskaffer van opleiding, is die Senwes Akademie gevestig om werksverwante kwalifikasies te verskaf. Senwes het daarvliegbaar om tyd en hulpbronne te belê ten einde die werksmag met nuwe vaardighede toe te rus en om bevoegdheid te beloon deur die toekenning van nasionale kwalifikasies aan leerders. Die groep is verbind daartoe om te belê in bekostigbare en toepaslike hulpbronne ten opsigte van opleiding en vaardighedsontwikkeling

van werknemers en erken dat groter klem op die ontwikkeling van voorheen benadeelde groepes geplaas behoort te word ten einde die behaling van SEB-doelwitte te bevorder.

## ETIESE PROGRAM

'n Etiese program is gevestig wat op bewusmaking van die belangrikheid van besigheidsetiek fokus en wat werknemers bemagtig om etiese dilemmas te hanteer. Etiese beampies is aangestel vir die Groep sowel as vir die onderskeie afdelings om die implementering van die program te hanteer.

Die program behels die volgende:

- ❖ Die skep van 'n gemeenskaplike siening ten opsigte van etiek
- ❖ Die ontwikkeling van 'n etiese kode
- ❖ Die vestiging van 'n etiese beheerraamwerk en strukture
- ❖ Die opleiding van die Direksie, bestuur en personeel met betrekking tot etiek
- ❖ Die bevordering van etiese gedrag
- ❖ Die vestiging van rapporteringsmechanismes

## PROGRAM VIR GEGRADUEERDES

Die doel van die program is om 'n leierskappoel te ontwikkel deur die werwing en ontwikkeling van gegradsueerdees, ooreenkomsdig die Maatskappy se toekomstige talentbehoeftes. Met dit in gedagte, het Senwes 38 gegradsueerdees oor die afgelope drie jaar ingeskryf vir 'n twaalfmaande ontwikkelingsprogram. Minstens 80% van die gegradsueerdees wat die program voltooi het, is in die maatskappy opgeneem en is geslaag in die ontwikkeling van die talentpool.

## ARBEIDS-BETREKKINGE

Senwes onderskryf die volgende beginsels en regte van werkers:

- ❖ Vryheid van assosiasie en erkenning van die regte met betrekking tot kollektiewe bedeling;
- ❖ Die eliminering van enige vorm van gedwonge arbeid; en
- ❖ Eliminering van diskriminasie ten opsigte van werkverskaffing en werksbesetting.

Senwes is 'n lid van die Werkgewersorganisasie vir die Graanbedryf en is 'n lid van die Bedingsraad vir die Graanbedryf. Die diensvoorraades en vergoeding van werknemers op sekere posvlakke word kollektief op die forum beding. Die oogmerk van die forum is om kollektief bedryfsnorme daar te stel in terme van werknemervoordele, sonder dat maatskappye hul unieke identiteit inboet.

Prestasies bereik deur die forum sluit in die bepaling van 'n



minimumloon vir die bedryf en die vestiging van 'n voorsorgfonds vir die bedryf. Die Bedingsraad het ook sy bestek en toepassing heroorweeg en dit in die Staatskoerant gepubliseer. Gesprek word met die Arbeidsdepartement gevoer oor die oorweging van 'n moontlike uitgebreide bestek en toepassing op 'n nasionale basis.

Senwes skakel en vergader met vakbondse, wat erkenning geniet op Bedingsraadvlek, en onderhandel ook met hulle op individuele vlak. Die vestiging van gesonde arbeidsverhoudinge en openlike, eerlike gesprekvoering is van die uiterste belang.

Vir die jaar onder oorsig, het 29% (2011: 29%) van Senwes se werknemers aan 'n erkende vakbond behoort.

## BELEIDE EN PRAKTYKE

Die personeelbeleid van Senwes word gereeld opgedateer ten einde tred te hou met die veranderende menslike hulpbronwomgewing. Die beleid sluit relevante menslike hulpbronverwante beleide en procedures in, soos byvoorbeeld 'n etiese kode, dissiplinêre kode en procedures, graweprocedure en teisteringsbeleide.

Die oogmerk van die Maatskappy is om hierdie beleide regverdig en konsekwent toe te pas, met inagneming van unieke situasies. Die beleide is deursigtig en tot beskikking van alle betrokkenes. Pogings word deurlopend aangewend om te verseker dat werknemers die beleide verstaan en, meer belangrik, dat werknemers die redes vir die bestaan van die beleide en praktyke verstaan.

Beleide is op versoek beskikbaar op die intranet in die vorm van harde kopieë, en nuwe werknemers word ook in kennis gestel van sodanige beleide tydens induksieprogramme.

## ELIMINERING VAN DISKRIMINASIE

Die Senwes Groep kondoneer geen diskriminerende gedrag ten opsigte van ras, geslag, seksuele voorkeur, geloof of oortuiging nie. Indien enige incident van 'n diskriminerende aard voorkom, word dissiplinêre aksie ingestel, wat ten doel het om sodanige insidente reg te stel en/of aan te spreek.

Werknemers mag aspekte wat kommer wek en ander verwante aspekte op die tafel plaas deur die bestaande graweprocedure, sonder enige vrees vir viktimisering. Geen insidente van diskriminasie is in die jaar onder oorsig aangemeld nie.

## KINDERARBEID

Senwes neem geen persoon onder die ouderdom van agtien jaar in diens nie. Daar was geen incident wat verband hou met kinderarbeid gedurende die jaar onder oorsig nie.

## GEDWONGE ARBEID

Senwes kom arbeidswetgewing na en verseker dat geen gedwonge arbeidspraktyke plaasvind nie. Geen sodanige gevalle is gedurende die jaar onder oorsig gerapporteer nie.

## TRADISIONELE REGTE

Die Maatskappy strewe daarna om die tradisionele regte en praktyke van werknemers te verstaan en poog om dit te akommodeer waar praktiese oorwegings voortspruitend uit *juris prudence* en ontwikkeling insluit.

## DISSIPLINÊRE PROSESSE

Alle formele dissiplinêre prosesse word nagegaan om nakoming van die beleid en procedures sowel as regverdigheid en konsekwendheid te verseker. Gereelde kursusse word aangebied om opleiding aan werknemers te verskaf met betrekking tot arbeidsverwante aspekte, wat praktiese oorwegings voortspruitend uit *juris prudence* en ontwikkeling insluit.

## SENWES PRESTASIEBESTUURSTELSEL

Die doelwit met die prestasiebestuurstelsel is om elke werknemer se uitset in terme van kwaliteit en kwantiteit te optimaliseer en daardeur te verseker dat doelwitte konsekwent behaal word op 'n effektiewe en doelgerigte wyse en dat die prestasie van individue en die organisasie daardeur sal verbeter.

Die Senwes prestasiebestuurstelsel is gebaseer op 'n gebalanceerde telkaartbenadering en behels minstens twee kontaksessies per jaar.

Die stelsel monitor prestasie en bied werknemers die geleenthed vir interaksie met hul toesighouers. Die prestasietylings word gebruik in die formulering van ontwikkelingsplanne en die berekening van prestasiebonusse.

## VEILIGHEID EN GESONDHEID

Die bestuur van korporatiewe risiko's is 'n sleutelfaktor vir alle organisasies in die publieke en privaatsektor. 'n Sleutelrisiko-area is die gesondheid en veiligheid van die Maatskappy se werknemers, kontrakteurs en lede van die publiek en klante wat geaffekteer mag word deur die Maatskappy se aktiwiteite. Die Senwes SHE ("Safety, Health and Environment") geïntegreerde stelsel ondersteun die standaardisering van die korporatiewe en SHE-bestuursproses.

Senwes gebruik 'n goedegeurde aanstellingstruktuur as raamwerk waarbinne verantwoordelike werknemers aangestel word op komitees. Elke bedryfseenheid, insluitend hoofkantoor, het 'n funksionele veiligheids- en gesondheidskomitee bestaande uit SHE-verteenwoordigers en bestuursverteenwoordigers.

Alle komitees vergader gereeld volgens beleid om veiligheids- en gesondheidsaspekte te bespreek sowel as beserings wat voorgekom het, ondersoek met betrekking daartoe en, meer belangrik, aanbevele korrektere aksies ten einde herhalings daarvan te voorkom. Die gesondheids- en veiligheidsopleidingsprogram vorm deel van die vaardigheidsontwikkelingsplan en maak voorsiening vir opknappingskursusse en die meeste gesondheid- en veiligheidsintervensies. Opleiding word gedek deur formele onderwys, gesondheid- en veiligheidsomsendskrywes, ope gesondheidsdae en gesprekke met

betrekking tot die bevordering van gesondheid, 'n voorstelkissie en gesondheids- en veiligheidsbulletins in die Maatskappy se interne nuusbrief.

'n Uitgebreide WBP- (Werknemer Bystand Plan) en welstandsprogram word tans gefinaliseer, vir die voorkoming van MIV/VIGS, SOS'e (seksueel oordraagbare siektes) en TB. Berading sal ook uitgebrei word om die evaluering van personeel in nood, motiveringsprekers oor onderwerpe soos voeding, fisiese oefening en finansiële berading in te sluit. Die plan het ten doel om 90% van ons werknemers teen 2015 te bereik.

## KOERS VAN BESERINGS, BEDRYFSIEKTES, VERLORE DAE EN AFWESIGHEID

INDIKATORS	2012	2011
Korporatiewe man-ure gewerk	<b>4 696 509</b>	4 784 592
Artikel 24 ongeskiktheidsbeserings	<b>8</b>	12
Ongeskiktheidsbeserings	<b>38</b>	50
Man-dae verloor weens beserings	<b>6 537</b>	12 442
DIFR (ongeskiktheidsbeseringskoers)	<b>1,96</b>	3
Nie-ongeskiktheidsbeserings (NDI)	<b>23</b>	31
Gehoorverlies	<b>0</b>	2

## KLANTEGESONDHEID EN -VEILIGHEID

Senwes hanteer voorbereide en verpakte voedsel. Ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels en Regulasies (R918), word voedselmonsters elke ses maande by ons voedselvoorbereidingspersele geneem vir bakteriologiese ontledings- en kwaliteitsdoleindes. Watermonsters (afloopwater) word elke ses maande by ons silo's geneem om sekere aspekte, soos pH-vlakte enzovoorts, te bepaal.

Verpakte voedsel word nagegaan tydens deurlopende risikobepalingsoefeninge vir aspekte soos vervaldatums, blikkies wat uitbult, bedorwe voedsel en ontoereikende berging wat tot kruisbesmetting kan lei.

## Beheer, risiko en nakoming

(Verwys ook na die Korporatiewe Beheerverslag)

Die versekering van hoogstaarde ten opsigte van korporatiewe beheer, ooreenkomstig die King III-riglyne, sowel as effektiewe bestuur en nakoming van alle wetgewing.

### Hoekom is dit 'n prioriteit?

Ten einde 'n maatskappy in staat te stel om volhoubaar te wees, is dit noodsaaklik vir direkteure om hulle te verbind tot die instandhouding van die hoogste standaarde van korporatiewe beheer wat fundamenteel is tot die uitvoering van hul verantwoordelikhede in terme van voogdyskap, die verskaffing van leierskap, rigting en beheer.

PRESTASIE-AREA	WAARDEDRYWER	VORDERING
<b>Direksiekomitees</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	❖ Alle direksiekomitees, soos vereis ooreenkomstig die bepalings van die nuwe Maatskappywet en/of soos aanbeveel deur King III, is in die lewe geroep en operasioneel.
<b>Direksie-ontwikkeling</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	❖ Ontwikkeling van die Direksie vind op 'n deurlopende basis plaas.

## Beheer, risiko en nakoming (vervolg)

PRESTASIE-AREA	WAARDEDRYWER	VORDERING
<b>Sosiale en Etiese Komitee</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei	❖ 'n Sosiale en Etiese Komitee is gevestig ooreenkomstig die bepalings van die nuwe Maatskappywet.
<b>Nakomingsbestuur</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	❖ Nakoming word deur 'n interne Nakomingskomitee met divisionele nakomingsbeambtes bestuur en word deur die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee gemonitor.
<b>Risikobestuur</b>	Inkomstegroei Risikoverlaging Kostevermindering	❖ Risikobestuur is by bestuursprakteke geïntegreer en word deur die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee gemonitor. ❖ 'n Proses om risiko- en volhoubaarheidsbestuur regdeur die Maatskappy te belyn ten einde op beide risiko en geleentheid te fokus, word tans ondersoek en strukture sal herbelyn word om effektiewe implementering te faciliteer.

## Volhoubaarheidsbestuur en transformasie

Om te beskik oor effektiewe strategieë en stelsels vir die bestuur en integrasie van volhoubaarheid en transformasie in die dag-tot-dag aktiwiteit van Senwes.

### Hoekom is dit 'n prioriteit?

Volhoubaarheid en transformasie, belyn met die veranderende omgewing, is integraal tot langtermynsukses en dra by tot die volhoubaarheid van 'n sosiale, ekonomiese en natuurlike omgewing, wat 'n voorvereiste vir die volhoubare ontwikkeling van 'n besigheid is.

PRESTASIE-AREA	WAARDEDRYWER	VORDERING
<b>Volhoubaarheidsbestuur</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	❖ Volhoubaarheid is geïntegreer in die strategiese bestuursprosesse van die organisasie. ❖ Volhoubaarheidsaspekte is geïdentifiseer en word geïntegreer in die dag-tot-dag bedryfsbestuur.
<b>Transformasie en Breébasis SEB</b>	Inkomstebeskerming Risikoverlaging Inkomstegroei Kostevermindering	❖ Alhoewel Royal Bafokeng uitgetree het as 'n 17% SEB-aandeelhouer in Senwes deur sy aandele terug te verkoop aan Senwesbel, het Senwes die bemagtigingsdoelwitte behaal, soos bepaal in die goeie praktekkode in terme van die SEB-transaksie. Senwes sal derhalwe sy telling in terme van eienaarskap behou. ❖ Ondersoeke is onderweg om 'n nuwe SEB-transaksie te struktureer. ❖ Transformasie in terme van SEB-doelwitte dui op stagnering oor die afgelope drie jaar, veral met betrekking tot gelyke indiensneming. ❖ Uitgebreide werk word in die vaardighedsontwikkelingsarea gedoen ten einde vordering in die verband te verbeter en sodoende die kans om die gestelde doelwitte te bereik, te verbeter.
<b>Sosio-ekonomiese- en Ondernemingsontwikkeling</b>		❖ Sosiale ontwikkelingsprogramme word geïmplementeer en gemeenskapsinisiatiewe ondersteun in ooreenstemming met ons sosiale ontwikkelingsprogram en -strategie. ❖ R2,5 miljoen is aan gemeenskapsontwikkelingsprogramme bestee gedurende die jaar onder oorsig. ❖ R30 miljoen is aan organisasie-ontwikkeling bestee, wat produksielêgings aan ontwikkelende boere insluit.

## **ONS GEMEENSKAP**

### **SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING**

As 'n sosiaal-verantwoordelike korporatiewe burger, is Senwes trots op sy betrokkenheid en belegging in die gemeenskap. Die Groep het 'n beduidende impak op die volgende fokusareas gemaak deur sy vennootskappe met verskeie sosiale organisasies:

- ❖ Onderwys
- ❖ Entrepreneurskap en werkskepping
- ❖ Sport
- ❖ Kuns en kultuur
- ❖ Gesondheid en welsyn

### **SPORT EN ONTSPANNING**

#### **Senwes Spinners**

Senwes Spinners, die plaasskool krieketontwikkelingsprogram in vennootskap met die Noordwes Krieket Assosiasie, bied aan jongmense uit plattelandse gemeenskappe nie net die geleentheid om krieket te speel nie, maar ook die geleentheid om die lesse te leer wat sport bied, soos toewyding, regverdigheid, deursettingsvermoë en spangees. Daarbenewens verskaf dit ook die geleentheid aan jong mense om te sosialiseer en pret te hê binne die kultureel gediversifiseerde Senwes Spinners gemeenskap.

Die program het 130 leerders aan die spel voorgestel en hulle toegerus met goeie kwaliteit opleiding, afrigting en toerusting. Die program is ook uitgebrei na die onderwysers, wat opgelei is as afrigters en skeidsregters, wat hulle bemagtig het met die nodige vaardighede om 'n volhoubare program en oordrag van vaardighede te verseker.

Uitstaande presteerders is geïdentifiseer en die geleentheid gebied

om 'n hoog aangeskrewe akademiese en krieketskool by te woon, wat hulle sodoende die geleentheid gebied het om krieket op 'n hoërvlak te speel. Een van hierdie presteerders het matriek in 2011 voltooi. Daar is tans vier leerders in die program, waarvan een matriek in 2012 sal voltooi.

Kyk gerus na die Senwes Spinners se video's op YouTube by [www.youtube.com/senwestv](http://www.youtube.com/senwestv).

#### **Senwes Skole Sokkerliga**

Die Senwes Skole Sokkerliga op Bothaville is 'n sokkerontwikkelingsprogram wat op laerskoolseuns en -dogters fokus. Agt skole is betrokke by die program, met twee spanne per skool wat deelneem aan 'n liga en uitklopkompetisies. Die program het reeds op hierdie manier uitgereik na meer as 110 seuns en 110 dogters.

#### **Die Platteilandse Skole Atletiekprogram**

Die Platteilandse Skole Atletiekprogram behels twaalf plattelandse skole in die Vrystaat wat aan 'n jaarlikse kompetisie deelneem. Die program reik uit na sowat 1 200 leerders.

### **ONDERNEMINGSONTWIKKELINGSPROGRAMME**

#### **Bemagtiging van ontwikkelende boere**

Senwes is aktief betrokke by 'n projek wat die opleiding en ontwikkeling van ontwikkelende boere ten doel het sowel as die verskaffing van praktiese mentorskap en opleiding in verskeie landbou- en boerderydissiplines.

Senwes bied 'n opleidingskursus in boerderybestuur om boere by te staan in die aanleer van basiese boerderyvaardighede en om die beste boerderypraktyke toe te pas.



'n Groep van 20 ontwikkelende boere het opleiding ontvang op die volgende gebiede:

- ❖ Boerdery-besigheidsbestuur
- ❖ Finansiële bestuur en administrasie
- ❖ Personeelbestuur
- ❖ Algemene bestuursbeginsels
- ❖ Effektiewe gebruik van elektrisiteit op plase
- ❖ Mens- en prosesvaardighede
- ❖ Lewende hawe-bestuur in praktyk.

Senwes staan ontwikkelende boere by met tegniese ondersteuning, produksiefinansiering en opleiding ten einde te verseker dat die bewerkbare grond in ons gebied produktief is en dat opkomende boere winsgewende boerderye kan bedryf deur die toepassing van die beste boerderyprakteky.

#### **Entrepreneurskompetisie**

Die Senwes Entrepreneurskompetisie is gemik op laer- en hoëskole in die Senwes gebied. 'n Totaal van 57 hoëskool- en 257 laerskoolleerders het aan die kompetisie deelgeneem. Die doel van

die kompetisie is om entrepreneurskap onder jongmense te bevorder en aan te moedig.

Die kompetisie word aangebied in vennootskap met die Universiteit van die Vrystaat. Sedert die ontstaan van die kompetisie, het ses leerders wat die kompetisie gewen het, beurse ontvang vir die dekking van studiefooie by tersiêre instansies.

#### **Jongboer Toekomsfokusdag**

Senwes Jongboer Toekomsfokus is 'n konferensie vir jongboere van die Vrystaat en Noordwes waar kundiges op verskeie gebiede die jongboere toespreek. Die doel is om jongmense aan te moedig om boerdery as loopbaan te volg en om hulle te bemagtig om die uitdagings van kommersiële boerdery te hanter. Sowat 300 jongboere woon jaarliks die konferensie by.

#### **Nasionale konferensieborgskappe**

Senwes het ses nasionale konferensies geborg, wat deur verskeie organisasies uit die landboubedryf bygewoon is, nege provinsiale kongresse en 170 distrikts- en plaaslike boereverenigings of landbouverwante instansies.

NASIONALE ORGANISASIES	PROVINSIALE ORGANISASIES
<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Agri SA</li> <li>❖ Graan SA Jaarlikse Kongres</li> <li>❖ Nasionale Meulenaarskamer Jaarlikse Konferensie</li> <li>❖ Graanhanteringsorganisasie van SA Jaarlikse Konferensie</li> <li>❖ AMT Agri-vooruitskouingskonferensie</li> <li>❖ Agri Securitas</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Vrystaat Landbou-unie Jaarkongres</li> <li>❖ Agri Noordwes Jaarkongres</li> <li>❖ Agri Noord-Kaap Jaarkongres</li> <li>❖ Vrystaat Landbou-unie Jongboerkongres</li> <li>❖ Agri Noordwes Jongboerkongres</li> <li>❖ Vrystaat Vrouelandbou-unie</li> <li>❖ Agri Noordwes Vrouelandbou-unie</li> <li>❖ Rooivleis Produsente Organisasie (Noordwes)</li> <li>❖ Hebron Koringdag</li> </ul>

#### **Brandrampfonds**

Senwes het met sy klante en verskaffers saamgespan om produsente by te staan wat verliese gely het in die vernietigende veldbrande in die Noordwes en Vrystaat. 'n Brandrampfonds is op die been gebring vir beide Agri NW en Vrystaat Landbou en elk van die landbou-unies het 'n bedrag van R220 000 ontvang.

Benewens kontant en produkte wat deur produsente geskenk is, het baie ook graan geskenk wat verkoop kon word.

#### **Plaas- en landelike veiligheid**

Senwes, in vennootskap met OFM, Noordwes Krieket en Engen, het fondse ingesamel vir Agri Securitas, met die doel om hulle te help om sekuriteit in die boere- en landelike gemeenskappe in Suid-Afrika te verseker. 'n Totale bedrag van R150 000 is aan Agri Securitas geskenk.

#### **Gemeenskapsprogramme**

Senwes ondersteun geselekteerde kredietwaardige NWO's en welsynsorganisasies met fondsinsamelings. In die afgelope jaar het tien organisasies voordeel getrek uit Senwes Village se "Greens to Dreams" gholf insamelingsprojek en vyf organisasies trek voordeel uit die Senwes Credit R1 miljoen projek.

#### **Welsyn**

Senwes bied jaarliks 'n Kerspartyjie vir ses organisasies in samewerking met ander sosiale en besigheidsvennote. Ons speel gasheer vir 400

gestremde of hulpbehoewende kinders in die Klerksdorp-gebied. Die geleentheid word deur Senwes personeel gereel en aangebied en die kinders ontvang geskenke, gekoop deur personeel uit hul persoonlike fondse.

#### **Onderrigprogramme**

Senwes werk in vennootskap met akademiese instansies in beide die Vrystaat en Noordwes, wat ons hoof bedieningsgebied is. 'n Beurs is gedurende die afgelope jaar toegeken aan 'n verdienstelike student wat in 'n landbourigting by die Universiteit van die Vrystaat studeer. Senwes het ook 'n rekenaarsentrum tot stand gebring by NWU en help met die bedryf daarvan.

#### **SWART EKONOMIESE BEMAGTING**

Senwes is 'n vlak 6 SEB-bydraer.

ELEMENTE	DOELWIT	SENWES WERKLIKE TELLINGS
Eienaarskap	20	18,7
Bestuursbeheer	10	2,3
Gelyke indiensneming	15	-
Vaardigheidsontwikkeling	15	4,9
Voorkeurverskaffing	20	5,7
Ondernemingsontwikkeling	15	15,0
Sosio-ekonomiese ontwikkeling	5	3,5
Totaal	100	50,2



## DIVERSITEIT EN GELYKE GELEENTHEDE

	NIE-BLANK		BLANK		BUITELANDERS		TOTAAL
	MANLIK	VROULIK	MANLIK	VROUWLIK	MANLIK	VROUWLIK	
<b>UITVOERENDE DIREKTEURE</b>	-	-	2	-	-	-	2
<b>SENIOR BESTUUR</b>	1	-	11	1	-	-	13
<b>MIDDELBESTUUR</b>	7	1	73	14	-	-	95
<b>JUNIORBESTUUR EN SPESIALISTE</b>	37	10	295	94	-	-	436
<b>GESKOOLDE WERKERS</b>	237	129	121	206	-	-	693
<b>ONGESKOOLDE WERKERS</b>	710	68	4	7	-	-	789
<b>TOTAAL PERMANENT</b>	<b>992</b>	<b>208</b>	<b>506</b>	<b>322</b>	-	-	<b>2 028</b>
<b>TYDELIKE WERKNEMERS</b>	68	10	38	25	1	-	142
<b>TOTAAL VAN MAATSKAPPY</b>	<b>1 060</b>	<b>218</b>	<b>544</b>	<b>347</b>	<b>1</b>	-	<b>2 170</b>
<b>NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE</b>	1	1	9	-	-	-	11
<b>GROOTTOTAAL NA NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE</b>	<b>1 061</b>	<b>219</b>	<b>553</b>	<b>347</b>	<b>1</b>	-	<b>2 181</b>

### Kritieke vaardigheidsontwikkeling

Gedurende die jaar onder oorsig is 'n geïntegreerde talentontwikkelingsbenadering aanvaar wat die ontwikkeling van 'n kritieke vaardigheidspoel ten doel het om die Gelyke Indiensnemingsplan te ondersteun in die kort, medium en lang termyn. Dit het die identifisering van kritieke en skaars vaardighede behels, waar gelyke indiensnemingsgeleenthede voortspruitend uit natuurlike attrisie waarskynlik in die medium en lang termyn na vore sal kom.

Die volgende is geïdentifiseer as kritiese vaardighede in areas wat geoormerk is vir transformasie:

- ❖ Graanverkryging
- ❖ Graanbemarking
- ❖ Trekkerwerktyukundiges en onderdeledienste
- ❖ Kleinhandelwinkelbestuurders
- ❖ Silobestuurders
- ❖ Landboukundiges

Senwes fokus op vaardigheidsontwikkelingsprogramme wat verband hou met gemelde areas ten einde groter blootstelling aan hierdie belangrike rolle te gee. Ons is bewus van die feit dat die resultate van gemelde programme nie onmiddellik in die numeriese doelwitte waargeneem sal word nie, aangesien leerders op die laer vlakke in die organisasie opgeneem word en by wyse van versnelde bestuursontwikkelingsprogramme ontwikkel word tot junior- en middelbestuursvlak.

### Voorkeurverskaffing

Ons SEB-proses fokus op die verkryging van goedere en dienste vanaf voorheen-benadeelde Suid-Afrikaners op 'n voorkeurbasis, alhoewel sekere goedere en dienste nie beskikbaar is vanaf bemagtigde maatskappye nie weens die gespesialiseerde aard daarvan. Ons identifiseer deurlopend nuwe SEB-verskaffers in 'n poging om die gedeelte van ons verkrygingspandering wat aan SEB-verskaffers geallokeer word, te verhoog.

Ten einde SEB-verkryging te verhoog, het ons 'n SEB-vekrygingsstrategie daargestel om verhoogde SEB-verkrygingspandering aan te moedig.

### VOEDSELVEILIGHEID

Senwes Grainlink is daar toe verbind om te verseker dat alle graan op 'n veilige en higiëniese wyse hanteer word wat voldoen aan die "Hazard Analysis and Critical Control Points" (HACCP)-standaarde en ander toepaslike wetgewing.

Ons erken ons verantwoordelikheid om higiëniese praktyke toe te pas ten einde:

- ❖ Voedsel te verskaf wat veilig en geskik is vir menslike gebruik;
- ❖ Te verseker dat duidelike en maklik verstaanbare inligting aan klante verskaf word by wyse van etikette of op ander toepaslike wyses;
- ❖ Graan te beskerm teen kontaminasie en patogene deur dit op die korrekte wyse te berg en te hanteer; en
- ❖ Vertroue te vestig in voedsel wat internasionaal verhandel word.

### AGRO-CHEMIESE NEERSLAG OP GELEWERDE KOMMODITEITE

In terme van hierdie proses word van produsente verwag om 'n chemiese verklaring te verskaf by elke silo waar hy sy graan wil berg, voorlewering by sodanige silo.

Die produsent moet by wyse van die verklaring bevestig dat hy/sy ingelig is aangaande die regssaspekte met betrekking tot agrochemiese toedienings en dit word herbevestig op elke leweringsnota wat die besending vergesel.

### WATERANALISE

Persele wat geneig is tot probleme met gekontamineerde boorgatwater word gereeld getoets. Roetine toetsing van water is belangrik vir voedselveiligheid en voedselhigiëne-akkreditasie, soos per die HACCP-oudit.

Formele HACCP-oudits is in Maart 2012 deur die Bederfbare Produkte Uitvoerbeheerraad (PPECB) uitgevoer volgens 'n drie-jaarsiklus. Oudits wat by die silo's uitgevoer is, was suksesvol en het bevestig dat die silo's voldoen aan wetgewing met betrekking tot gesondheid en veiligheid.

## Die Omgewing

### Hoekom is dit 'n prioriteit?

Die betroubaarheid van die natuurlike omgewing en die voortgesette vermoë daarvan om natuurlike hulpbronne te genereer, is van uiterste belang vir die sukses van die onderneming. Versuim om die omgewing se natuurlike kapasiteit te bewaar, kan aanleiding gee tot 'n katastrofe en 'n gebrek aan toegang tot natuurlike hulpbronne, wat voorvereistes vir produksie is.

PRESTASIE-AREAS	WAARDEDRYWER	VORDERING
Energiedoeltreffendheid	Kostvermindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ 'n Program is in plek gestel om energieverbruik in die besigheid te verlaag en om 'n kultuur van effektiwiteit te kweek. Sekere besparings het gerealiseer, maar die gestelde doelwitte is nog nie behaal nie (sien besonderhede hieronder).</li> </ul>
Waterdoeltreffendheid	Kostvermindering	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ 'n Program om verminderde waterverbruik te bevorder, is in proses.</li> </ul>

Senwes het verskeie stappe geneem om sy omgewingsimpak te verminder en het daarin geslaag om water met sorg te gebruik. Senwes kommunikeer deurlopend met personeel in 'n poging om begrip te kweek vir hul impak op die omgewing en vir die belangrikheid van 'n verlaging in energie- en waterverbruik.

Deurlopende elektrisiteitsvoorsiening is kritiek vir die bedryf van Senwes se besigheid, en kragopwekkers is 'n paar jaar gelede geïnstalleer om deurlopende elektrisiteitsvoorsiening te verseker. Die effektiwiteit van die kragopwekkers word gereeld getoets.

Planne word by Senwes Hoofkantoor beraam om energie te bespaar deur middel van die volgende energiebesparingsstelsels:

- ❖ Sensors wat die teenwoordigheid van mense bespeur en ligte afskakel in kantore;
- ❖ Sensors wat beweging bespeur en lige verdof in laerverkeergebiede, soos gange;
- ❖ Ligsensors en demping van lige in gebiede met voldoende natuurlike lig gedurende die dag;
- ❖ Herbedrading van beligting regdeur die gebou; en
- ❖ Nuwe soort energiebesparende ligte.

Energiebesparende beligting word gebruik en planne is in plek om te verseker dat hoë-energiestelsels uitgefaseer word deur 'n kombinasie van ontwerp-, onderhoud- en vervangingsstrategieë.

Ons omgewingstrategie vir die konstruksie van nuwe geboue of die ophgradering van bestaande geboue is om groen (volhoubaarheids-) geboue te bevorder en die beginsels ten opsigte daarvan toe te pas.

Die tabel hieronder reflektere die indikatoren wat ons gekies het om ons omgewingsprestasie te meet en word deurlopend gemonitor. Ons doelwit is om energieverbruik met 10% te verminder en waterverbruik met 5% teen die jaar 2020. Ons totale verbruik is marginalaal laer jaar-op-jaar ten opsigte van water, maar hoër ten opsigte van energieverbruik in die jaar onder oorsig weens verhoogde uitlaai van graan. Dit is 'n uitdaging om akkurate verbruik te bepaal aangesien daar tans op munisipale meterlesings vertrou word, wat tot dusver in sekere gevalle onbetrouwbaar was. Senwes het 'n projek van stapel gestuur as deel van sy Sentrum van Uitnemendheid om alternatiewe en betroubare verbruiksmoniteringstegnologie te verskaf wat akkurate en tydige data kan voorsien, ten einde munisipale monitering aan te vul.

## BETROKKENHEID VAN BELANGHEBBENDES

Verhoudings met belanghebbendes is kritiek en is een van Senwes se strategiese prioriteite. Ons doelwit is om deursigtig te wees in ons onderhandelinge met belanghebbendes. Senwes gebruik verskeie kommunikasiemetodes om belanghebbendes via hul verkose kommunikasiemedium te bereik.

Senwes strewe daarna om 'n geadmireerde agri-besigheid in Suid-Afrika te wees. Belanghebbendes is kern tot hierdie visie en ons verhouding met belanghebbendes is een van Senwes se strategiese prioriteite. Ons poog deurlopend om skakeling met belanghebbendes 'n integrale deel te maak van die wyse waarop ons besigheid doen. Ons benadering daartoe is gebaseer op die beginsels van wederkerigheid en deursigtigheid. Die Groep stel verskeie forums beskikbaar vir verskillende groeperinge van belanghebbendes waar skakeling plaasvind. Die doel van die skakeling is om ons begrip van die behoeftes, verwagting, kommer en persepsies van ons belanghebbendes met betrekking tot sake wat wesenlik betrekking het op die prestasie en volhoubaarheid van die Groep, te verbreed. Dit het ook ten doel om relevante inligting te kommunikeer wat belanghebbendes in staat stel om ingeligte besluite te neem in hul interaksie met die Groep. Die belangrikheid van belanghebbende groepe is relatief tot hul invloed op die Senwes Groep en sy bedrywe en volhoubaarheid.

Ons poog deurlopend om innoverende wyses te vind waarop die effektiwiteit van skakeling met aandeelhouers verbeter kan word. 'n Proses is onderweg om belanghebbendes te betrek by volhoubaarheidsaspekte en die uitkoms daarvan sowel as die impak van die wyse waarop hierdie aspekte benader en bestuur is, en sal in die volgende verslag vervat word.

## AANDEELHOUERS EN BELEGGERS

Interaksie vind minstens jaarliks plaas met beide groot en klein aandeelhouers deur middel van inligtingsvergaderings, wat ten doel het om inligting met betrekking tot die oorhoofse prestasie van die Groep, strategiese ontwikkeling en uitdagings wat die Groep in die gesig staar op enige gegewe tyd aan die aandeelhouers oor te dra sowel as om terugvoering te verkry oor aspekte wat die aandeelhouers tot kommer strek. Inligtingsvergaderings is gedurende die jaar onder

	PRESTASIE 2012	PRESTASIE 2011	BEWEGING
Waterverbruik (kl)	70 941	73 201	(3,1)%
Totale elektrisiteitsverbruik (kWh)	23 442 757	22 461 983	4,36%
Papierverbruik (Afvalpapier – kg)	22 042	29 897	(3,1)%

orsig gehou sowel as vergaderings met groot aandeelhouers om enige pertinente aspekte aan te spreek.

## KLANTE

Klante is die strategiese fokus van ons besigheid. Begrip vir hul behoeftes is noodsaaklik ten einde die regte produk, diensvlak en kwaliteit te verseker sodat ons waardeproposisie en -lewering belyn is met die klante se verwagtinge. Ons handhaaf goeie persoonlike verhoudings met ons belangrikste klante via ons normale besigheidstrukture, klantepublikasies, elektroniese kommunikasie en klanteforums.

Ons doen klantetevredenheidsopnames op 'n periodieke basis om klante se ondervinding van die Senwes handelsmerk te evalueer.

## VERSKAFFERS

Die sukses van die Senwes besigheidsmodel is afhanklik van 'n soliede verskaffersnetwerk wat betroubare beskikbaarheid van konsekwente kwaliteit produkte, deurlopende innovering, tydige lewering, produkveiligheid en naverkoopdiens kan verseker. In dié oopsig handhaaf Senwes deurlopende skakeling met sy verskaffersnetwerk deur middel van persoonlike gesprekke, verskaffersforums, konferensies en elektroniese interaksie.

## WERKNEMERS

Ons werknemers is die hoeksteen van Senwes se volhoubaarheid. Dit is derhalwe noodsaaklik dat deurlopende interaksie met hulle plaasvind oor 'n reeks van sake wat hulle raak. 'n Aantal mekanismes word gebruik om ons werknemers te betrek, wat wissel vanaf elek-

troniese nuusbriewe, werknemerpublikasies, web blogs, werknemer-forums, prestasie-evalueringstelsels en klimaatopnames. Gedurende die afgelope jaar is werknemers ook betrek by die vestiging van 'n Sentrum van Uitnemendheid, die implementering van die etiese program en die hersiening van volhoubaarheidsaspekte.

## REGERING EN REGULATORIESE OWERHEDE

Senwes wil 'n gesonde verhouding met die regering en ander regulatoriese owerhede handhaaf met die oog daarop om aspekte van wedersydse belang te deel, misverstande aan te spreek, beleidsinisiatiwes te bespreek, betoë te lewer en aan te hoor en om gesamtelike programme te ontwikkel. Hierdie belanghebbendes word hoofsaaklik betrek deur bedryfstrukture en persoonlike vergaderings met amptenare van relevante departemente.

## DIE GEMEENSKAP EN SAMELEWING

Senwes glo dat volhoubaarheidsuitdagings nie deur een maatskappy alleen opgelos kan word nie. Hy betrek derhalwe alle ander belanghebbendes, insluitend gemeenskapsorganisasies, nie-regeringsorganisasies, akademiese instellings en bedryfsorganisasies in 'n gees van vennootskap. In dié verband was Senwes reeds betrokke by sosiale en omgewingsprojekte saam met 'n groot aantal van sy vennote ten einde die lewenstandaard van gemeenskappe te verbeter. Kommunikasie vind hoofsaaklik plaas by wyse van persoonlike interaksie met verskeie organisasiestrukture sowel as deur middel van borgskapooreenkomsste.



## BETROKKENHEID VAN BELANGHEBBENDES: MEGANISMES

<b>BELANGHEBBENDE</b>	<b>HOE SKAKEL ONS MET ONS BELANGHEBBENDES</b>	<b>WAAROM ONS ONS BELANGHEBBENDES VAN WAARDE AG</b>	<b>WAT ONS BELANGHEBBENDES VAN ONS VERWAG</b>
<b>Aandeelhouers</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Inligtingsvergaderings</li> <li>❖ Jaarverslae</li> <li>❖ Algemene Jaarvergadering</li> <li>❖ Persverklarings</li> <li>❖ Gepubliseerde verslae</li> <li>❖ Aanbiedinge</li> </ul>	Ons aandeelhouers plaas hul vertroue in ons Maatskappy en verskaf die kapitaal wat nodig is vir die uitvoering van ons 2020-strategie.	Ons aandeelhouers verdien verantwoordelike en volhoubare groei van die Maatskappy, wat welstandskepping en opbrengs op hul beleggings tot gevolg het.
<b>Klante</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Sleutelrekeningbestuurders</li> <li>❖ Senwes Landboudienste</li> <li>❖ Plaasbesoek</li> <li>❖ Persoonlike kontak by bedryfs-punte</li> <li>❖ Jaarlikse Groep-klantetevredenheidsoopname</li> <li>❖ SMS-kennisgewings</li> <li>❖ Webblad en sosiale media</li> <li>❖ e-Nuusbrieft (eScenario)</li> <li>❖ Tydskrif vir klante (Senwes Scenario)</li> <li>❖ Uitstallings</li> <li>❖ Boeredae</li> <li>❖ Demonstrasiedae</li> <li>❖ Promosiemateriaal</li> </ul>	<p>Ons klante is ons lewensbloed en ons ken en verstaan hulle en hul besighede, wat dit moontlik maak vir ons om inkomste te genereer en volhoubare groei te skep. Die graanafnemerkant verskaf 'n mark vir ons produk en is kritiek tot die uitvoering van graan-transaksies.</p>	<p>Ons klante verdien goeie kwaliteit, veilige produkte en dienste wat waarde vir geld en gemoedsrus bied wanneer hulle besigheid met ons doen.</p> <p>Ons klant verwag kwaliteit-produkte en -dienste op die regte plek en die regte tyd met gebalanseerde transaksievooraardes.</p>
<b>Werknemers</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Afdelingsvergaderings</li> <li>❖ Bestuursinligtingsvergaderings</li> <li>❖ Interne nuusbrief</li> <li>❖ Interne e-Nuusbrief</li> <li>❖ Besprekingsforum en artikels op die Senwes intranet</li> <li>❖ Doelwitstelling en terugvoering</li> <li>❖ Werknemeropnames</li> <li>❖ Prestasietoekenningsfunksie</li> </ul>	Ons werknemers is die fondasie waarop ons organisasie gebou is. Ons respekteer en heg waarde aan die vaardighede van ons spanlede en gee erkenning aan die bydrae wat deur elke individu gelewer word.	Ons werknemers verdien 'n veilige en positiewe werksomgewing waar harde werk beloon word, waar hul werksaktiwiteite stimulerend is, groei-geleenthede geskep word en waar regverdig vergoeding gebied word.
<b>Verskaffers en diensverskaffers</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Verskaffersvergaderings en perseelbesoek</li> <li>❖ Verskafferforums</li> <li>❖ Konferensies</li> <li>❖ Elektroniese interaksie</li> <li>❖ Persoonlike kontak/gesprekke</li> <li>❖ Verskaffersfunksie</li> </ul>	Ons verskaffers is kritiek belangrik tot die vermoë van Senwes om sy waardeproposisie te lever. Ons verskaffers is ons vennote en die bron van die kwaliteit-produkte wat ons verkoop.	Ons verskaffers verdien om regverdig behandel te word en om te deel in die beloning wanneer Senwes voorspoed beleef. Ons verskaf 'n betroubare en effektiewe verspreidingskanaal.
<b>Regering en regulatoriese owerhede (plaaslik, provinsiaal en nasionaal)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Skakeling deur bedryfstrukture</li> <li>❖ Direkte vergaderings</li> </ul>	Ons regering en regulatoriese owerhede verskaf die raamwerk waarbinne ons besighheid bedryf. Goeie verhoudinge met dié partye is kritiek tot die uitbreiding van die Senwes Groep.	Ons regering en regulatoriese owerhede verdien deursigtigheid en nakoming van wetgewing. Ons mikpunt is ook om die nasionale ontwikkelingsdoelwitte te ondersteun en te inisieer.
<b>Gemeenskappe</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Gemeenskapsbeleggings-inisiatiewe</li> <li>❖ Studie-/fokusgroepe</li> </ul>	Ons gemeenskappe verskaf nie net 'n mark vir ons produkte en dienste nie, maar ons werknemers vorm ook deel van hierdie gemeenskappe. Dit is derhalwe kritiek vir ons om besighheid te bedryf op 'n verantwoordelike en volhoubare wyse binne hierdie gemeenskappe waar ons werknemers, klante en hul gesinne woon en om tot hulle ontwikkeling by te dra.	Ons gemeenskappe verdien ons verbinden tot breër gemeenskapsbelange en om in die toekoms van die gemeenskappe waarbinne ons besighheid bedryf, te belê.

## BETROKKENHEID VAN BELANGHEBBENDES: MEGANISMES (vervolg)

BELANGHEBBENDE	HOE SKAKEL ONS MET ONS BELANGHEBBENDES	WAAROM ONS ONS BELANGHEBBENDES VAN WAARDE AG	WAT ONS BELANGHEBBENDES VAN ONS VERWAG
Vennote in gesamentlike ondernemings	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Vergaderings en perseelbe-soeke</li> <li>❖ Persoonlike en elektroniese interaksie</li> <li>❖ Strategiese ontwikkeling</li> <li>❖ Kapitaaldeelname</li> <li>❖ Integrasie van optimalisering-aksies</li> <li>❖ Risiko- en nakomings-oplossings</li> </ul>	Ons vennote in gesamentlike ondernemings dra by tot ons uitbreiding en waardeskepping, terwyl hulle deel in die risiko's en belonings van besigheid met Senwes. Ons is derhalwe almal verbind tot dieselfde hoë standarde en bedryfsuitnemendheid.	Ons vennote in gesamentlike ondernemings verdien 'n verbintenis tot gemeenskaplike doelwitte, ondersteuning en deursigtigheid.
Media	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ Persverklarings</li> <li>❖ Mediatoere</li> <li>❖ Uitnodigings na geleenthede</li> <li>❖ Blootstelling aan die Groep</li> </ul>	Die media ontwerp die persepsie oor die Groep en lewer kommentaar oor ons bedrywe. Hulle hou ons aanspreeklik vir ons aksies en staan ons by met bewusmaking van ons handelsmerk, produkte en diensstrategie.	Die media verdien eerlike terugvoering en akkurate inligting oor onderwerpe van openbare belang met betrekking tot ons handelsmerk, produkte, dienste en besigheidstrategie.

## VERGOEDINGSVERSLAG

### VERGOEDINGSFILOSOFIE

Die doel van vergoeding is om talentvolle en presterende personeel te werf, te behou, te motiveer en te vergoed ten einde die Groep se strategiese en korttermynndoelwitte te kan behaal. Die Groep se filosofie moedig volhoubare, langtermynprestasie aan, wat deurlopend belyn is met die strategiese rigting, wat die kort- en langtermynndoelwitte van die besigheid insluit.

### RIGTINGGEWENDE BEGINSELS

- ❖ Vergoeding en voordele is nie beperk tot fisiese betaling nie, maar sluit alle aspekte rondom die werkservaring in wat 'n invloed het op die werknemer se toewyding en bydrae tot die waarde van die besigheid.
- ❖ Beloning is nie slegs vergoedingsgedrewe nie, maar word ook intern gedryf deur te fokus op die besigheid se behoeftes en werkgewer/werknemer samewerking.
- ❖ Die versekering van sensitiwiteit en objektiwiteit in die bepaling, hersiening, monitering en goedkeuring van vergoedingsvlakte deur te verseker dat die vergoeding van die werknemer regverdig, markverwant en kompeterend is, gebaseer op toepaslike markvergelykings, maar om sorg te dra dat die opwaartse beweging van vergoedingsvlakte in lyn is met verbeterde prestasievlekke.
- ❖ Vergoeding vorm deel van die totale werksondervinding en moet verseker dat 'n wesenlike persentasie van die potensiële maksimum vergoeding afhanglik is van beide korttermyn- en langtermynprestasie.
- ❖ Om die geleenthed te skep vir oorhoofse vergoeding om minstens in die boonste kwartiel van die mark en vergelykbare groepe te wees indien uitnemende prestasie gelewer word, terwyl die gewaarborgde elemente vergelykbaar moet wees met die volle spektrum op toepaslike mediaanvlakte, relatief tot strategiese en besigheidsdoelstellings. Dit moet ook vergelykbaar wees met die relevante arbeidsmark.
- ❖ Om te verseker dat intentiewe uit groei in aandeelhouerswaarde betaal word en belyn word met die aandeelhouerswaarde.
- ❖ Doelwitte word hoofsaaklik gekoppel aan meetbare drywers en word belyn met die strategie asook die boekprestasie en aandeel-prestasie van die Maatskappy.

- ❖ 'n Duidelike onderskeid word getref tussen prestasievergoeding en die hersiening van vaste vergoeding.

### VERGOEDING: STRATEGIESE DOELWITTE

- ❖ Die werwing en behoud van die regte talent, met inagneming van die bekostigbaarheid daarvan vir Senwes;
- ❖ Die skepping van 'n hoëprestasie kultuur;
- ❖ Die aanmoediging van 'n resultaatgeoriënteerde kultuur;
- ❖ Die aanmoediging van langtermynfokus wat volhoubare prestasie sal verseker;
- ❖ Die beloning van individuele-, span- en korporatiewe prestasie;
- ❖ Die aanmoediging van gedrag wat belyn is met die kultuur en doelwitte van die Groep.

### VERGOEDINGSBELEID EN -STRUKTUUR

Die Groep se vergoedingstruktuur bestaan uit drie komponente en is ontwerp om 'n balans te skep tussen korttermyn- en langtermynndoelwitte. Hierdie komponente bestaan uit gewaarborgde vergoeding, korttermyninsentiewe vir alle werknemers en langtermyn-insentiewe vir sleutelwerknemers. Die laaste twee elemente het ten doel om die belang van bestuur en die uitvoerende direkteure te belyn met die belang van die aandeelhouers.

Die vergoedingsbeleid is ten volle geïntegreer in ander bestuursprosesse, soos prestasiebestuur, talentbestuur, opvolgbeplanning en die oorhoofse Groep menslike hulbronbeleide.

### GEWAARBORGDE VERGOEDING

Gewaarborgde vergoeding sluit in basiese salaris en voordele vir alle permanente werknemers sowel as kommissie vir verkoops- en bemarkingspersoneel. Gewaarborgde vergoeding is op 'n koste-vir-die-maatskappybasis. Sekere minimum statutêre aftrekkings en bydraes tot die pensioen-, voorsorg- en mediese fonds is van toepassing en individue het 'n vrye keuse ten opsigte van hul mediese fonds uit 'n portefeuille van goedgekeurde mediese fondse.

Ten einde vergoedingskompetenterheid teenoor die arbeidsmark te handhaaf, word gewaarborgde vergoeding jaarliks hersien en verhogings is effektiel vanaf 1 Mei van elke jaar. Jaarlikse verhogings in gewaarborgde vergoeding is markverwant en neem Groep- en Maatskappyprestasie in ag.

Vir sekere nie-bestuursposte wat onder bedingsraad-ooreenkomsde gedek word, word verhogings by

dié forum beding. Ten opsigte van ander poste wat buite die kollektiewe bedingingssooreenkomste val, word verhogings op markvergelykings gebaseer, intern sowel as ekstern, maar die volgende faktore word ook in ag geneem:

- ❖ Senioriteit van werknemer
- ❖ Noodsaaklike en skaars vaardighede
- ❖ Retensiemeganismes
- ❖ Bydrae gelewer deur die werknemer
- ❖ Markposisie van die werknemer in terme van vergoeding

Die verhogings wat bepaal word op kollektiewe bedingsraadvlek het 'n element van 'n minimum drempel van toepassing op almal in sodanige onderhandelde kategorieë, terwyl verhogings op ander vlakke die beginsel van gemiddelde skale in ag neem. Vergelykings word ten opsigte van die volgende aspekte gedoen:

- ❖ Vergoedingsvlakte ten opsigte van vaste vergoeding teenoor die 50ste markpersentiel.
- ❖ Uitnemende presteerders wat doelwitte deurlopend uitpresteer, word vergelyk teenoor die 75ste markpersentiel.
- ❖ Posgrade relatief teenoor dié in die mark.
- ❖ Alle poste vanaf posgraad 12 en hoër word vergelyk met nasionale indikators aangesien sodanige poste vaardighede en talent verg waarvoor op 'n nasionale basis gekompeteer moet word.
- ❖ Poste onder posgraad 12 word vergelyk met die Noordwes en Vrystaat indikators.
- ❖ Verhoging en voorspelling van verhogings in die mark relatief tot die Groep en sosiale impak.

### KORTTERMYPRESTASIE-INSENTIEWE

Die Groep gebruik korttermynprestasie-insentiewe om gedrag te fokus op belangrike strategiese en besigheidsdoelwitte. Die doel is om die bereiking van hoofsaaklik korttermynndoelwitte en finansiële prestasie aan te moedig. Insentiefskemas is gebaseer op die behaling van korporatiewe prestasiedoelwitte, divisionele en individuele doelwitte en volg 'n beginsel waar strategie en die behaling daarvan die fokus van die werknemer bepaal en waar doelwitte gestel word op dié vlakte waar werknemers 'n invloed het.

Die betaling van korttermyninsentiewe is belyn met prestasiemetring, wat beteken dat swak presteerders geen korttermyninsentiewe sal ontvang nie, terwyl uitstekende presteerders die vermoë sal hê om hul veranderlike vergoeding te verhoog.

Die korttermyninsentief het twee komponente, naamlik 'n doelwitbonus en, wanneer toepaslik, winsdeling.

Ander prestasiegebaseerde vergoeding, soos kommissieskemas, is betaalbaar, gebaseer op ooreengekome prestasiedoelwitte. Hierdie insentiewe is gewoonlik op 'n maandelikse basis betaalbaar, afhangend van die prestasievlek.

### LANGTERMYPRESTASIE-INSENTIEWE

Die doel van die langtermyninsentiefskema is om die langtermynbelange van die uitvoerende bestuur en geïdentifiseerde sleutel-werknemers te belyn met die langtermynbelange van die aandeelhouers. In dié verband word mekanismes voorsien sodat gemelde werknemers kan deel in die aandeelwaarde wat hulle geskep of waartoe hulle wesenlik bygedra het. Dit dien ook as mekanisme vir die retensie van sleutelpersoneel wat waarde skep en as aansporing dien tot verdere waardeskepping. Deelname aan die skema word jaarliks deur die Vergoedingskomitee oorweeg, met die nodige aanbevelings deur die Besturende Direkteur, en word deur die Direksie goedgekeur. Altesam 21 senior

bestuurslede het die afgelope finansiële jaar aan die skema deelgeneem.

### VERGOEDINGSBENADERING

- ❖ Vergoeding word geag as 'n noodsaaklike komponent van ons strategie, besigheid en menslike hulpbronnewestuursproses.
- ❖ Die "totale beloningsbenadering" neem nie net finansiële elemente in ag nie, maar ook nie-finansiële elemente.
- ❖ Die Groep is ingestel op die werknemer se perspektief en beskou die werknemer as 'n beloningsklant.
- ❖ Die Groep se doelwit is om altyd te verseker dat werknemergedrag en -belang belyn is met aandeelhouersbelang.

Die diagram hieronder demonstreer die filosofie:

PERSENTIEL	MARK	SENWES UITSTAANDE PRESTEERDERS	SENWES NORMALE PRESTEERDERS
125	Totale koste vir maatskappy	Winsdeling	
100		KTI	
75			KTI
50		Gewaarborg	
25			Gewaarborg

Die Groep posisioneer homself op die 50ste persentiel in terme van markgebaseerde betaling (gewaarborg), wat beteken dat die Groep slegs markgemiddeld betaal, wat negatief kan impakteer op die verkryging en behoud van talent en vaardighede. Hierdie beperking word egter oorkom deur die gebruik van korttermyninsentiewe wat die volgende voordele inhoud:

- ❖ Dit skep buigbaarheid aangesien vergelykings gedoen kan word ten opsigte van totale beloning in terme van totale koste.
- ❖ Dit maak voorsiening vir 'n "laer" basiese salaris en verskaf dus 'n wyse waarop koste bespaar kan word in swak ekonomiese omstandighede en maak ook voorsiening vir goeie vergoedingsvlakte wanneer prestasie dit regverdig.
- ❖ Dit fokus op veranderlike vergoeding en belyn dus maatskappy-prestasie, individuele prestasie en aandeelhouersverwagtinge.

Gedurende die jaar onder oorsig, is die Vergoedingskomitee en die direksie deur PricewaterhouseCoopers bygestaan met die evaluering van die toepaslikheid, gesiktheid, bekostigbaarheid en regverdigheid van die vergoedingstrukture en insentiewe in Senwes.



**Joe Maswanganyi**  
HOOFBESTUURDER:  
KORPORATIEWE DIENSTE




**Francois Strydom**  
BESTURENDE DIREKTEUR

Klerksdorp  
26 Junie 2012


- ❖ VYFJAAR-OORSIG
- ❖ STATUTÊRE VERSLAE
- ❖ FINANSIËLE VERSLAE
- ❖ KORPORATIEWE INLIGTING

## AFDELING 3

### GEÏNTEGREERDE FINANSIËLE VERSLAG



# GROEP VYFJAAR FINANSIËLE OORSIG



	2012 R'm	2011 R'm	2010 R'm	2009 R'm	2008 R'm
<b>BALANSSTAAT</b>					
<b>Bates</b>					
Nie-bedryfsbates	<b>696</b>	548	508	433	377
Bedryfsbates	<b>2 676</b>	2 558	2 288	2 070	1 998
<b>Totale bates</b>	<b>3 372</b>	3 106	2 796	2 503	2 375
<b>Ekwiteit en aanspreeklikhede</b>					
Kapitaal en Reservewes	<b>1 368</b>	1 230	1 059	1 126	841
Nie-beherende belang	<b>8</b>	-	-	-	2
Totale ekwiteit	<b>1 376</b>	1 230	1 059	1 126	843
Nie-bedryfslaste	<b>457</b>	446	436	432	79
Bedryfslaste	<b>1 539</b>	1 430	1 301	945	1 453
<b>Totale ekwiteit en aanspreeklikhede</b>	<b>3 372</b>	3 106	2 796	2 503	2 375
Rentedraende laste ingesluit in bedryfslaste en nie-bedryfslaste	<b>1 440</b>	1 399	1 196	717	802
<b>INKOMSTESTAAT</b>					
<b>Inkomste</b>					
Finansiële Dienste – <b>Senwes Credit &amp; Univision</b>	<b>168</b>	156	166	182	136
Insetverskaffing – <b>Senwes Village</b>	<b>2 259</b>	1 770	1 943	2 208	1 573
Marktoegang – <b>Senwes Grainlink</b>	<b>10 659</b>	5 567	6 895	8 723	5 902
Diverse bedrywe	-	46	27	27	23
<b>Normale bedryfsaktiwiteite</b>	<b>13 086</b>	7 539	9 031	11 140	7 634
Korporatiewe inkomstes	<b>11</b>	11	8	17	6
<b>Totale inkomste vir die jaar</b>	<b>13 097</b>	7 550	9 039	11 157	7 640
<b>Wins</b>					
Finansiële Dienste – <b>Senwes Credit &amp; Univision</b>	<b>55</b>	54	62	72	46
Insetverskaffing – <b>Senwes Village</b>	<b>169</b>	65	96	138	83
Marktoegang – <b>Senwes Grainlink</b>	<b>183</b>	252	236	349	138
Diverse bedrywe	-	-	2	-	1
<b>Normale bedryfsaktiwiteite</b>	<b>407</b>	371	396	559	268
Korporatiewe kostes	(47)	(56)	(66)	(37)	(44)
Beleggingsinkomste	<b>2</b>	4	2	4	26
<b>Wins voor belasting</b>	<b>362</b>	319	332	526	250
Belasting	(97)	(100)	(123)	(158)	(75)
<b>Wins vir die jaar</b>	<b>265</b>	219	209	368	175
Nie-beherende belang	<b>1</b>	-	-	1	2
<b>Finansieringskoste hierbo ingesluit</b>	<b>(92)</b>	(115)	(85)	(126)	(126)
<b>KONTANTVLOEISTAAT</b>					
<b>Netto kontantvloei</b>					
Kontant uit bedrywe gegenerer	<b>508</b>	547	516	744	438
Kontantwins	<b>329</b>	343	329	474	218
Dividende betaal	(126)	(45)	(280)	(83)	(103)
Beweging in bedryfkapitaal	(155)	(290)	52	(386)	(316)
<b>Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>	<b>48</b>	8	101	5	(201)
Netto kontant geïnvesteer deur beleggingsaktiwiteite	(133)	(31)	(46)	(55)	-
Netto kontant gegenerer deur finansieringsaktiwiteite	<b>102</b>	-	-	-	-
<b>Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwvalente</b>	<b>17</b>	(23)	55	(50)	(201)


# FINANSIËLE EN BEDRYFSVERHOUDINGS

Definisies	2012	2011	2010	2009	2008	5 jaar gemiddeld (%)
------------	------	------	------	------	------	----------------------------


<b>FINANSIËLE GROEI (PERSENTASIE)</b>						
Totale bates	<b>8,6</b>	11,1	11,7	5,4	11,9	9,7
Totale aandeelhouersbelang	<b>11,9</b>	16,1	(6,0)	33,6	9,1	12,2
Rentedraende aanspreeklikhede	<b>2,9</b>	17,0	66,8	(10,6)	4,0	13,3
Totale inkomste van voortgesette bedrywe	<b>73,5</b>	(16,5)	(19,0)	46,0	37,6	18,7
Wins voor belasting van voortgesette bedrywe	<b>13,5</b>	(3,9)	(36,9)	110,4	36,6	14,6
Wesensverdienste per aandeel	<b>14,3</b>	1,6	(39,9)	123,4	29,4	15,1
Netto batewaarde per aandeel	<b>11,2</b>	16,1	(6,0)	33,9	9,1	12,2
Sluitingsmarkprys per aandeel	<b>(11,8)</b>	39,7	32,7	4,8	31,3	17,6
Totale dividende vir die jaar	<b>71,4</b>	(75,0)	125,8	14,8	134,8	21,1
<b>GEWONE AANDEELPRESTASIE (%)</b>						
<b>Getal Gewone Aandele ('m)</b>						
Geweegde gemiddelde getal uitgereik	<b>180,79</b>	180,79	180,79	180,79	180,79	
Getal uitgereik op jaareinde	<b>180,79</b>	180,79	180,79	180,79	180,79	
<b>Sent per aandeel</b>						
Verdienste	1 <b>146,0</b>	121,1	115,6	203,0	95,7	16,1
Wesensverdienste	2 <b>132,8</b>	116,2	114,4	190,3	85,2	15,1
Netto batewaarde	3 <b>756,7</b>	680,3	585,8	622,8	465,2	12,2
Sluitingsmarkprys	4 <b>900,0</b>	1 020,0	730,0	550,0	525,0	17,6
Totale dividende vir die jaar	5 <b>60,0</b>	35,0	140,0	62,0	54,0	21,1
Finale dividend		<b>15,0</b>	25,0	30,0	14,0	
Interim dividende betaal		<b>45,0</b>	10,0	25,0	15,0	10,0
Spesiale dividend betaal		-	-	100,0	17,0	30,0
<b>Percentasie</b>						
Prysboekverhouding	6 <b>118,9</b>	149,9	124,6	88,3	112,9	
Dividendopbrengs, ingesluit spesiale dividende	7 <b>5,9</b>	4,8	25,5	11,8	13,5	
Dividendopbrengs, uitgesluit spesiale dividende	8 <b>5,9</b>	4,8	7,3	8,6	6,0	
Dividendopbrengs op gemiddelde markprys, ingesluit spesiale dividende	9 <b>6,3</b>	4,0	21,9	11,5	11,7	
<b>Keer</b>						
Prysverdiensteverhouding	10 <b>6,2</b>	8,4	6,3	2,7	5,5	
Dividenddekking, ingesluit spesiale dividende	11 <b>2,4</b>	3,5	0,8	3,3	1,8	
Dividenddekking, uitgesluit spesiale dividende	12 <b>2,4</b>	3,5	2,9	4,5	4,0	
<b>AANDEELHOUERSOPBRENGS (%)</b>						
Opbrengs op ekwiteit	13 <b>21,5</b>	20,7	18,6	43,6	22,4	
Opbrengs op gemiddelde ekwiteit	14 <b>20,3</b>	19,1	19,1	37,3	21,5	
Totale aandeelhouersopbrengs (dividend en kapitaalgroei)	15 <b>(5,9)</b>	44,5	58,2	16,6	44,8	
Totale aandeelhouersopbrengs (op gemiddelde markprys)	16 <b>(6,3)</b>	37,1	50,0	16,2	38,7	
<b>PRODUKTIWITEIT</b>						
Bate-omsetsnelheid (aantal keer)	17 <b>4,0</b>	2,6	3,4	4,6	3,4	
Inkomste/ekwiteit (aantal keer)	18 <b>9,5</b>	6,1	8,5	9,9	9,1	
Aantal werknekmers	19 <b>2 170</b>	2 201	2 277	2 167	2 087	
Bedryfswins per werknekmer (R'000)	20 <b>206</b>	194	181	299	168	
Opbrengs op totale bates – VVRB (%)	21 <b>13,5</b>	14,0	14,9	26,0	15,8	
Bedryfswins as % van inkomste	22 <b>3,4</b>	5,7	4,6	5,8	4,6	
Effektiewe belastingkoers	23 <b>27</b>	31	37	30	30	
<b>SOLVENSIE EN LIKIDITEIT</b>						
Ekwiteit as % van netto bates	24 <b>49</b>	47	47	61	51	
Ekwiteit as % van totale bates	25 <b>41</b>	40	38	45	35	
Hefboomverhouding %	26 <b>103</b>	112	109	64	91	
Nie-rentedraende laste as % van ekwiteit	27 <b>41</b>	39	51	59	87	
Kontantwins (R'm)	28 <b>329</b>	343	329	474	218	
Rentedekking (aantal keer)	29 <b>5,4</b>	4,1	5,4	5,4	3,2	
Bedryfsverhouding	30 <b>1,7</b>	1,8	1,8	2,2	1,4	
Vuurproefverhouding	31 <b>1,3</b>	1,1	1,1	1,5	0,9	

## INKOMSTESTAAT


Inkomste van voortgesette bedrywe (R'm)




Wins uit voortgesette bedrywe (R'm)



Wins na belasting (R'm)




Wins voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (R'm) (EBITDA)




## BALANSSTAAT


Rentedraende skuld (R'm)




Eiekapitaalverhouding (%)



Totale aandeelhouersbelang (R'm)




Hefboomverhouding (%)




# FINANSIËLE- EN BEDRYFSVERHOUDINGS (vervolg)

## KONTANTVLOEISTATAAT

Kontant uit bedrywe gegenereer  
Netto kontantvloei (R'm)




Kontantwins (R'm)




## EFFEKTIWITEIT EN PRODUKTIWITEIT


Bate-omsetsnelheid (keer)




Bedryfswins per werknemer (R'000)




Distribusie, verkoops- en administratiewe uitgawes  
as persentasie van bruto wins (%)




Bedryfswinsmarge (%)



Rentedekking (keer)




Kwaliteit van verdienste:  
Kontantwins vs Rekenkundige wins (%)




# BELEGGINGSTATISTIEK

## AANDEELHOUERS


Aandeelprys: Verhandelingswaarde vs netto batewaarde (sent/aandeel)




Dividend (sent/aandeel)




Waardeskepping en waarde-ontsluiting vir aandeelhouers deur kapitaal en dividende (R'm)




Ekwiteit toeskryfbaar aan aandeelhouers teenoor aantal aandeelhouers




Opbrengs op ekwiteit (%)




Verdienste per aandeel (sent)




Prysverdienste verhouding op wesensverdienste bereken (keer)



Prysboekverhouding (keer)



Markkapitalisasie – sluitingsprys (R'm)



# DEFINISIES

## 1. Verdienste per aandeel

Verdienste toeskrybaar aan aandeelhouers gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele vir die jaar.

## 2. Wesensverdienste per aandeel

Wesensverdienste (verwys aantekening 21), gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele gedurende die jaar.

## 3. Netto batewaarde per aandeel

Kapitaal en reserwes gedeel deur die aantal uitgereikte aandele op jaareinde.

## 4. Sluitingsmarkprys

Verhandelingsprys afgelei van die laaste aandeelverhandelingstransaksie van die finansiële jaar.

## 5. Totale dividende vir die jaar

Totaal van normale (tussentyds en finale) en spesiale dividende vir die jaar verklaar.

## 6. Prysboekverhouding

Sluitingsmarkprys per aandeel gedeel deur die netto batewaarde per aandeel op jaareinde.

## 7. Dividendopbrengs, ingesluit spesiale dividende

Totale dividend per aandeel gedeel deur die openingsmarkprys per aandeel.

## 8. Dividendopbrengs, uitgesluit spesiale dividende

Totale dividend per aandeel, uitgesluit spesiale dividende, gedeel deur die openingsmarkprys per aandeel.

## 9. Dividendopbrengs op gemiddelde markprys, ingesluit spesiale dividende

Totale dividend per aandeel gedeel deur die gemiddelde markprys per aandeel.

## 10. Prysverdiensteverhouding

Sluitingsmarkprys per aandeel gedeel deur die verdienste per aandeel.

## 11. Dividenddekking, ingesluit spesiale dividende

Verdienste per aandeel gedeel deur die totale dividend per aandeel.

## 12. Dividenddekking, uitgesluit spesiale dividende

Verdienste per aandeel gedeel deur die totale dividend per aandeel, uitgesluit spesiale dividende.

## 13. Opbrengs op ekwiteit

Wins na belasting gedeel deur die beginsaldo van kapitaal en reserwes.

## 14. Opbrengs op gemiddelde ekwiteit

Wins na belasting gedeel deur gemiddelde kapitaal en reserwes.

## 15. Totale aandeelhoudersopbrengs (dividend en kapitaalgroei)

Totale dividendopbrengs (definisie 7), plus groei in markprys.

## 16. Totale aandeelhoudersopbrengs (op gemiddelde markprys)

Totale dividendopbrengs (definisie 7), plus gemiddelde groei in markprys.

## 17. Bate-omsetsnelheid

Inkomste gedeel deur totale gemiddelde bates.

## 18. Inkomste/ekwiteit

Inkomste gedeel deur sluitingsekwiteit.

## 19. Aantal werknemers

Aantal personeel (totaal van permanent en tydelik) op jaareinde.

## 20. Bedryfswins per werknemer

Wins voor belasting uit voortgesette bedrywe, aangesuiwer met finansieringskoste, beleggingsinkomste en deel in wins vanaf geassosieerde (bedryfswins), gedeel deur die totale aantal personeel op jaareinde.

## 21. Opbrengs op totale bates

Wins voor finansieringskoste en belasting uit voortgesette bedrywe (EBIT) as 'n % van totale bates, uitgesluit bates van beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop.

## 22. Bedryfswins as 'n % van inkomste

Bedryfswins as % van inkomste van voortgesette bedrywe.

## 23. Effektiewe belastingkoers

Belastinguitgawe soos per finansiële state as 'n % van wins voor belasting.

## 24. Ekwiteit as 'n % van netto bates

Totale ekwiteit uitgedruk as 'n % van totale bates min nie-rentedraende skuld.

## 25. Ekwiteit as 'n % van totale bates

Totale ekwiteit uitgedruk as 'n % van totale bates.

## 26. Hefboomverhouding

Rentedraende skuld, verminder deur kontant, gedeel deur totale ekwiteit.

## 27. Nie-rentedraende laste as 'n % van ekwiteit

Nie-rentedraende laste en voorsienings gedeel deur totale ekwiteit.

## 28. Kontantwins

Wins vir die jaar, aangesuiwer met nie-kontantvloei items (verwys na bladsy 64) en inaggenome werklike belasting betaal, finansieringskoste betaal en ander bedryfsinkomste.

## 29. Rentedekking

Wins voor belasting, aangesuiwer met depresiasi (verwys aantekening 20.1.4) en finansieringskoste (EBITDA), gedeel deur finansieringskoste.

## 30. Bedryfsverhouding

Bedryfsbates gedeel deur bedryfslaste.

## 31. Vuurproefverhouding

Bedryfsbates verminder met voorraad gedeel deur bedryfslaste.

# VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE DIREKSIE

**DIE** direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding, integriteit en redelike weergawe van die afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state van die maatskappy en sy filiale. Die finansiële state uiteengesit op bladsye 55 tot 106 is in ooreenstemming met "International Financial Reporting Standards" (IFRS) en die vereistes van die Maatskappywet, 2008, opgestel. Die direkteure het ook alle ander inligting wat in hierdie jaarverslag ingesluit word, voorberei en is verantwoordelik vir beide die akkuraatheid en konsekwentheid van die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die Maatskappy en filiale se interne finansiële beheer en risikobestuur en beide word op 'n gereeld basis nagegaan. Hierdie kontroles is ontwerp om redelike, maar nie absolute, gerusstelling oor die betrouwbaarheid van die gekonsolideerde finansiële state te bied, toereikende beveiliging en instandhouding van die bates te bied en om wanvoorstellings en verliese te voorkom en op te spoor. Geen aangeleenthede het onder die aandag van die Direksie gekom wat op 'n wesenlike tekortkomming in die funksionering van hierdie kontroles, prosedures en stelsels gedurende die jaar onder oorsig mag dui nie.

Die gekonsolideerde finansiële state is op die lopende saak grondslag opgestel. Die direkteure het geen rede om te glo dat die Groep of enige maatskappy in die Groep nie in die nabye toekoms 'n lopende saak sal wees nie, gebaseer op resultate, bedryfstendense, markomgewing, ramings en vooruitskatting, risiko's, kapitaalstruktuur en beskikbare kontant- en financieringsbronne.

Die gekonsolideerde finansiële state is geouditeer deur die onafhanklike ouditeure, Ernst & Young Ingelyf. Die onafhanklike ouditeure het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords, insluitend alle notules van vergaderings van die Direksie, direksiekomitees, bestuur en aandeelhouers. Die direkteure glo dat alle voorstellings aan die onafhanklike ouditeure tydens die audit geldig en behoorlik was.

Die Maatskappy finansiële jaarstate en die Groep finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2012, soos uiteengesit op bladsye 55 tot 106, is deur die Direksie goedgekeur.



**JE Grobler**  
VOORSITTER

Klerksdorp  
26 Junie 2012



**F Strydom**  
BESTURENDE DIREKTEUR



**CF Kruger**  
FINANSIËLE DIREKTEUR

# KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 29 VAN DIE MAATSKAPPYWET, WET 71 VAN 2008, ("DIE WET")

**HIERDIE** finansiële jaarstate is geoudit in ooreenstemming met die voorskrifte en ter nakoming van die Wet. Die finansiële state is voorberei onder toesig van CF Kruger, GR(SA), Finansiële Direkteur.



**CF Kruger**  
FINANSIELLE DIREKTEUR

Klerksdorp  
26 Junie 2012

## **SERTIFISERING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS**

Vir die jaar onder oorsig tot 30 April 2012 en in terme van artikel 268G(d) van die vorige Maatskappywet, asook artikel 88 van die Wet, waar toepaslik, sertifiseer ek Elizabeth Maria Joynt, as Maatskappysekretaris, dat alle opgawes, soos vereis deur voormalde Wette, ingedien is by die Registrateur van Maatskappye en Intellekturele Goedere (CIPC) en dat genoemde opgawes waar, korrek en op datum is.



**EM Joynt**  
MAATSKAPPYSEKRETARIS  
Klerksdorp  
26 Junie 2012

# VERSLAG VAN DIE SENWES OUDITKOMITEE

## INGEVOLGE artikel 94(7)(f) van die Maatskappywet 71 van 2008, soos

gewysig ("die Wet") bied ons graag ons verslag vir die finansiële jaar geeindig 30 April 2012 aan.

Daar word op bladsy 6 in die korporatiewe beheerverslag verwys na die wyse waarop die Ouditkomitee sy pligte uitgevoer het met betrekking tot rolle, verantwoordelikhede en mandaat.

Die komitee bestaan uit vyf nie-uitvoerende direkteure waarvan drie onafhanklik is en vergader minstens drie maal per jaar soos bepaal in die mandaat en verwysingsterme van die komitee.

Naam van lid	Bywoning van vergaderings
JPL Alberts* <i>SSAF, BCom(Ekon), CTA, IAMP(Geneva), GR(SA) (Voormalige voorstander)</i>	1/1
Z Bassa <i>BCom, GR(SA)</i>	2/2
SF Booyens <i>DCom(Rek), GR(SA) (Huidige voorstander)</i>	3/3
AJ Kruger <i>BCompt(Hons), GR(SA)</i>	3/3
JDM Minnaar <i>BCom</i>	3/3
JBH Botha <i>BLCLLB, HDip(Belasting)</i>	2/2

\* Mnr Alberts het gedurende die finansiële jaar uitgetree

### Eksterne ouditeure

Die komitee is tevrede dat die eksterne ouditeure, Ernst & Young Ingelyf, onafhanklik van die Senwes Groep opgetree het, soos bepaal in terme van die Wet, wat oorweging van voldoening aan die kriteria met betrekking tot onafhanklikheid of botsing van belang, soos voorgeskryf deur die Onafhanklike Rekenmeesters- en Ouditeursraad, insluit.

Die komitee het, na konsultasie met die uitvoerende bestuur, ooreenkoms bereik met betrekking tot die aanstellingsbrief, terme, auditplan en begroete auditfooie vir die 2011/2012 finansiële jaar.

'n Formele, geskrewe beleid en prosedure (waarby 'n delegasie van magtmatrys geïnkorporeer is) beheer die prosesse waarvolgens die eksterne ouditeure oorweeg word vir nie-auditverwante dienste. Die komitee het die bepalings van die geskrewe beleid met betrekking tot die voorsiening van nie-auditverwante dienste deur die eksterne ouditeure oorweeg en die aard en omvang van nie-auditverwante dienste wat die eksterne ouditeure mag lewer, goedgekeur.

Die komitee het Ernst & Young Ing. as die eksterne ouditeure en mnr Frantz Scheepers as die aangewese auditvennoot vir die 2012/2013 finansiële jaar na die algemene jaarvergadering verwys vir goedkeuring.

### Interne finansiële kontroles

Gebaseer op die resultate van die formeel gedokumenteerde oorlig van die ontwerp, implementering en effektiwiteit van die Senwes Groep se interne finansiële beheerstelsel wat gebruik is deur die interne auditfunksie gedurende die 2012 finansiële jaar, en na inagneming van inligting en verduidelikings verskaf deur bestuur, sowel as besprekings met die eksterne ouditeure met betrekking tot die resultate van hul audit, is die komitee van mening dat die Senwes Groep se interne finansiële beheerstelsels effektiel is en die basis vorm vir die voorbereiding van betroubare finansiële state.

### Finansiële state (rekeningkundige praktyke ingesluit)

Die komitee het die finansiële state van die Maatskappy en die

Senwes Groep in oënskou geneem en is tevrede dat dit aan "International Financial Reporting Standards" voldoen.

### Kundigheid en ondervinding van finansiële direkteur en finansiële funksie

Die komitee is tevrede dat die finansiële direkteur van Senwes oor die toepaslike kundigheid en ondervinding beskik.

Die komitee het die toepaslikheid van die kundigheid en doelmatigheid van die hulpbronne van die Senwes Groep se finansiële funksie en ondervinding van die senior lede van bestuur wat verantwoordelik is vir die finansiële funksie oorweeg en is tevrede daar mee.

### Pligte deur die Direksie opgelê

Die komitee vervul 'n oorsigtelike rol met betrekking tot die Senwes Groep se geïntegreerde jaarverslag en die verslagdoeningsproses, insluitend die interne finansiële beheerstelsel. Dit is verantwoordelik daarvoor om te verseker dat die Maatskappy en die Senwes Groep se interne auditfunksie onafhanklik is en oor die nodige hulpbronne, status en gesag beskik om dit in staat te stel om sy pligte effektiel uit te voer. Daarbenewens hou die komitee toesig oor die samewerking tussen die interne en eksterne ouditeure en dien as 'n skakel tussen die Raad van Direkteure en hierdie funksies.

Die komitee het gedurende die jaar onder oorsig gesprek gevoer met die eksterne ouditeure en met die hoof van Interne Audit.

### Interne audit

Die komitee is verantwoordelik om te verseker dat die volgende in plek is:

- ❖ Die bevoegdheid van interne audit en die toereikendheid van interne auditpersoneel;
- ❖ Goedkeuring van die interne auditplan asook die interne oudithandves;
- ❖ Verseker dat die interne auditfunksie onderworpe is aan 'n periodiese onafhanklike kwaliteitsoorsig; en
- ❖ Hersiening van die interne auditprogram en -kapasiteit en verseker koördinering tussen die interne en eksterne ouditeure.

Die hoof van Interne Audit het direkte toegang tot die Ouditkomitee, hoofsaaklik via die voorstander.

### Volhoubaarheidsverslagdoening

Die komitee het die Senwes Groep se volhoubaarheidsinligting soos geopenbaar in die geïntegreerde jaarverslag, oorweeg ten einde te bepaal of dit konsekwent is met die bedryfs- en ander inligting bekend aan die komiteelede en of dit konsekwent is met die finansiële jaarstate van die Maatskappy en die Senwes Groep. Die verslag van die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee ten opsigte van die top tien risiko's is voorgelê aan die Ouditkomitee vir oorweging. Die komitee het die volhoubaarheidsinligting met bestuur bespreek en is tevrede dat die inligting betroubaar en konsekwent is met die finansiële resultate.

### Aanbeveling van die jaarlikse finansiële state vir goedkeuring deur die Direksie

Die komitee het die jaarlikse finansiële state na die Direksie aanbeveel vir goedkeuring op 26 Junie 2012.

**SF Booyens**

VOORSITTER: OUDITKOMITEE

Klerksdorp

26 Junie 2012

# ONAFHANKLIKE OUDITEURSVERSLAG

## AAN DIE AANDEELHOUERS VAN SENWES BEPERK

Ons het die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state van Senwes Beperk, soos uiteengesit op bladsye 61 tot 106, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die state van finansiële posisie soos op 30 April 2012, en die state van omvattende inkomste, state van verandering in ekwiteit en state van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

### DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE FINANSIEËLE STATE

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Maatskappwyet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

### OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEID

It is ons verantwoordelikheid om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons audit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer. Daardie standarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om auditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state. Die prosedures wat gekies word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordelingoorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, ten einde auditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur die direkteure gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state.

Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied.

### MENING

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële stand van Senwes Beperk soos op 30 April 2012, en van die maatskappy se gekonsolideerde en afsonderlike finansiële prestasie en gekonsolideerde en afsonderlike kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Maatskappwyet van Suid-Afrika.

### ANDER VERSLAE WAT DEUR DIE MAATSKAPPYWET VEREIS WORD

As deel van ons audit van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state vir die jaar geëindig 30 April 2012 het ons die Direkteursverslag, die Verslag van die Ouditkomitee en die Sertifikaat van die Maatskappye Sekretaris deurgelees om te bepaal of daar wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde finansiële state is. Hierdie verslae is die verantwoordelikheid van die verskeie opstellers daarvan. Gebaseer op die deurlees van hierdie verslae het ons nie wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde finansiële state geïdentifiseer nie. Ons het hierdie verslae egter nie geoudit nie en spreek dienooreenkomstig nie 'n mening oor hierdie verslae uit nie.

*Ernst & Young Inc.*

Ernst & Young Ingelyf  
Direkteur – Frantz Frederik Scheepers  
Geregistreerde Ouditeur  
Geoktrooieerde Rekenmeester (SA)

Wanderers Office Park  
Corlettalaan 52  
Illovo  
Johannesburg  
10 Julie 2012

# STATUTÊRE DIREKTEURSVERSLAG

## 1. HOOFDOELSTELLINGS

Die hoofdoelstellings van die Groep is die volgende:

- 1.1 Verskaffing van primêre landbou-insette.
- 1.2 Skep van marktoegang vir landbouprodukte.

## 2. VERANDERING IN AARD VAN AKTIWITEITE

Geen wesenlike veranderings in die aard van die besigheid van die Groep het gedurende die jaar plaasgevind nie.

## 3. FILIALE EN ANDER FINANSIELLE BATES

Besonderhede van die houermaatskappy se belang in filiale, geassosieerde en ander finansiële bates word in aantekeninge 3 tot 5 van die finansiële state uiteengesit.

## 4. RESULTATE

Die wins na belasting van die Groep vir die jaar onder oorsig het R265 miljoen beloop (2011 – R219 miljoen).

Die opgesomde resultate is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
Inkomste	13 097	7 550	12 930	7 492
Bedryfswins	449	431	396	432
Wins na belasting	265	219	210	219

Verwys na aantekening 1 van die finansiële state vir die volledige segmentontleding.

Die opgesomde staat van finansiële posisie is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
Totale bates	3 372	3 106	3 276	3 092
Totale rentedraende skuld	1 440	1 399	1 461	1 415

Die toename in die totale bates is die gevolg van 'n groter investering in finansieringsdebiteure. 'n Oorsig van die jaar se resultate word ook in die operasionele en finansiële verslag op bladsy 21 gegee.

## 5. DIVIDENDE

Die Direksie stel voor dat 'n finale dividend van 15 sent per aandeel (2011 – 25 sent per aandeel) verklaar word. 'n Eerste interim dividend van 20 sent per aandeel is in Desember 2011 betaal en 'n tweede interim dividend van 25 sent per aandeel is in Maart 2012 betaal.

## 6. DIREKTEURE

Die volgende direkteure het 'n oorblywende termyn van korter as een jaar:

Naam	Jaar van uitrede volgens rotasie
JE Grobler	2012
JAE Els	2012
JBH Botha	2012
NDP Liebenberg	2012

Mnr JPL Alberts het op 31 Mei 2012 uitgetree.

# STATUTÊRE DIREKTEURSVERSLAG

Die GSI-sak ten opsigte van graanstoringstariewe waarby verskeie landboumaatskappye betrokke was, is gesik met die Mededingingskommissie. Alle koste in die verband is in die resultate van 30 April 2012 voorsien.

Die Mededingingskommissie ondersoek die GSI-rolspelers (insluitende Senwes) ten opsigte van 'n beweerde klagte rakende samespanning ten opsigte van die 1% sifsel-aftrekking en vogvoorskryfe vir graan. Die sak is hangende.

#### **Aansoek van Mashike & Ross (trustees van die Treacle Fund II Trust) ("Treacle") teen Senwesbel en Senwes**

Treacle, een van die nie-beherende aandeelhouers in Senwes en 'n party in die Bafokeng Konsortium, het 'n aansoek teen Senwes en Senwesbel (as tweede en eerste respondent) gedurende 2010 geloods waarin beweer is dat sekere historiese aandeletransaksies van Senwesbel ingevolge waarvan Senwes aandele verkry is, ongeldig was. Indien die aansoek sou slaag, sou Senwes die aandeleregister moes regstel. Senwes het die aansoek geopponeer en het aangedui dat dit sonder meriete was.

Die verhoor het plaasgevind vanaf 31 Mei 2011 tot 1 Junie 2011 maar was nie klaar nie, en is voortgesit op 23 Junie 2011.

Op 31 Januarie 2012 het die hof Treacle se aansoek van die hand gewys met koste op die basis dat die bewerings nie 'n feitelike of regsbasis het nie. Treacle het daarna aansoek gedoen om verlof tot appèl. Die aansoek is toegestaan en die appèlproses in die Appèlafdeling is onderweg. Die sak behoort na verwagting eers aangehoor te word aan die einde van 2012.

### 17.2 VERPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN KAPITAALPROJEKTE

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
Reeds gekontrakteer	18	18	18	18
Goedgekeur deur die Direksie maar nog nie gekontrakteer nie	20	3	20	3
<b>Totale toekomstige kapitaalprojekte</b>	<b>38</b>	21	<b>38</b>	21

### 17.3 BEDRYFSHURE – MINIMUM BEDRYFSHUURBETALINGS

Die Groep het sekere bedryfshuurverpligtinge (vaste huurkontrakte) in toerusting en eiendomme met 'n gemiddelde tydperk van tussen drie en ses jaar.

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
Binne een jaar	6	6	6	6
Meer as een jaar en binne vyf jaar	17	18	17	18
Langer as vyf jaar	1	3	1	3
<b>Bedryfshuurverpligting</b>	<b>24</b>	27	<b>24</b>	27

Kapitaalverpligtinge en bedryfshure word gefinansier uit netto kontantvloei uit bedrywighede en/of lenings vanaf finansiële instellings.

## 18. BEDRYFSWINS

### 18.1 AANTOONBARE ITEMS INGESLUIT IN BEDRYFSWINS

	GROEP	MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm
Wins uit bedrywe word getoon nadat die volgende in aanmerking geneem is:			
Ouditeursvergoeding – auditdienste	(6)	(5)	(6)
– ander dienste	(2)	(1)	(2)
Slegte skuld afgeskryf	(7)	(5)	(7)
Slegte skuld verhaal	1	-	1
Terugskrywing van twyfelagtige skuld	-	2	-
Depresiasie	(40)	(37)	(39)
Buitelandse valuta verlies	(10)	1	(2)
Bedryfshuuruitgawes	(10)	(7)	(6)
Eiendom	(6)	(5)	(4)
Masjinerie en toerusting	(4)	(2)	(2)
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	2	2	2
Voorsiening vir aktuariele wins op pensioenfondsbydraes	-	1	-
Voorsiening vir graanrisiko	(4)	-	(4)

### 18.2 FINANSIERINGSKOSTE

	GROEP	MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm
Lenings van kommersiële banke	(46)	(41)	(48)
Kommoditeitsfinansiering	(40)	(67)	(40)
Ander	(3)	(5)	(1)
<b>Totale finansieringskoste betaal</b>	<b>(89)</b>	<b>(113)</b>	<b>(89)</b>
Rentekoersruiltransaksie	(3)	(2)	(3)
<b>Totale finansieringskoste</b>	<b>(92)</b>	<b>(115)</b>	<b>(92)</b>

### 18.3 FINANSIERINGSINKOMSTE

	GROEP	MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm
Lenings en rekeninge ontvangbaar	36	31	36
Handelsrekeninge ontvangbaar	106	99	106
<b>Totale finansieringsinkomste</b>	<b>142</b>	<b>130</b>	<b>142</b>

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (vervolg)

## 18.4 WERKNEMERSKOSTE

	GROEP 2012 R'm	GROEP 2011 R'm	MAATSKAPPY 2012 R'm	MAATSKAPPY 2011 R'm
Netto vergoeding	400	380	385	363
Vergoeding en voordele	359	345	344	328
Aansporingsbonusse	41	35	41	35
Pensioenkoste – omskreve bydraeplan	24	25	23	24
<b>Totale werknemerskoste</b>	<b>424</b>	<b>405</b>	<b>408</b>	<b>387</b>
	Aantal	Aantal	Aantal	Aantal
Permanente personeel	2 064	2 014	1 966	1 941
Tydelike personeel	142	187	137	185
<b>Personnel aan die einde van die jaar</b>	<b>2 170</b>	<b>2 201</b>	<b>2 103</b>	<b>2 126</b>

## 19. ANDER BEDRYFSINKOMSTE

	GROEP 2012 R'm	GROEP 2011 R'm	MAATSKAPPY 2012 R'm	MAATSKAPPY 2011 R'm
Dividende ontvang	2	-	19	7
Diverse inkomste	-	4	-	8
<b>Totale ander bedryfsinkomste</b>	<b>2</b>	<b>4</b>	<b>19</b>	<b>15</b>

## 20. FINANSIËLE INSTRUMENTE EN RISIKOBESTUUR

Die oorhoofse risikobestuursprogram van die Groep fokus op die onvoorspelbaarheid van die finansiële markte en streef daarna om die potensiële nadelige effek op die Groep se finansiële resultate te beperk.

Die metodes en ramings gebruik vir die jaar is konsekwent met dié van die vorige jaar. Wesenlike risiko's is geïdentifiseer en word bestuur soos hieronder uiteengesit.

### 20.1 FINANSIËLE RISIKO'S

#### 20.1.1 Markrisiko's

##### 20.1.1.1 Kommoditeitsprysrisiko

Posisies wat nie op Safex verskans is nie, stel Senwes bloot aan markprysbewegings. Die risiko is veral sensitief tydens lae marklikiditeit. Senwes handhaaf 'n baie streng beleid en oop posisies word tot lae vlakke beperk, hetsoekulatief of operasioneel van aard. Die status van oop posisies word daagliks gemonitor en aan die betrokke senior bestuur gerapporteer.

Die Groep gebruik afgeleide instrumente om blootstelling aan kommoditeitsprysrisiko's te bestuur en te verskans. In ooreenstemming met die Groep se risikobeleid kan slegs minimale onverskanste posisies te eniger tyd bestaan. Die waarde van beskikbare kommoditeite, die netto waarde van termynkontrakte, opsiekontrakte en die waarde van die netto posisies van voorseisoenkontrakte dui op 'n effektiewe skans. Die totale waarde van termynkontrakte word as sensitiewe inligting beskou en word dus nie in die finansiële state vervat nie.

Die verskansingsinstrumente wat gebruik word bestaan uit termynkontrakte en opsiekontrakte. Die netto billike waarde van termynkontrakte vir verskansing op 30 April 2012 het R33,5 miljoen (2011 – R4,6 miljoen) beloop. Soos verduidelik in die vorige paragraaf, is die netto herwaarderingsverskil van die instrumente wat vir verskansing gebruik word, in ag geneem teenoor die waarde van kommoditeite en die billike waarde van voorseisoenkontrakte. Die waarde van kommoditeite op die staat van finansiële posisie word dus as die markwaarde daarvan weerspieël en die termynkontrakte, opsiekontrakte en voorseisoenkontrakte word ook in die staat van finansiële posisie teen billike waarde ingesluit.

#### 20.1.1.2 Verhandelingsrisiko

Markrisiko met betrekking tot verhandeling hou verband met die potensiële verliese in die verhandelingsportefeuje weens markfluktuaties soos rentekoerse, gaping tussen huidige en toekomstige kommoditeitspryse, volatiliteit van hierdie markte en veranderinge in marklikiditeit. Risikoperke word gestel waarbinne verhandeling binne die risiko-aptyle van die Groep bestuur word via vooruitkoop- en verkoopkontrakte.

Vooruitkoopkontrakte verteenwoordig kontrakte met produsente vir die verkryging van fisiese kommoditeite in die toekoms. Die voorwaartse verkoop verteenwoordig kontrakte met kliënte vir die verkoop van fisiese kommoditeite in die toekoms.

#### 20.1.1.3 Buitelandse valuta risiko

Die Groep het minimale blootstelling aan fluktuaties in hoofsaaklik rand/dollar-wisselkoers ten opsigte van invoere en uitvoere. Transaksies in buitelandse geldeenheid word hoofsaaklik aangegaan vir die aankoop en verkoop van voorraaditems.

Op jaareinde was die valutatermykontrakte as verskansing teen verwagte betalings uitgeneem R1,9 miljoen (2011 – R53,2 miljoen). Die billike waarde-aanpassing op buitelandse valuta kontrakte word erken in wins en verlies. 'n Sensitiviteitsontleding word nie getoon omrede die bedrae nie wesentlik is nie.

Kontrakte is aangegaan om die verwagte kontantvloeie van R1,9 miljoen (2011 – R58,7 miljoen) te verskans. Die verskanste kontantvloeie sal na verwagting op verskeie datums gedurende die twaalf maande na balansstaat datum voorkom.

#### 20.1.1.4 Rentekoersrisiko

##### Befondsing

Die Groep is grootliks natuurlik verskans teen wisselende rentekoerse, aangesien rentedraende skuld hoofsaaklik vir bates wat rente verdien teen wisselende koerse aangewend word.

Rentekoersrisiko	Totale bedryfsbates R'm	GROEP 2012	
		Nie-renteverdienende bates R'm	Renteverdienende bates R'm
Voorraad	709	709	-
Debiteure	1 589	50	1 539
Agentskapsgraandebiteure	274	-	274
Bank	24	-	24
Ander	80	41	39
<b>Totaal</b>	<b>2 676</b>	<b>800</b>	<b>1 876</b>
Rentedraende laste			(1 440)
<b>Netto blootstelling aan rentekoersrisiko (beperk tot R nul)</b>			-

Rentekoersrisiko	Totale bedryfsbates R'm	GROEP 2011	
		Nie-renteverdienende bates R'm	Renteverdienende bates R'm
Voorraad	984	984	-
Debiteure	1 366	57	1 309
Agentskapsgraandebiteure	160	-	160
Bank	17	-	17
Ander	31	31	-
<b>Totaal</b>	<b>2 558</b>	<b>1 072</b>	<b>1 486</b>
Rentedraende laste			(1 399)
<b>Netto blootstelling aan rentekoersrisiko (beperk tot R nul)</b>			-

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (vervolg)

Rentekoste is natuurlik verskans in gevalle waar die renteverdienende bates die rentedraende laste oorskry. Rentekoerse word egter by wyse van finansiële instrumente verskans in omstandighede waar die rentedraende laste die renteverdiende bates wesenlik oorskry of in gevalle waar die omgewing hoë volatiliteit inhou.

Soos op 11 November 2009, het die Groep in 'n rentekoersruiltransaksie met 'n veronderstelde waarde van R250 miljoen teen 'n vaste koers van 8,15% aangegaan. 'n Veranderlike koers gelykstaande aan die drie maande Jibar-koers is van toepassing op die Groep. Die ruil-transaksie word gebruik om die rentekoste oor die langtermyn te verskans teen 'n aanvaarbare vlak. Die langtermynneffek word gerapporteer in die staat van omvattende inkomste.

## Sensitiwiteit van rentekoerse

Die volgende toon die potensiële impak van rentekoersveranderings op die finansieringskostelyn:

	GROEP 2012		GROEP 2011	
	Verhoging/ (verlaging) %	(Verhoging)/ verlaging op voor- belaste finansie- ringskoste R'm	Verhoging/ (verlaging) %	(Verhoging)/ verlaging op voor- belaste finansie- ringskoste R'm
Kommoditeitsfinansiering	2%	(3,7)	2%	(20,7)
	1%	(1,9)	1%	(10,4)
	(1)%	1,9	(1)%	10,4
	(2)%	3,7	(2)%	20,7
Korttermynkoers	2%	(14,3)	2%	(4,7)
	1%	(7,1)	1%	(2,4)
	(1)%	7,1	(1)%	2,4
	(2)%	14,3	(2)%	4,7
Langtermynkoers	2%	(9,0)	2%	(7,0)
	1%	(4,5)	1%	(3,5)
	(1)%	4,5	(1)%	3,5
	(2)%	9,0	(2)%	7,0

## 20.1.2 Kredietrisiko

### Konsentrasierisiko

Die potensiële konsentrasierisiko van krediet het hoofsaaklik betrekking op handelsdebiteure. Handelsdebiteure bestaan uit 'n groot aantal klante wat oor verskillende geografiese gebiede versprei is en krediet word toegestaan ingevolge die Groep se kredietbeleid. Omsigtige kredietkeuringsprosesse word noukeurig gevolg.

Die waarde op risiko hieronder is as volg bereken:

1. "Bruto blootstelling" word hieronder bereken deur die totale produsentedebiteurebalans te verminder met die sekuriteitswaarde gehou of wat gesedeer is aan Senwes asook die toepaslike voorsiening vir oninbaarheid.
2. Verspreiding word gemeet teen die beste praktyke in die bedryf gegewe konsentrasie ten opsigte van geografie, stratifikasijsie, kategorisering en agterstalligheid. Bronne van meting van die konsentrasierisiko word geformuleer vanaf verkeie industrienorme, marktendense in groot landboumaatskappye en eie ontledings. Die verspreiding sal die waarde op risiko verhoog indien dit hoër is as die norm en verlaag indien dit laer is as die norm.

	GROEP	
	2012 R'm	2011 R'm
Bruto blootstelling	739	548
Konsentrasie verminder weens verspreiding	(335)	(231)
Produsentedebiteure: waarde op risiko (VaR)	404	317

Die waarde op risiko van R404 miljoen (2011 – R317 miljoen) is bereken voor inagneming van kliënte se finansiële posisie. Die VaR het met 27% verhoog as gevolg van 'n 24% verhoging in die debiteureboek. Dit is 'n indikasie dat die profiel van nuwe klante dieselfde is as die bestaande boek. 'n Addisionele voorsiening vir slegte skuld van R3 miljoen is geskep om te vergoed vir die verhoging in die VaR.

Bogenoemde waarde op risiko word gemeet met betrekking tot konsentrasie in die verskillende areas, naamlik: agterstalligheid, kategorisering, stratifikasie (individuale grootte) en geografie en word volledig hieronder uiteengesit:

#### **Geografie**

'n Lae konsentrasie risiko is van toepassing. Dit word toegeskryf aan 'n wydverspreide geografiese area, hoofsaaklik Vrystaat, Noordwes en Noord-Kaap.

#### **Stratifikasie en agterstalligheid**

Stratifikasie van kliëntebasis in omvang van krediet toegestaan	GROEP 2012		GROEP 2011	
	Blootstelling van boek	Agterstallig	Blootstelling van boek	Agterstallig
R1 – R500 000	<b>4,27%</b>	<b>13,32%</b>	5,84%	16,79%
R500 000 – R1 250 000	<b>7,06%</b>	<b>3,02%</b>	9,72%	3,16%
R1 250 000 – R3 000 000	<b>17,48%</b>	<b>1,10%</b>	20,26%	1,36%
R3 000 000 – R5 000 000	<b>21,97%</b>	<b>2,08%</b>	23,72%	1,58%
R5 000 000 – R10 000 000	<b>19,91%</b>	<b>1,37%</b>	15,96%	2,60%
Bo R10 000 000	<b>25,68%</b>	<b>0,65%</b>	21,95%	2,95%
Regskliënte	<b>3,63%</b>	<b>55,10%</b>	2,55%	61,51%
	<b>100,00%</b>	<b>3,88%</b>	100,00%	4,57%

Goeie verspreiding in kliëntegrootte en agterstalligheid is van toepassing en die grootte van die klienteboek is inlyn met Senwes se risiko-apptyt per grootte segment.

#### **Kategorisering**

Verspreiding van debiteure per kategorie	GROEP 2012		GROEP 2011	
	Handelsdebitore	Handelsdebitore	Handelsdebitore	Handelsdebitore
Kategorie 1		<b>40,94%</b>		28,78%
Kategorie 2		<b>48,17%</b>		58,67%
Kategorie 3		<b>4,95%</b>		7,06%
Kategorie 4		-		0,40%
Ander		<b>3,13%</b>		2,54%
Regskliënte		<b>2,81%</b>		2,55%
		<b>100,00%</b>		100,00%

Die verskillende kategorieë word as volg gedefinieer:

- Kategorie 1 kliënt: 'n Topkliënt in die mark met 'n uitstekende kredietgeskiedenis, balansstaat, finansiële posisie en terugbetaalvermoë.
- Kategorie 2 kliënt: Boonste kwartiel kliënte (met uitsluiting van kategorie 1 kliënte) in die mark met 'n goeie kredietgeskiedenis en 'n gesonde finansiële posisie en terugbetaalvermoë.
- Kategorie 3 en 4 kliënt: Verteenwoordig 'n breë basis van kliënte wat wissel vanaf beginnerboere met relatief swakker balansstate, tot produsente wat in 'n oorlewingstryd gewikkeld is. Die beleid is streng met betrekking tot hierdie kategorie kliënte en krediet sal slegs verleen word onder omstandighede van hoë sekuriteitsposisie, spesifieke doelgemaakte lae-risiko finansieringsprodukte en waar ons van mening is dat die kliënt wel die potensiaal het om te herstel na 'n sterker posisie.
- Ander: Rekening word geëvalueer op die basis waarop die rekening hanteer word en is ten volle versekureer.

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (vervolg)

## Teenpartyrisiko

Die kredietkrisis rig generies vrae met betrekking tot die finansiers se vermoë en bereidwilligheid om te finansier. Absa en Land Bank as hoof finansiers, word beskou as 'n uitstekende teenparty en is binne die aanvaarbare vlakke van teenpartyrisiko. Teenpartyrisiko wat verband hou met krediet verleent aan kliënte, word aktief bestuur en is ook binne aanvaarbare vlakke.

### 20.1.3 Likiditeitsrisiko

Die Groep monitor die likiditeitsrisiko by wyse van 'n kontantvloeibeplannings- en sekuriteitsmodel.

Die Groep neem die vervaldatum van sy onderskeie bates in ag en befonds die bedrywigheide deur 'n balans te verkry tussen die optimale finansieringsmeganisme en die onderskeie finansieringsprodukte wat insluit bankoortrekings, korttermynlenings, kommoditeitsfinansiering en ander krediteure. Die onderskeie vervaldatums van skuld sien soos volg daaruit:

	GROEP						
	Totaal R'm	Betaalbaar binne 1 maand R'm	Betaalbaar binne 1 - 2 maande R'm	Betaalbaar binne 2 - 6 maande R'm	Betaalbaar binne 6 - 12 maande R'm	Betaalbaar binne 1 - 5 jaar R'm	Betaalbaar na 5 jaar R'm
<b>SKULD – 2012</b>							
<b>Nie-bedryfslaste</b>							
Rentedraende lenings	450	-	-	-	-	350	100
Langtermyn-aansporingsbonusse	7	-	-	-	-	7	-
	<b>457</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>357</b>	<b>100</b>
<b>Bedryfslaste</b>							
Rentedraende lenings	964	164	23	-	777	-	-
Handels- en ander rekening betaalbaar	468	322	138	-	-	8	-
Ander	107	-	82	11	11	3	-
	<b>1 539</b>	<b>486</b>	<b>243</b>	<b>11</b>	<b>788</b>	<b>11</b>	-
<b>Totale verpligtinge</b>	<b>1 996</b>	<b>486</b>	<b>243</b>	<b>11</b>	<b>788</b>	<b>368</b>	<b>100</b>

	GROEP						
	Totaal R'm	Betaalbaar binne 1 maand R'm	Betaalbaar binne 1 - 2 maande R'm	Betaalbaar binne 2 - 6 maande R'm	Betaalbaar binne 6 - 12 maande R'm	Betaalbaar binne 1 - 5 jaar R'm	Betaalbaar na 5 jaar R'm
<b>SKULD – 2011</b>							
<b>Nie-bedryfslaste</b>							
Rentedraende lenings	350	-	-	-	-	350	-
Langtermyn-aansporingsbonusse	13	-	-	-	-	13	-
Na-aftrede verpligtinge	81	-	-	-	-	81	-
Afgeleide finansiële instrumente	2	-	-	-	-	2	-
	<b>446</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>446</b>	-
<b>Bedryfslaste</b>							
Rentedraende lenings	1 021	352	-	669	-	-	-
Handels- en ander rekening betaalbaar	313	84	199	5	11	14	-
Ander	96	35	29	17	13	2	-
	<b>1 430</b>	<b>471</b>	<b>228</b>	<b>691</b>	<b>24</b>	<b>16</b>	-
<b>Totale verpligtinge</b>	<b>1 876</b>	<b>471</b>	<b>228</b>	<b>691</b>	<b>24</b>	<b>462</b>	-

#### 20.1.4 Riglyne vir kapitaalhandhawing

Die Groep handhaaf sy eiekapitaalverhouding binne die volgende gestelde teikens:

	GROEP 2012	GROEP 2011
Handhawing van kapitaal	Eiekapitaal-verhouding	Eiekapitaal-verhouding
Totale bates	3 372	3 106
Ekwiteit	1 376	1 230
Laste	1 996	1 876
Totale ekwiteit en laste	3 372	3 106
Berekende koers (%)	41%	40%
Gestelde teikenband (%)	35% - 45%	35% - 45%

Die eiekapitaalverhouding het met 1% toegeneem en die verhouding is steeds binne die gestelde teikenband. Die beleid ten opsigte van die handhawing van kapitaal is in ooreenstemming met die vorige finansiële jaar.

	GROEP 2012	GROEP 2011
Rentedekking	Rentedekking R'm	Rentedekking R'm
Wins voor rente, belasting, depresiasi en amortisasie	494	471
Finansieringskoste	92	115
Berekende rentedekking (keer)	5,4	4,1
Gestelde teiken (keer)	>3	>3

Die rentedekking oorskry die minimum gestelde teiken van drie keer.

## 20.2 BESIGHEIDSRIKO'S

### 20.2.1 Operasionele risiko's

#### Toegang tot graan

Die risiko bestaan dat Senwes nie in staat is om toegang tot volumes graan binne sy geografiese basis te kan volhou of verhoog nie en waar die gepaardgaande impak op sy graaninkomste beduidend kan wees. Verminderde toegang tot graanvolumes kan die gevolg wees van die volgende:

- ❖ Verminderde aanplantings – Die verskynsel van verminderde aanplantings impakteer Senwes op verskeie besigheidsvlakke. Modelle is ontwikkel en word bestuur om die impak van aansienlike afwaartse aanplantings te verminder.
- ❖ Droogtes – Die veranderinge in klimaatstoestande hou 'n wesenlike risiko vir Senwes in en die verkope van produkte word beduidend hierdeur beïnvloed. Modelle is ontwikkel en finansiële instrumente word gebruik om die potensiële impak van droogtes te verminder.
- ❖ Mededingende alternatiewe bergingstrukture – Alternatiewe bergingstrukture word aangespreek deur innoverende marktransaksies en die instandhouding van goeie produsenteverhoudinge. Verskille tussen produkaanbiedinge is ook aangespreek in die mark. Logistieke oplossings en befondsing van graankopers is addisionele risikoverminderingsmaatreëls.
- ❖ Onbeoorlike bestuur van transformasie en grondhervorming kan 'n aansienlike uitwerking op produksie hê. Senwes, in samewerking met die betrokke regeringsdepartemente, soek na lewensvatbare opsies en die implementering van sulke opsies met inagneming van die SEB-beleid.

#### Menslike kapitaal – skaarsheid en behoud van talent

Toegang tot en behoud van uitstaande personeel is een van die hoekstene van goeie prestasie. Suid-Afrika voer tans 'n stryd teen skaarsheid van talent weens verskeie redes. Daarbenewens het Senwes self 'n relatiewe jong talentprofiel, wat op sigself probleme veroorsaak ten opsigte van die behoud van talent weens die beweeglikheid daarvan. 'n Bydraende faktor is die feit dat Senwes hoofsaaklik in 'n plattelandse gebiede geleë is terwyl baie jong mense eerder in die groter metropole wil woon waar daar meer loopbaanvoortsigte is. Ten einde hierdie risiko te verminder, en as deel van 'n omvattende strategie ten opsigte van die behoud van talent, is toepaslike vergoedings- en aansporingskemas geïmplementeer en word voldoende geleenthede vir groei gebied deur opleiding en praktiese blootstelling. Opgvolgeplanning en die identifisering van talent geniet ook voldoende aandag.

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (vervolg)

## **Bedryfsrisiko**

Bedryfsrisiko verwys na gebeure wat nie deur menslike foute veroorsaak word nie en vorm deel van die normale verloop van besigheid. Die gebeure kan insluit die onderbreking van operasionele prosesse op kritieke tye, onvoorsiene wagtydperk op voorraadbestellings en die tekort aan noodsaaklike dienste wat die voortsetting van besigheid verseker as enkele voorbeeld.

## **Diefstal en bedrog**

Die huidige ekonomiese toestande gee aanleiding tot 'n verhoogde moontlikheid van diefstal en bedrog. Die diversiteit van die Groep se aktiwiteite verhoog die moontlikheid hiervan verder. Dit word ook verder verhoog deur die ingewikkelde aard van sekere aktiwiteite wat spesifieke nakoming en kontrole vereis. Herfokus van besigheidsprosesse, 'n kultuurprogram, herontwerp van aanstellingspraktyke en die opgradering van fisiese kontroles is van die bestuursaksies wat in proses is ten einde die risiko tot 'n aanvaarbare vlak te beperk.

### **20.2.2 Regsrisiko**

#### **Nie-nakoming van kontrakte**

Die feit dat Senwes kontrakte sluit met produsente sowel as kopers hou 'n risiko in wanneer omstandighede lei tot die nie-nakoming van kontraktuele verpligtinge. Hierdie omstandighede kan ontstaan as gevolg van droogte of aansienlike prysveranderinge. Behoorlike evaluasie en akkreditasie sowel as die monitering van die vloei van die oes, speel 'n belangrike rol om hierdie risiko aan te spreek. Verder word die kontrakgrootte per teenparty beperk tot 'n sekere gewig van sy langtermyn gemiddelde opbrengs. Marktendense wat kan lei tot nie-nakoming van kontrakte word deeglik gemonitor en strategieë om hierdie risiko te verskans word ingestel wanneer nodig. Hierdie instrumente word ingesluit in die waardes aangedui in aantekening 16.

#### **Regsaksies**

Senwes is betrokke by sekere regaksies soos bespreek in aantekening 17.1.

Die moontlikheid bestaan altyd dat verliese vir die Groep mag ontstaan, terwyl regadvies op 'n positiewe uitslag vir Senwes dui. Die moontlikheid van verliese word voordurend oorweeg en geëvalueer en word aan die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee en die Direksie gerapporteer.

### **20.2.3 Strategiese risiko**

#### **Volhoubaarheids- en reputasierisiko**

Die moontlikheid bestaan dat sekere gebeure of persepsies aanleiding kan gee tot onsekerheid by sommige belanghebbendes. Dit kan negatief impakteer op die besigheid wat met die Groep gedoen word of die aandeelwaarde.

Die risikobestuursproses oorweeg alle relevante aksies, gebeure en omstandighede wat 'n uitwerking kan hê op die reputasie van die Maatskappy. In die proses word ook gepoog om die omvang van die uitwerking op die reputasie te bepaal. Toepaslike maatreëls en strukture is in plek gestel om gebeure tydig en effektief te hanteer.

Die risikoproses identifiseer ook gebeure wat druk plaas op die volhoubaarheid van die Groep. Die proses identifiseer areas vir die implementering van aksieplanne wat volhoubare winsgewendheid verseker.

### **20.2.4 Stelselrisiko**

Die Maatskappy steun beduidend op tegnologie. Die risiko met betrekking tot argivering, kapasiteit, toepaslikheid, data-integriteit, integrasie en aanpasbaarheid is van die vernaamste risiko's. 'n Behoorlike IT-strategie met die nodige stuurkomitee is in plek en formele veranderings, projek- en integrasiebestuur word hierop toegepas.

## **20.3 OMGEWINGSRISIKO**

### **20.3.1 Weer- en klimaatrisiko**

Verwys paragraaf 20.2.1.

### **20.3.2 Politieke risiko**

Verwys paragraaf 20.2.1

## **20.4 BILLIKE WAARDE**

Alle finansiële instrumente word teen drawaardes weerspieël. Die drawaardes is redelike beramings van die markverwante billike waardes.

#### 20.4.1 Billike waarde hiërargie

Senwes gebruik die volgende hiërargie vir die bepaling en openbaarmaking van die billike waardes van finansiële instrumente volgens waardasietegnieke:

- Vlak 1: Gekwoteerde (onverrekende) pryse in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste.
- Vlak 2: Ander waardasietegnieke waarvan alle insette wat 'n beduidende uitwerking op die billike waarde het, hetsy direk of indirek, van 'n aktiewe mark afgelei kan word.
- Vlak 3: Waardasietegnieke wat insette gebruik wat 'n beduidende uitwerking op die billike waarde het, wat nie gebaseer is op waarneembare markdata nie.

GROEP EN MAATSKAPPY – 2012				
Aantekeninge	30 April 2012 R'm	Vlak 1 R'm	Vlak 2 R'm	Vlak 3 R'm
<b>Bates gewaardeer teen billike waardes</b>	<b>44</b>	<b>44</b>	-	-
Gekwoteerde ekwiteitsaandele	4.1.1 3	3	-	-
Vooruitverkrygingskontrakte	16.1 40	40	-	-
Buitelandse valuta termynkontrakte	16.1 1	1	-	-
Aantekeninge	30 April 2011 R'm	Vlak 1 R'm	Vlak 2 R'm	Vlak 3 R'm
<b>Laste gewaardeer teen billike waardes</b>	<b>7</b>	<b>7</b>	-	-
Vooruitverkrygingskontrakte	16.2 2	2	-	-
Rentekoersruiltransaksies	16.2 5	5	-	-

Gedurende die verslagdoeningsperiode eindigende 30 April 2012, was daar geen oordragte tussen vlak 1 en vlak 2 billike waardemetings nie, en geen oordragte in of uit vlak 3 billike waardemetings nie.

GROEP EN MAATSKAPPY – 2011				
Aantekeninge	30 April 2012 R'm	Vlak 1 R'm	Vlak 2 R'm	Vlak 3 R'm
<b>Bates gewaardeer teen billike waardes</b>	31	31	-	-
Gekwoteerde ekwiteitsaandele	4.1.1 3	3	-	-
Vooruitverkrygingskontrakte	16.1 23	23	-	-
Buitelandse valuta termynkontrakte	16.1 5	5	-	-
Aantekeninge	30 April 2011 R'm	Vlak 1 R'm	Vlak 2 R'm	Vlak 3 R'm
<b>Laste gewaardeer teen billike waardes</b>	12	12	-	-
Vooruitverkrygingskontrakte	16.2 2	2	-	-
Vooruitverkoopkontrakte	16.2 2	2	-	-
Rentekoersruiltransaksies	16.2, 16.3 8	8	-	-

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (vervolg)

## 21. VERDIENSTE PER AANDEEL EN DIVIDENDE

### 21.1 VERDIENSTE PER AANDEEL

'n Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 180 789 308 (2011 – 180 789 308) is gebruik in onderstaande berekenings. Die verdienste is bereken op wins toeskryfbaar aan aandeelhouers.

- 21.1.1 Verdienste per aandeel is bereken op grond van wins van R264 miljoen (2011 – R219 miljoen) toeskryfbaar aan gewone aandele.
- 21.1.2 Verdienste per aandeel uit voortgesette bedrywe is bereken op wins van R264 miljoen (2011 – R219 miljoen).
- 21.1.3 Wesensverdienste per aandeel is bereken op wins van R240 miljoen (2011 – R210 miljoen).
- 21.1.4 Rekonsiliasie tussen verdienste en wesensverdienste is as volg:

	GROEP	
	2012 R'm	2011 R'm
Verdienste soos per staat van omvattende inkomste	<b>264</b>	219
Aansuiwerings:		
Waardedalings en aanpassings op silo's en ander geboue	(51)	-
Verlies op buitelandse valuta	<b>8</b>	-
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(1)	(1)
Voorsiening vir aktuariële wins op pensioenfondsbydraes	-	(1)
Wins met die verkoop van beleggings	-	(7)
Herstruktureringskoste	<b>20</b>	-
Wesensverdienste	<b>240</b>	210
Verdienste per aandeel (sent)	<b>146,0</b>	121,1
Wesensverdienste per aandeel (sent)	<b>132,8</b>	116,2

Alle aansuiwerings word getoon op 'n na-belaste basis.

### 21.2 DIVIDENDE BETAAL EN VOORGESTEL

	GROEP EN MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm
<b>Verklaar en betaal gedurende die jaar:</b>		
Dividende op gewone aandele:		
Finale dividend vir 2011 – 25 sent (2010 – 15 sent)	<b>45</b>	27
Interim dividend 2012 – 20 sent (2011 – 10 sent)	<b>36</b>	18
Tweede interim dividend 2012 – 25 sent (2011 – nul sent)	<b>45</b>	-
<b>Totale dividende betaal</b>	<b>126</b>	45
Voorgestel vir goedkeuring by die algemene jaarvergadering (nie erken as 'n verpligting op 30 April)		
Dividende op gewone aandele:		
<b>Finale dividend 2012 – 15 sent (2011 – 25 sent)</b>	<b>27</b>	45

## 22. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

### 22.1 FILIALE

Die finansiële state sluit die finansiële resultate van die filiale in soos gelys. Die onderstaande tabel lys die totaal van die transaksies per filiaal.

	MAATSKAPPY		
	% belang	Inkomste ontvang vanaf filiale R'm	Bedrae verskuldig (aan)/deur filiale R'm
<b>2012</b>			
JD Implemente (Edms) Bpk	50%	1	8
Senwes Capital (Edms) Bpk*	100%	-	(3)
Senwes Bpk – geïnkorporeer in Malawi	100%	-	30
Senwes International Holdings (Edms) Bpk	100%	-	14
Univision Broker Services (Edms) Bpk	100%	1	(18)
Univision Financial Services (Edms) Bpk	100%	3	18
<b>Totaal</b>		<b>5</b>	<b>49</b>

\* Op 24 November 2011 is Charel de Klerk Street Properties se naam verander na Senwes Capital.

	MAATSKAPPY	% belang	Inkomste ontvang vanaf filiale R'm	Bedrae verskuldig (aan)/deur filiale R'm
<b>2011</b>				
Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk		100%	-	(2)
Senwes Bpk – geïnkorporeer in Malawi		100%	-	17
Univision Broker Services (Edms) Bpk		100%	1	(8)
Univision Financial Services (Edms) Bpk		100%	5	1
<b>Totaal</b>			<b>6</b>	<b>8</b>

Univision Financial Services (Edms) Bpk besit 100% belang in Univision Broker Services (Edms) Bpk. Senwes Beperk hou weer 'n direkte belang in Univision Financial Services (Edms) Bpk en daardeur 'n indirekte belang in Univision Broker Services (Edms) Bpk.

### 22.2 GEASSOSIEERDES

Besonderhede van transaksies met geassosieerde word gelys in die onderstaande tabel:

	MAATSKAPPY		Verwante party transaksies	Bedrag verskuldig deur/ (aan) geassosieerde
	% belang	2012 2011		
	2012	2011	2012 R'm	2011 R'm
Bunge Senwes (Edms) Bpk	50%	-	200	-
Grainovation (Edms) Bpk	50%	50%	(323)	(183)
Graan Silo Industrie (Edms) Bpk	26%	26%	-	(1)
Grasland Ondernemings (Edms) Bpk	50%	50%	1	(2)
Silo Certs (Edms) Bpk	42,5%	42,5%	-	-
				3

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (vervolg)

## 22.3 HOUERMAATSKAPPY

Senwesbel Bpk het sy aandeelhouding tot 58,8% verhoog (2011 – 41,16%) gedurende die 2012 finansiële jaar.

	HOUERMAATSKAPPY	
	Bestuursfooie ontvang	Rente betaal
	2012 R'm	2011 R'm
<b>Senwesbel Beperk</b>	<b>-</b>	<b>1</b>
		3
		4
		26
		28

❖ Dividende betaal aan Senwesbel Beperk het R76 miljoen beloop (2011 – R18 miljoen).

## 22.4 HANDELSDEBITEURE ONTVANGBAAR – DIREKTEURE EN UITVOERENDE BESTUUR

Handelsdebiteure ontvangoor bestaan uit produksiekredietrekeninge en ander rekeninge waarvoor klante van die maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoerse ten opsigte van lenings is in ooreenstemming met maatskappybeleid. Hierdie bedrae word ingesluit in handels- en ander rekeninge ontvangoor volgens normale krediettermee en -voorwaardes.

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
<b>Verwante partye – handels- en ander rekening ontvangbaar</b>	<b>25</b>	<b>24</b>	<b>25</b>	<b>24</b>

## 22.5 DIREKTEURSVERGOEDING (UITVOEREND EN NIE-UITVOEREND)

	MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm
Salarisse	5	4
Korttermyn-aansporingsbonusse	2	2
Langtermyn-aansporingsbonusse	2	2
Uitvoerende direkteure	9	8
Nie-uitvoerende direkteure	3	3
<b>Direkteursvergoeding</b>	<b>12</b>	<b>11</b>

Die direkteure se vergoeding is nie in die werknemerskoste, soos getoon in aantekening 18.4, ingesluit nie.

Vergoeding per direkteur word uiteengesit in die vergoedingskomiteeverslag op bladsy 16.

## 22.6 ANDER SLEUTELBESTUURSPERSONEEL

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
Salarisse	24	20	23	19
Aansporingsbonusse	10	8	10	8
<b>Totale vergoeding aan sleutelbestuur</b>	<b>34</b>	<b>28</b>	<b>33</b>	<b>27</b>
Aantal sleutelbestuurs personeel op jaareinde	16	17	16	16

Die vergoeding van hierdie personeel word in werknemerskoste ingesluit, soos getoon in aantekening 18.4.

## 22.7 KONTANTVEREFFENDE AANDEELGEBASEERDE TRANSAKSIE

Verwys na aantekening 12.1.2 vir inligting rakende die kontantvereffende aandeelgebaseerde transaksie waarin sommige direkteure ook deelneem.

## 22.8 INLIGTING OOR DIREKTEURE SE DIENSTERMYNE

Verwys na die statutêre direkteursverslag (bladsy 59) vir inligting rakende die nie-uitvoerende direkteure.

### Uitvoerende direkteure

Direkteur	Dienskontrakverstrykingsdatum	Posisie beklee
F Strydom	31 Julie 2013	Besturende Direkteur
CF Kruger	31 Augustus 2013	Finansiële Direkteur

Belange van direkteure in die Maatskappy:

	MAATSKAPPY			
	2012		2011	
	Aantal aandele	% van totale aandele	Aantal aandele	% van totale aandele
<i>Direk</i>				
Nie-uitvoerende direkteure	<b>140 984</b>	<b>0,08</b>	533 731	0,29
Uitvoerende direkteure	<b>31 570</b>	<b>0,02</b>	21 570	0,01
<i>Indirek</i>				
Nie-uitvoerende direkteure	<b>25 576 521</b>	<b>14,15</b>	19 340 967	10,70
Uitvoerende direkteure	<b>953 154</b>	<b>0,53</b>	397 634	0,22
<b>Totale direkte en indirekte belang</b>	<b>26 702 229</b>	<b>14,78</b>	20 293 902	11,22

Verwys na die Korporatiewe Beheerverslag vir inligting rakende belange gehou per individue op bladsy 14.

## 23. REKONSILIASIE VAN WINS VOOR BELASTING MET KONTANT

### DEUR BEDRYFSAKTIWITEITE VOORTGEBRING

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
Wins voor belasting	<b>362</b>	319	<b>304</b>	317
Nie-kontant aansuiwerings van wins voor belasting na netto kontantvloeie:	<b>146</b>	228	<b>191</b>	221
Buitelandse omrekeningsverskille	<b>10</b>	-	-	-
Depresiasi	<b>40</b>	37	<b>39</b>	37
Toename in voorsienings en nie-kontant items	<b>67</b>	86	<b>83</b>	87
Finansieringskoste	<b>89</b>	113	<b>89</b>	113
Waardedalings en terugskrywings – geboue	(51)	-	<b>14</b>	-
Terugskrywing van waardedaling – beleggings	-	-	(5)	-
Wins vanaf geassosieerde	(5)	(2)	-	-
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(2)	(2)	(2)	(2)
Wins met verkoop van filiaal	-	(3)	-	(7)
Ander bedryfsinkomste	(2)	(1)	(19)	(7)
<b>Kontant deur bedryfsaktiwiteite voortgebring</b>	<b>508</b>	547	<b>495</b>	538

# AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (vervolg)

## 24. VERANDERING IN BEDRYFSKAPITAAL

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
Afname/(toename) in voorraad	<b>280</b>	(152)	<b>319</b>	(157)
Toename in handels- en ander rekening ontvangbaar	<b>(287)</b>	(117)	<b>(290)</b>	(106)
Toename in agentskapsgraandebiteure	<b>(114)</b>	(63)	<b>(114)</b>	(63)
Toename/(afname) in handels- en ander rekening betaalbaar	<b>25</b>	(159)	<b>2</b>	(158)
(Afname)/toename in rentedraende bedryfslenings	<b>(59)</b>	248	<b>(54)</b>	248
(Afname)/toename in rentedraende lenings vanaf verwante partye	-	(47)	-	(48)
<b>Verandering in bedryfskapitaal</b>	<b>(155)</b>	(290)	<b>(137)</b>	(284)

## 25. BELASTING BETAAL

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
Belasting betaalbaar aan die begin van die tydperk	<b>(15)</b>	(7)	<b>(15)</b>	(6)
Uitgestelde belasting ontvangbaar aan die begin van die tydperk	<b>39</b>	39	<b>39</b>	39
Bedrae teen die staat van omvattende inkomste gedebiteer	<b>(97)</b>	(100)	<b>(94)</b>	(98)
Uitgestelde belasting ontvangbaar aan die einde van die tydperk	<b>(26)</b>	(39)	<b>(26)</b>	(39)
Belasting betaalbaar aan die einde van die tydperk	<b>7</b>	15	<b>7</b>	15
<b>Belasting betaal</b>	<b>(92)</b>	(92)	<b>(89)</b>	(89)

## 26. AANKOOP VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
Grond	<b>(9)</b>	(3)	-	-
Geboue en verbeterings	<b>(6)</b>	(7)	<b>(6)</b>	(10)
Masjinerie en toerusting	<b>(23)</b>	(20)	<b>(18)</b>	(19)
Voertuie	<b>(18)</b>	(8)	<b>(16)</b>	(8)
<b>Totale aankope van eiendom, aanleg en toerusting</b>	<b>(56)</b>	(38)	<b>(40)</b>	(37)
Verteenwoordig deur:	<b>(56)</b>	(38)	<b>(40)</b>	(37)
Aankope om bedryfskapasiteit te verhoog	<b>(22)</b>	(21)	<b>(22)</b>	(20)
Aankope om bedryfskapasiteit te handhaaf	<b>(34)</b>	(17)	<b>(18)</b>	(17)

## 27. OPBRENGS MET VERKOOP VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
Drawarde van bates verkoop	<b>1</b>	1	<b>1</b>	1
Wins met verkoop	<b>2</b>	2	<b>2</b>	2
<b>Opbrengs met verkoop</b>	<b>3</b>	3	<b>3</b>	3

## **28. BEDRYFSLENINGS ONTVANGBAAR**

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm	2011 R'm
Toename in bedryfslenings ontvangaar	(36)	(3)	(69)	(27)

## **29. ONBENUTTE FINANSIERINGSFASILITEITE**

Die Groep het onbenutte korttermynleningsfasiliteite van R188 miljoen, deur middel van sessies en verpanding van produksiekrediet-debiteure asook silobergings- en silohanteringsdebitore verseker. Die Groep het ook 'n onbenutte langtermynleningsfasiliteit (SPV) van R550 miljoen, wat verseker is deur 'n eerste verband oor silobates. Die Groep het van tyd tot tyd kommoditeitsfinansierings-transaksies aangegaan en die finansiers het 'n onbeperkte aptyt getoon vir dié tipe finansiering. Die kommoditeitslening is egter beperk tot die waarde van die kommoditeit en die verskanste afgeleide instrument wat as sekuriteit voorsien kan word.

# REKENINGKUNDIGE BELEID

## 1. Aanbiedingsgrondslag

Die finansiële state word op die historiese-kostegrondslag opgestel, met uitsondering van afgieleide finansiële instrumente en beskikbaar-virverkoop finansiële bates wat teen billike waardes getoon word. Die drawaardes van verskanste bates en laste word aangepas om veranderinge in die billike waardes weens die verskanste risiko's te weerspieël. Die finansiële state word in rand opgestel en alle waardes tot die naaste miljoen rand (R' 000 000) aferond, tensy anders aangedui word.

### 1.1 Staat van voldoening

Die finansiële state van die Senwes Beperk en al sy filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde ("Groep") is opgestel in ooreenstemming met en voldoen aan die vereistes van "International Financial Reporting Standards" ("IFRS") soos uitgereik deur die "International Accounting Standards Board" ("IASB") en ook ooreenkomsdig die Suid-Afrikaanse Maatskappwyet, 2008 wat van toepassing is op maatskappye wat verslag doen onder IFRS.

### 1.2 Verandering in rekenkundige beleid en openbaarmaking

Afgesien van aanvaarding van die onderstaande nuwe standpunte en interpretasie van standpunte wat in hierdie finansiële state effektief vanaf 1 Mei 2011 geïmplementeer is, is die rekenkundige beleid konsekwent toegepas met dié van die vorige finansiële jaar.

#### ❖ IAS 24 – Verwante party openbaarmaking (Gewysig)

Die IASB het 'n wysiging aan IAS 24 aangebring wat die definisie toelig van 'n verwante party ten einde die identifisering van sodanie verhoudings te vereenvoudig en om onkonsekwendheid ten opsigte van die toepassing daarvan te elimineer. Die gewysigde standpunt stel 'n gedeeltelike vrystelling van openbaarmakingsvereistes vir regeringsverwante ondernemings bekend. Die Groep voorsien nie dat dit enige impak sal hê op sy finansiële posisie of prestasie nie.

#### ❖ Verbeteringe tot IFRS'e (uitgereik in Mei 2010)

Die IASB-uitgereikte verbeteringe tot IFRS, 'n omnibus van wysigings tot IFRS standaarde. Die verbeteringe word hoofsaaklik uitgereik met die doel om onkonsekwendhede te verwyder en om bewoording duideliker te maak. Die aanvaarding van die wysigings het nie enige impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep gehad nie. Die wysigings word hieronder gelys:

- IFRS 3 Besigheidskombinasies
- IFRS 7 Finansiële Instrumente: Openbaarmaking
- IAS 1 Aanbieding van Finansiële State
- IAS 27 Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State
- IAS 34 Tussentydse Finansiële State

#### ❖ IFRIC 14 Vooruitbetaling van 'n minimum befondsingsvereiste (Gewysig)

Die wysiging verskaf leiding met betrekking tot die assessering van die verhaalbare bedrag van 'n netto pensioenbate. Die wysiging laat 'n onderneming toe om die vooruitbetaling van 'n toekomstige dienskoste as 'n bate te hanteer. Daar word nie voorsien dat die wysiging 'n impak op die finansiële state van die Groep sal hê nie.

#### ❖ IFRIC 19 Eliminering van finansiële laste deur ekwiteitsinstrumente

Die interpretasie maak dit duidelik dat ekwiteitsinstrumente wat aan 'n krediteur uitgereik is om 'n finansiële las te elimineer, as teenprestasie kwalifiseer. Die ekwiteitsinstrumente wat uitgereik is, word teen billike waarde gemeet. In gevalle waar dit nie op 'n betroubare wyse gemeet kan word nie, word die instrumente teen die billike waarde van die las wat geëlimineer is, gemeet. Enige wins of verlies word onmiddellik as 'n wins of verlies erken. Die aanvaarding van hierdie interpretasie sal geen effek op die finansiële state van die Groep hê nie.

### 1.3 Nuwe standpunte, interpretasies, en aanpassings

Standpunte wat reeds uitgereik is maar nog nie effektiief was met die uitreiking van die Groep se finansiële state nie, word hieronder gelys. Die lys is van Standpunte en interpretasies uitgereik, wat die Groep verwag van toepassing te wees op 'n toekomstige datum. Die Groep is van voorname om die Standpunte te implementeer wanneer hulle effektiief raak.

#### ❖ IAS 1 Aanbieding van Finansiële State – Aanbieding van items in ander omvattende inkomste (Gewysig)

#### ❖ IAS 12 Uitgestelde Belasting: Vordering van onderliggende bates (Gewysig – Voorheen ED 2010/11)

#### ❖ IAS 19 Werknemervoordele (Gewysig)

#### ❖ IAS 27 Afsonderlike Finansiële State (soos hersien in 2011)

#### ❖ IAS 28 Beleggings in Geassosieerde en Gesamentlike Ondernemings (soos hersien in 2011)

#### ❖ IAS 32 Finansiële Instrumente: Aanbieding (Gewysig) – Verrekening van Finansiële Bates en Finansiële Laste

#### ❖ IFRS 1 Uitermatige hiper-inflasie en verwydering van vaste datums vir eerste-maal implementeerders (Gewysig)

#### ❖ IFRS 7 Finansiële Instrumente: Openbaarmaking (Gewysig)

#### ❖ IFRS 7 Finansiële Instrumente: Openbaarmaking – Oordrag van Finansiële Bates en Finansiële Laste (Gewysig)

#### ❖ IFRS 9 Finansiële Instrumente Klassifikasie en Meting

#### ❖ IFRS 10 Gekonsolideerde Finansiële State

#### ❖ IFRS 11 Gesamentlike reëlings

#### ❖ IFRS 12 Openbaarmaking van Belange in Ander Entiteite

#### ❖ IFRS 13 Billikwaarde-meting

Die Groep is besig om die effek van hierdie standpunte te evalueer en alhoewel daar nie verwag word dat dit 'n beduidende impak op die Groep se resultate sal hê nie, mag voorlegging en addisionele openbaarmaking nodig wees.

## 2. Wesenlike rekenkundige beleide

### 2.1 Basis van konsolidasie

Die gekonsolideerde finansiële state bevat die finansiële state van Senwes Bpk, sy filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde soos op 30 April 2012.



### 2.1.1 Filiale en spesiale doel entiteite

Filiale is entiteit waar beheer oor die entiteit se bedryfs- en finansiële beleide uitgeoefen kan word om voordeel uit aktiwiteit te trek van waarin die Groep die meerderheid van die stemreg besit.

Filiale word ten volle gekonsolideer vanaf datum van verkryging, wat die datum is waarop beheer verkry is, tot en met die datum waar beheer oor filiale tot 'n einde kom. Die finansiële state van die filiale is opgestel volgens dieselfde verslagdoeningsdatum as die houermaatskappy met ooreenstemmende rekeningkundige beleide. Intergroepstransaksies, saldo's en ongerealiseerde winste en verliese tussen entiteit in die Groep word geëlimineer asook dividende.

Verliese van filiale word toegedeel aan die nie-beherende belang selfs al lei dit tot 'n negatiewe saldo. Verandering in die eienaarskapbelang in 'n filiaal sonder die verlies van beheer word as 'n ekwiteitstransaksie te boek gestel.

Spesiale doel entiteit is entiteit waar die Groep die reg hou om beheer oor die entiteit uit te oefen en hulle word in die Groep finansiële state gekonsolideer. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die bates en laste van al die filiale en hulle resultate vir die jaar in. In die geval van 'n verkryging of 'n verandering in belang gedurende die jaar, word die resultate van die betrokke filiale ingesluit vanaf die datum van effektiewe beheer of tot die effektiewe datum waarop effektiewe beheer geëindig het. Al die filiale het dieselfde finansiële jaareinde en rekeningkundige beleid as die houermaatskappy.

Enige voorsienings vir beleggingafskrywings as gevolg van opgehopte verliese wat in die entiteit ontstaan, word met konsolidasie teruggeskryf. Waar waardedalings plaasvind, word dit teen die betrokke bateklas verantwoord. Belegging in filiale op maatskappylak word getoon teen kosprys min enige voorsienings vir waardedalings.

### 2.1.2 Gesamentlike ondernemings

Gesamentlike ondernemings is sakeondernemings waarin die Groep, tesame met een of meer ander entiteit, 'n ekonomiese aktiwiteit beoefen wat aan gesamentlike beheer onderworpe is. Die groep se belang in gesamentlike ondernemings word volgens die ekwiteitsmetode verantwoord. In die toepassing van die ekwiteitsmetode, word die Groep se aandeel van opgehopte behoue verdienste en bewegings met betrekking tot reserves vanaf die effektiewe datum waarop die maatskappy 'n gesamentlike onderneming geword het tot op die effektiewe datum van vervreemding, in ag geneem.

Met die ekwiteitsmetode word die belegging in gesamentlike ondernemings gedra in die staat van finansiële posisie teen kosprys plus na-verkrygingsveranderinge in die Groep se aandeel in die netto bates van die gesamentlike ondernemings. Klandisewaarde wat verband hou met die gesamentlike ondernemings is ingesluit in die drabedrag van die belegging en word nie geomortiseer of apart getoets vir waardedaling nie. Die aandeel van die resultate van die bedrywe van gesamentlike ondernemings word gereflekteer in wins of verlies. Waar daar 'n verandering erken is in ander omvattende inkomste van die gesamentlike ondernemings, erken die Groep sy belang in enige veranderinge en openbaar dit waar van toepassing, in die staat van verandering in ekwiteit. Ongerealiseerde winste en verliese in transaksies tussen die Groep en gesamentlike ondernemings word geëlimineer tot die omvang van die belang in die gesamentlike ondernemings.

Die gedeelte van die wins van gesamentlike ondernemings word ingesluit in wins of verlies. Dit is die wins toedelbaar aan die ekwiteitshouers van die gesamentlike ondernemings en gevolglik is dit die wins na belasting en nie-beherende belang in die filiale van die gesamentlike ondernemings. Aanpassing word gemaak waar die rekeningkundige tydperk van die gesamentlike ondernemings nie in oorstemming is met die van die Groep is nie.

Na die toepassing van die ekwiteitsmetode, bepaal die Groep met elke verslagdoeningsdatum of die belegging in die gesamentlike ondernemings addisionele waardedalings sal ondergaan. Die Groep bepaal op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat die belegging in die gesamentlike ondernemings waardedaling ondergaan het. Indien dit die geval is, bereken die Groep die bedrag van die waardedaling as die verskil tussen die verhaalbare bedrag van die gesamentlike onderneming en sy drabedrag en erken die bedrag in wins of verlies.

### 2.1.3 Beleggings in geassosieerde

Die Groep se beleggings in geassosieerde word rekeningkundig verantwoord deur gebruik te maak van die ekwiteitsmetode. 'n Geassosieerde is 'n entiteit waarin die Groep beduidende belang het. Verkryging van aandele in beleggings word aangetoon as finansiële bates beskikbaar vir verkoop totdat beduidende invloed verkry is in daardie belegging en die belegging as 'n geassosieerde getoon word.

Met die ekwiteitsmetode word die belegging in die geassosieerde gedra in die staat van finansiële posisie teen kosprys plus na-verkrygingsveranderinge in die Groep se aandeel in die netto bates van die geassosieerde. Klandisewaarde wat verband hou met die geassosieerde is ingesluit in die drabedrag van die belegging en is nie geomortiseer of apart getoets vir waardedaling nie. Die aandeel van die resultate van die bedrywe van geassosieerde word gereflekteer in wins of verlies. Waar daar 'n verandering erken is in ander omvattende inkomste van die geassosieerde, erken die Groep sy belang in enige veranderinge en openbaar dit waar van toepassing, in die staat van verandering in ekwiteit. Ongerealiseerde winste en verliese op transaksies tussen die Groep en die geassosieerde word geëlimineer tot die omvang van die belang in die geassosieerde.

Die gedeelte van die wins van die geassosieerde word ingesluit in die wins of verlies. Dit is die resultaat toegedeel aan die ekwiteitshouers van die geassosieerde en daarom is die resultaat na belasting en nie-beherende belang in die filiale van die geassosieerde. Aanpassings is gemaak waar die rekeningkundige tydperk van die geassosieerde nie in ooreenstemming is met die van die Groep nie.

# REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Na die toepassing van die ekwiteitsmetode, bepaal die Groep met elke verslagdoeningsdatum of die belegging in die geassosieerde addisionele waardedalings sal ondergaan. Die Groep bepaal op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat die belegging in die geassosieerde waardedaling ondergaan het. Indien dit die geval is, bereken die Groep die bedrag van die waardedaling as die verskil tussen die verhaalbare bedrag van die geassosieerde en sy drabedrag en erken die bedrag in wins of verlies.

Met verlies van of beduidende invloed oor die geassosieerde in die Groep word die oorblywende belegging daarvan erken en gemeet teen billike waarde. Die verskil tussen die drabedrag van die geassosieerde tydens verlies aan beduidende invloed en die billike waarde bewegings van die oorblywende belegging, asook opbrengs van verkoop daarvan word in wins en verlies erken.

## 2.1.4 Ander beleggings

Ander beleggings word teen billike waarde erken, insluitend alle direkte toeskryfbare verkrygingskoste wat met die belegging geassosieer word. Na aanvanklike erkenning word beleggings wat as beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer word, volgens hulle billike waarde aangepas. Winste of verliese voorspruitend uit billike waarde-aanpassings aan hierdie beleggings, word direk in ander omvattende inkomste erken. Sodra die belegging verkoop of vervreem word, word die opgehoede wins of verlies wat voorheen in ander omvattende inkomste aangepas is, as deel van wins of verlies in die staat van omvattende inkomste ingesluit.

## 2.2 Buitelandse valuta

### 2.2.1 Buitelandse transaksies

Transaksies in buitelandse valuta word omgeskakel teen toepaslike heersende sigkoerse op die transaksiedatums. Monetêre bates en/lote in buitelandse valuta word teen toepaslike heersende sigkoerse op verslagdoeningsdatum omgerekken. Valutaverskille wat by vereffening van verhaling van sodanige transaksies ontstaan, word erken in wins of verlies.

### 2.2.2 Buitelandse bedrywighede

Die resultate en finansiële posisie van alle Groep entiteite (waarvan nie een die valuta betaalmiddel van 'n hiper-inflasionekeconomie het nie) wat 'n funksionele valuta verslagdoeningsgeldeenheid het wat verskil van die maatskappy se geldeenheid, word as volg hanteer:

- i) Bates en laste teen die sluitingsvalutakoers op rapporteringsdatum
- ii) Inkomste- en uitgawe-items word omgeskakel teen die gemiddelde valutakoers (tensy hierdie gemiddeld nie 'n redelike benadering is van die kumulatiewe effek van die koerse soos op transaksiedatums nie, in welke geval inkomste en uitgawes omgeskakel sal word op die datums van die transaksies)
- iii) Alle omrekeningsverskille word in die staat van ander omvattende inkomste erken

Tydens vervreemding van buitelandse bedrywe, word die deel van ander omvattende inkomste wat verband hou met die betrokke buitelandse bedryf in wins of verlies erken. Klandisiewaarde en billikewaarde-aanpassings voortspruitend uit die verkryging van 'n buitelandse entiteit word hanteer as bates en laste van die buitelandse entiteit en omgeskakel teen die sluitingskoers op die verslagdoeningsdatum.

## 2.3 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting word gehou om oor meer as een tydperk ekonomiese voordeel daaruit te genereer en word nie aangekoop om weer verkoop te word nie.

Alle eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys erken. Daarna word dit met verwysing na die kosprys van die bate min opgehoede depresiasi en waardedalings gemeet.

- ❖ Kosprys sluit die koopprys in asook invoerheffings, nie-terugbetaalbare verkrygingsbelasting min handelskortings, hanteringskoste, installeringskoste, rehabilitasiokoste, koopkoste en vervoerkoste wat direk aan die inwerkingstelling van die bate toegeskryf is of om die bate na die ligging en nodige toestand te bring vir gebruik.
- ❖ Eiendom-, aanleg- en toerustingsitems met 'n kosprys van meer as R5 000 word gekapitaliseer, bates minder as R5 000 word onmiddellik teen bedryfswins afgeskryf.
- ❖ Wins en verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting word bereken op grond van hulle drawaardes en in bedryfswins verantwoord.
- ❖ Wanneer 'n wesenlike deel van eiendom-, aanleg- en toerusting vervang word, word die vervangde deel onterken. Die vervangende gedeelte word as 'n individuele bate erken ingevolge die erkenningskriteria met 'n spesifieke verwagte lewensduur en waardevermindering.

Die drawaardes van eiendom, aanleg en toerusting wordoorweeg vir waardedaling wanneer gebeure of veranderinge in omstandighede daarop dui dat die drawaardes nie meer verhaalbaar is uit verdienvermoë of realisasie van die bates nie.

Depresiasi wordoor die verwagte nuttige lewensduur teen 'n vastee paaiemnt-grondslag teen die volgende koerse bereken:

	%
❖ Grond	-
❖ Geboue en verbeterings	<b>2,5 - 2,85</b>
❖ Masjinerie en toerusting	<b>7,5 - 33,3</b>
❖ Voertuie	<b>20</b>



Depresiasi begin wanneer 'n bate beskikbaar is vir gebruik, selfs al is dit nog nie in gebruik geneem nie. Elke deel van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting met 'n beduidende kosprys vergeleke met die totale kosprys van die item, word afsonderlik gedepresieer. Grond word nie gedepresieer nie omdat dit geag word 'n onbeperkte lewensduur te hê.

Die bruikbare leeftyd en metode van depresiasi en die reswaardes van eiendom, aanleg en toerusting word jaarliks geëvalueer en indien nodig aangepas. Die evaluasie ten opsigte van bruikbare leeftyd en reswaardes van bates kan eers met sekerheid vasgestel word wanneer items van eiendom, aanleg en toerusting die einde van hul leeftyd nader. Evaluasies van bruikbare leeftyd en reswaarde kan 'n groter of kleiner depresiasi-uitgawe tot gevolg hê. Indien die reswaarde van 'n bate gelyk is aan die drawaarde daarvan, sal daar 'n verandering in raming van depresiasi wees.

## 2.4 Voorraad

Voorraad verteenwoordig bates wat gehou word vir herverkoop in die normale gang van sake om die bates vir verkoop te lever of vir gebruik in produksieprosesse of levering van dienste. Ingelsluit in voorraadkoste is die kosprys, produksiekoste en enige koste aangegaan om dit tot die huidige ligging en toestand daarvan te bring, gereed vir die beoogde doel. Rente word nie by voorraadkoste ingesluit nie, maar erken as 'n uitgawe in die tydperk aangegaan.

Ingelsluit in produksiekoste, is koste direk toeskryfbaar aan eenhede geproduseer en direkte koste soos direkte lone, salaris en veranderlike bokoste sowel as die sistematiese toedeling van vaste produksiekoste gegronde op die produksiefasiliteit se normale kapasiteit.

Die kosprys van handelsvoorraad word volgens die metode van geweegde gemiddelde koste bepaal, tensy dit as gevolg van die voorraad se kenmerke toepaslik is om 'n ander basis te gebruik. Voorraad se kosprys wat op 'n ander basis as geweegde gemiddelde koste bepaal word, is soos volg:

- |                             |   |
|-----------------------------|---|
| ❖ Meganasisie heelwerkuitre | Aankoopprys                                     |
| ❖ Graankommoditeite         | Anvanklike kontrakprys en daarna billike waarde |
| ❖ Ander voorraad            | Eerste in, eerste uit (EIEU)                    |

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopprys in die normale gang van sake min geraamde koste wat nodig is om die verkoop te beklink. Die koste van voorraad word gemeet op grond van hulle kenmerkende eienskappe, wat betrek hulle aard en gebruik.

## 2.5 Agentskapsgraandebiteure

Agentskapsgraandebiteure verteenwoordig betalings gemaak namens derde partye ten opsigte van landbouprodukte ontvang vanaf produsente en is deur derde partye betaalbaar by levering van landbouprodukte. Dit sluit in verkope met betrekking tot verkoopkontrakte waarvoor voorraad as sekuriteit dien.

## 2.6 Belasting

### Huidige belasting

Huidige inkomstbelastingbates en laste vir die huidige verslagdoeningsperiode word gemeet teen die verwagte bedrag ontvangbaar vanaf of betaalbaar aan die belastingowerhede. Die belastingkoers en belastingwetgewings gebruik in die berekening van die bedrag is volgens die huidige wetgewing wat van toepassing is op verslagdoeningsdatum. Die koers en wetgewings sal van toepassing wees vir die lande waarin die Groep handel dryf en belasbare inkomste genereer.

Huidige inkomstbelasting wat van toepassing is op items wat direk in ander omvattende inkomste erken is, word erken in ander omvattende inkomste en nie in wins of verlies nie. Bestuur evaluateer op 'n deurlopende basis die posisie wat ingeneem is in die belastingopgawes met betrekking tot situasies waar die toepaslike belastingowerhede belastingwetgewing en regulasies toepas op grond van interpretasie en bepalings daarstel waar toepaslik.

### Uitgestelde belasting

Voorsiening vir uitgestelde belasting ten opsigte van tydelike verskille wat tussen die belastingbasis van bates en laste en hulle drawaardes vir finansiële verslagdoeningsdoleindes ontstaan, word gemaak deur die heersende belastingkoers op die jaareinde toe te pas. Die aanspreklikheid vir uitgestelde belasting of uitgestelde belastingbates word met enige verandering in die inkomstbelastingkoers aangepas.

Volgens hierdie metode moet die Groep voorsiening maak vir uitgestelde inkomstbelasting op waardasies van sekere nie-bedryfsbates en op die verskil tussen billike waardes en die belastingbasis van bates met verkryging. Uitgestelde belastingbates voortspruitend uit alle aftrekbare tydelike verskille word beperk tot die mate dat toekomstige belasbare inkomste waarskynlik beskikbaar sal wees waarteen die tydelike verskille benut kan word.

Die drabedrag van uitgestelde belastingbates word op elke verslagdoeningsdatum geëvalueer en verminder tot die mate dat dit nie meer waarskynlik is dat genoegsame belasbare wins beskikbaar sal wees om dit moontlik te maak dat 'n deel van die hele uitgestelde belastingbate aangewend word nie. Nie-erkende uitgestelde belastingbates word op elke verslagdoeningsdatum opnuut beoordeel en word erken in die mate dat dit waarskynlik geword het dat toekomstige belasbare inkomste dit moontlik sal maak om die uitgestelde belastingbate te verhaal.

### Belasting op Toegevoegde Waarde

Inkomste, uitgawes en bates word erken netto van die bedrag van belasting op toegevoegde waarde behalwe:

- ❖ Waar die waarde van belasting op toegevoegde waarde aangegaan is op aankope van bates of dienste wat nie verhaal kan word van die belastingowerhede nie, sal dit in daardie gevalle as deel van die kosprys van die bate of deel van die uitgawe erken word; asook
- ❖ Debiteure en krediteure wat aangetoon word teen bedrae wat belasting op toegevoegde waarde insluit.



# REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Die netto bedrag van belasting op toegevoegde waarde terugeisbaar vanaf, of betaalbaar aan die belastingowerheid is ingesluit in die debiteure en krediteure in die staat van finansiële posisie.

## 2.7 Verpligting ten opsigte van langtermyn-werknemervoordelé

### 2.7.1 Aftreeverpligting

Die aftreeverpligting behels 'n omskrewe bydraeplan geregistreer in terme van die Pensioenfondswet, 1956, en die bates word deur trustees geadministreer. Befondsing geskied ingevolge diensvooraardes deur middel van bydraes deur die maatskappy, deelneemende filiale asook personeel. Bydraes word in wins en verlies erken in die periode waarna dit verwys. Omrede die fondse omskrewe bydraefondse is, word enige onder-befondsing wat moontlik kan ontstaan wanneer die waardes van bates daal tot benede dié van die bydraes, deur lede geabsorbeer by wyse van verminderde voordele. Gevolglik dra die Groep geen addisionele blootstelling ten opsigte van die aftreeverpligting nie.

### 2.7.2 Na-aftrede medieseorgverpligting

Voorsiening vir toekomstige koste van na-aftrede mediese verpligting word teen inkomste gemaak, gegrond op 'n jaarlikse onafhanglike aktuariele waardasie. Aktuariele winste en verlies word erken in die jaar waarin dit ontstaan. Op die verslagdoeningsdatum het die voorsiening 100% van die verpligting beloop, gebaseer op sekere aanvaarde veranderings in voordele en aannames.

### 2.7.3 Aandeelgebaseerde betalingstransaksie

Sleutelpersoneel van die Groep ontvang vergoeding vir dienste gelewer in die vorm van aandeelgebaseerde betalingstransaksies as deel van 'n aandele appresiasieskema (kontantvereffende aandeelgebaseerde transaksie). Die koste vir die kontantgebaseerde transaksie word oorspronklik gemeet teen billike waarde vanaf die datum toegeken deur gebruik te maak van 'n ekonomiese vooruitskattingsmodel. Die model neem die terme en voorwaardes in ag volgens aantekening 12. Die billike waarde word as uitgawe erken oor die tydperk tot en met vestiging, met die erkenning van 'n ooreenstemmende verpligting. Die verpligting word ook oor die tydperk tot en met vestiging, in verhouding tot die uitgawe voorsien. Die Groep herbereken die verpligting op elke verslagdoeningsdatum tot op die datum van vereffening, en elke verandering in billike waarde word erken in wins en verlies.

## 2.8 Korttermyn werknehmersvoordelé

Hierdie sluit normale voordele soos salaris, lone, betaalde verlof, siekteverlof, winsdeling- en ander bonusse asook byvoordele in ten opsigte van huidige personeel en word teen inkomste gedebiteer in die tydperk waarin dit aangegaan word. 'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van aansporingsbonusse wanneer 'n wetlike of konstruktiewe verpligting bestaan en 'n akkurate beraming van die verpligting gemaak kan word.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van die verpligting ten opsigte van beide normale en langdiensverlofdae wat opgehoop is, omgeskakel na 'n randwaarde op jaareinde, gebaseer op die kontantekwivalent daarvan. Die nodige aanpassing word teen inkomste in wins en verlies verreken.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van opgelope normale dertiende thek bonusse omdat pro rata uitbetaling geskied indien bedanking plaasvind voor die personeellid se normale gekose uitbetalingsdatum.

Uitdienstredingsvoordelé by diensbeëindiging word as 'n verpligting en uitgawe erken wanneer die onderneming verbind is om die pos voor die werknemer se normale aftrede af te skaf of wanneer voordele aangebied word om vrywillige oortollige diensbeëindiging aan te moedig. Indien dit egter onseker is wie die aanbod sal aanneem, word slegs 'n voorwaardelike aanspreeklikheid openbaar.

## 2.9 Inkomste erkenning

Inkomste verteenwoordig die netto gefaktureerde waarde van goedere en dienste sowel as enige kommissie ontvang voortspruitend uit die aktiwiteitie as graanhanteerder en verskaffer van versekering en finansiële dienste. Rente ontvang wat voortspruit uit kredietverskaffing word ook as inkomste getoon, maar slegs in die mate dat invordering redelik seker is. Inkomste word getoon met die uitsluiting van belasting op toegevoegde waarde. Inkomste word teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang of ontvangbaar is, gemit. Intergroepverkope word geëlimineer op groepsvlak.

Inkomste uit verkope van goedere word erken wanneer wesenlike risiko's en vergoeding van eienaarskap van die goedere aan die koper orgedra word en dit redelik seker is dat die ekonomiese voordele van die transaksie na die onderneming sal vloeи. Inkomste uit agentskapsgraandebleure word op 'n tydsverhoudingsgrondslag erken na gelang dienste gelewer word. Inkomste uit dienste gelewer word erken deur die stadiums van voltooiing op die datum van verslagdoening in ag te neem en/of indien die resultaat daarvan redelik akkuraat bepaal kan word. Indien inkomste nie redelik akkuraat bepaal kan word nie, word die inkomste slegs erken tot die mate van verhaalbare uitgawes aangegaan.

By graanverkooptransaksies word prysrisikoblootstelling met betrekking tot aankope verskans deur verkope aan die termynbeurs Safex. Indien die doelwit dus verskansing is, eerder as lewering aan Safex, word hierdie transaksies uit inkomste geëlimineer.

Direkte leweringstransaksies met betrekking tot brandstof, kunsmis, saad en ander boerderyinsette word uit inkomste geëlimineer omdat die aard daarvan ooreenstem met agentskapsbeginsels eerder as optrede as prinzipaal. Die onderliggende rede vir die transaksies is financiering. Die kommissie verdien op die transaksies word as inkomste verantwoord.

Dividende ontvang uit beleggings word erken wanneer die laaste datum vir registrasie verstryk het.

## **2.10 Finansiële bates, finansiële laste en billike waarde**

Finansiële bates word erken wanneer die Groep die reg of toegang tot ontvangs van ekonomiese voordele het. Sodanige bates bestaan uit kontant, 'n kontrakuele reg om kontant te ontvang of enige ander finansiële bate. Finansiële laste word erken indien 'n verpligting bestaan om ekonomiese voordele oor te dra en daardie verpligting 'n kontrakuele verpligting is om kontant of enige ander finansiële bate of 'n finansiële instrument aan 'n ander entiteit oor te dra.

### **2.10.1 Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies**

Dit sluit in finansiële bates wat met aanvanklike erkenning aangewys is as finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies asook finansiële bates gehou vir verhandeling. Bewegings in die billike waarde van bates en veranderings in die waarde daarvan word in wins of verlies erken. Finansiële bates word geklassifiseer as gehou vir verhandeling indien dit verky is met die doel om dit in die nabye toekoms te verkoop. Die Groep het nie enige finansiële bates met aanvanklike erkenning aangewys as teen billike waarde deur wins of verlies nie.

### **2.10.2 Gehou-tot-verval-beleggings**

Gehou-tot-verval-beleggings is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings en vaste vervaldatums en 'n definitiewe voorneme en vermoë bestaan om dit tot vervaldatum te hou. Winste en verliese word erken in wins of verlies wanneer die beleggings onderken word of waardedaling word, sowel as deur die amortisasie daarvan.

### **2.10.3 Lenings en debiteure**

Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer word nie. Dit word in bedryfsbates ingesluit. In die geval van vervaldatums langer as twaalf maande na die verslagdoeningsdatum, word dit as nie-bedryfsbates geklassifiseer. Lenings en debiteure word as handels- en ander debiteure geklassifiseer, en/of as handels- en ander debiteure gefinansier deur 'n kommersiële finansierder, in die staat van finansiële posisie getoon. Lenings en debiteure word aanvanklik teen billike waarde erken. By die daaropvolgende meting word lenings en debiteure teen geamortiseerde koste volgens die effektiewe rentekoersmetode waardeer. Dit sluit in die oorspronklike faktureringsbedrag min enige voorsienings as gevolg van waardedalings.

Lenings aan filiale, geassosieerde en gesamentlike ondernemings word aanvanklik teen kosprys plus transaksiekoste, indien van toepassing, gemeet. Afbetalingsooreenkoms en termynlenings word erken teen die bruto waarde van uitstaande paaiemente min onverdiende finansieringskoste en word as drabedrag van die ooreenkoms geopenbaar. Paaiemente word verdeel tussen finansieringskoste en die kapitaaldelging van die uitstaande bedrag.

### **2.10.4 Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop**

Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop is ekwiteitsbeleggings en skuldinstrumente en is nie-afgeleide instrumente wat óf in hierdie kategorie geklassifiseer word, óf nie in enige van die ander kategorieë geklassifiseer word nie. Na aanvanklike erkenning word finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop gemeet teen billike waarde waar ongerealiseerde winste of verliese erken word in ander omvattende inkomste totdat die belegging onderken word of bepaal word dat waardedaling op die belegging plaasgevind het, waarna die opgelope winste of verlies voorheen in ander omvattende inkomste getoon, nou erken word in wins of verlies.

Finansiële bates word aanvanklik waardeer teen kosprys plus transaksiekoste. Transaksiekoste ten opsigte van finansiële bates geklassifiseer teen billike waarde deur wins of verlies word as 'n uitgawe hanteer. Transaksiekoste is inkrementele koste wat direk toeskrybaar is aan die aankoop van die finansiële bate, dit wil sê koste wat nie aangegaan sou word indien die bate nie aangekoop was nie. Finansiële bates word onderken sodra die reg om kontantvloeie uit beleggings te ontvang, verval of oorgedra is en die Groep substansieel alle risiko en opbrengs van eienaarskap oorgedra het.

## **2.11 Aankele finansiële instrumente**

Die Groep gebruik afgeleide instrumente by die bestuur van besigheidsrisiko's. Dit word aanvanklik teen kosprys in die staat van finansiële posisie erken (wat die billike waarde op daardie datum is) en daarna teen billike waarde herwaardeer. Die metode om die gevolglike wins of verlies te erken, word bepaal deur die aard van die item wat verskans word. Die Groep erken sekere finansiële instrumente as:

- ❖ 'n Verskansing van die blootstelling aan veranderinge in die billike waarde van 'n erkende bate of las of 'n nie-erkende vaste verbintenis (billike waarde skans); of
- ❖ 'n Verskansing van die blootstelling van die verandering in kontantvloeie wat toeskrybaar is aan 'n bepaalde risiko wat geassosieer is met 'n erkende bate of las of hoogs waarskynlike vooruittransaksie (kontantvloeiskans).

Verandering in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toege wys is en as billike waarde skanse kwalifiseer, asook hoogs effektief is, word in wins of verlies verantwoord, tesame met enige verandering in die billike waarde van die verskanste bate of verpligting wat aan die verskansingsrisiko toeskrybaar is en dus effektief met mekaar verreken. Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegedeel is en as kontantvloeiskans kwalifiseer, en ook hoogs effektief is, word in ander omvattende inkomste verantwoord. Die onef- fektiewe gedeelte van 'n kontantvloeiskans word onmiddellik in wins of verlies erken. Indien die vooruittransaksie tot gevolg het dat 'n bate of verpligting erken word, word die wins of verlies wat vroeër in ander omvattende inkomste uitgestel is, uit ander omvattende inkomste oorgeplaas en ingesluit in die aanvanklike bepaling van die koste van die bate of verpligting. Andersins word bedrae wat in ander omvattende inkomste uitgestel is, oorgeplaas en as wins of verlies erken in dieselfde tydperk wanneer die verskanste vaste verbintenis of vooruittransaksie die wins of verlies beïnvloed.

Veranderinge in die billike waarde van enige afgeleide instrument wat nie vir verskansingsrekeningkundige verantwoording met verwysing na IAS 39 kwalifiseer nie, word onmiddellik in wins of verlies erken. Indien 'n verskansingsinstrument verval of verkoop word, of

# REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

indien 'n skans nie meer aan die kriteria vir verskansingsrekeningkundige verantwoording voldoen nie, word enige kumulatiewe wins of verlies wat op daardie tydstip in ander omvattende inkomste bestaan, in ander omvattende inkomste behou en erken wanneer die vooruittransaksie final in wins of verlies erken word. Indien verwag word dat 'n vooruittransaksie nie meer sal plaasvind nie, word die kumulatiewe wins of verlies waarvan verslag gedoen word onmiddellik na wins of verlies oorgeplaas.

By die ontstaan van die transaksie dokumenteer die Groep die verhouding tussen die verskansingsinstrument en die verskanste item, asook die risikobestuursdoelwit en strategie vir die aangaan van verskansingstransaksies. As deel van hierdie proses word alle afgeleide instrumente as verskansings aan spesifieke bates en laste of aan spesifieke vaste verbintenisse of vooruittransaksies toegedeel. Die Groep dokumenteer ook waardasies, by ontstaan en deurlopend, om te bepaal of die afgeleide instrument wat in verskansingstransaksies gebruik word, wel hoogs effekief is om die veranderinge in billike waarde of kontantvloeい van die verskanste items te verreken.

## Kommoditeitstermynkontrakte

Die Groep tree op in verskeie oor die toonbank (ODT) vooruit koop- en verkoopkontrakte vir die koop en verkoop van kommoditeite. Alhoewel sekere kontrakte deur die fisiese levering of aflevering in die normale besigheidsaktiwiteite gedeck word, word die ODT-kontrakte as 'n finansiële instrument geag. Dit word ingevolge IAS 39 teen billike waarde, waar die Groep 'n lang geskiedenis het van netto afhandeling (óf met die ander party, óf om in ander verrekenningskontrakte in te tree), te boek gestel.

## Verrekening

Indien 'n wetlike reg op verrekening vir erkende finansiële bates en laste bestaan en indien beoog word om die betrokke bates en laste gelykydig of op 'n netto grondslag te vereffen, word die bedrae verreken. Finansiële instrumente waartoe die Groep 'n party is, word in aantekening 20 geopenbaar.

### 2.12 Kontant en kontantekwvalente

Kontant en kontantekwvalente, wat 'n geïntegreerde deel van kontantbestuur uitmaak, sluit kontant op hande, korttermyndeposito's en oortrokke banksaldo's in. Oortrokke banksaldo's en korttermynlenings word as bedryfslaste getoon. Vir die doeleindes van die kontantvloeista bestaan kontant en kontantekwvalente uit kontant en kontantekwvalente soos hierbo gedefinieer, na inagneming van oortrokke bankrekeninge.

### 2.13 Bedryfshure

Hure ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting waar al die weselike risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg op 'n bate deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings gemaak vir bedryfshure, word op 'n reguitlynbasis oor die tydperk van die huurkontrak in wins of verlies erken. Toekomstige eskalasies ingevolge huurkontrakte word bereken en die gemiddelde huuruitgawe word in gelyke bedrae oor die huurtermyn erken, slegs indien 'n vaste eskalasiekous kontraktueel ooreengekom is.

### 2.14 Waardedaling van bates

Waardedaling word vir alle kategorieë bates op verslagdoeningsdatum oorweeg.

#### Handels- en ander rekening ontvangbaar

Debiteure word teen 'n verwagte realiseerbare waarde getoon; wat die oorspronklike gefakteerde bedrag is minus enige voorsienings geskep deur middel van waardedalings. 'n Waardedalingsvoorsiening word bereken indien bewyse bestaan dat die Groep nie alle bedrae, soos vasgestel in die oorspronklike terme, van die debiteur kan verhaal nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drawaarde en die verhaalbare bedrag, wat die huidige waarde van toekomstige kontantvloeie is (uitgesluit toekomstige kredietverliese nog nie aan blyotgestel nie), verdiskonter teen die oorspronklike effektiewe rentekoers van die finansiële bate soos by die erkenning van die bate bereken. Slegte skulde word afgeskryf in die jaar waarin dit plaasvind of geïdentifiseer word.

#### Nie-finansiële bates

Op elke verslagdoeningsdatum oorweeg die Groep of daar enige aanduidings van 'n waardedaling van 'n bate bestaan. Indien so 'n aanduiding bestaan, maak die Groep 'n raming van die verhaalbare bedrag van die bate. Die verhaalbare bedrag van 'n bate of die kontant genere-rende eenheid, waarin dié bate en ander bates gebruik word, is die hoogste van die billike waarde min verkoopskoste of die gebruikswaarde daarvan. Indien die drabedrag van 'n bate die verhaalbare bedrag oorskry, word die waardedaling bepaal en die drabedrag tot die verhaalbare bedrag afgeskryf. Indien die gebruikswaarde bepaal word, word die verwagte toekomstige kontantvloeie verdiskonter tot 'n huidige waarde deur middel van 'n voorbelaste verdiskonteringskoers wat die huidige markkoers van die tydwaarde van geld en spesifieke risiko's verbonde aan die bate weerspieël. Waardedalingsverliese van voortgesette bedrywe word in wins of verlies erken.

Indien 'n aanduiding bestaan dat voorheen erkende waardedalingsverliese nie meer bestaan nie of dat dit verminder het, word 'n raming van die verhaalbare bedrag van die betrokke bate, uitgesluit klandisiewaarde, weer gemaak en indien nodig word die waardedaling tot die verhaalbare bedrag teruggeskryf. Die terugskrywing mag nie tot gevolg hé dat die drawaarde hoër is as wat dit sou wees as 'n waardedaling nie voorheen ten opsigte van die bate aangebring was nie. Na so 'n terugskrywing word die waardevermindering uitgawe in toekomstige tydperke aangepas om die aangepaste drabedrag van die bate, min die reswaarde daarvan, stelselmatig oor die oorblywende bruikbare leeftyd toe te deel.

#### Ander rekening ontvangbaar

'n Raming word op elke verslagdoeningsdatum gemaak om te bepaal of objektiewe bewys bestaan dat waardedaling ten opsigte van 'n finansiële bate of groep finansiële bates plaasgevind het. Objektiewe bewys van waardedaling sluit in waarneembare inligting wat in verband met die bate onder die aandag van die Groep kom as gevolg van die volgende potensiële verliesgebeurtenisse:

- ❖ Weselike finansiële agteruitgang van die uitreiker; of
- ❖ Kontrakbreuk, soos wanbetaling en agterstalligheid; of
- ❖ Waarskynlikheid dat die lener met insolvensiestappe of ander finansiële reorganisasie sal begin; of



- ❖ Verdwyning van 'n aktiewe mark vir daardie finansiële bate weens finansiële onsekerhede; of
- ❖ Aanduidings dat 'n meetbare afname in die geraamde toekomstige kontantvloei van die Groep finansiële bates sedert die aanvanklike erkenning van daardie bates plaasgevind het.

Waardedaling word bepaal as die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag. Die waardedaling word bereken op 'n basis van verdiskontering van toekomstige kontantvloei na 'n huidige waarde teen 'n geweegde gemiddelde koers waarteen 'n finansiële debiteur of groep debiteur gekontrakteer word.

## 2.15 **Voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede**

### **Voorsienings en ander aanspreeklikhede**

Voorsienings is aanspreeklikhede waarvan die tydsberekening of bedrag onseker is en dus om dié rede van ander krediteure onderskei. Voorsienings word slegs erken as:

- ❖ 'n Huidige afgeleide of wetlike verpligting bestaan weens 'n gebeurtenis in die verlede;
- ❖ Uitvloei van ekonomiese voordele waarskynlik is om die verpligting na te kom; en
- ❖ Betroubare raming van die bedrag gemaak word.

Voorsienings word gemeet deur die beste raming van die uitgawe om die huidige verpligting na te kom op die verslagdoeningsdatum. Voor-  
sienings word in aantekening 15 geopenbaar.

Aanspreeklikhede is huidige verpligte voortspruitend uit vorige gebeurtenisse wat, indien nagekom, na verwagting tot gevolg sal hê dat ekonomiese voordele uit die onderneming sal vloei en word onmiddellik verantwoord ná die gebeurtenis wat die verpligting laat ontstaan het. Aanspreeklikhede vorm deel van krediteure in die staat van finansiële posisie.

### **Voorwaardelike aanspreeklikhede**

Voorwaardelike aanspreeklikhede is moontlike verpligte voortspruitend uit vorige gebeure waarvan die bestaan slegs bevestig sal word wanneer een of meer onseker toekomstige gebeurtenisse wat buite die beheer van die onderneming is, plaasvind of nie plaasvind nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede kan ook ontstaan uit 'n huidige verpligting voortspruitend uit vorige gebeure maar word nie erken nie omdat:

- ❖ Dit onwaarskynlik is dat 'n uitvloei van ekonomiese middele sal plaasvind; en/of
- ❖ Die bedrag nie betroubaar gemeet of geraam kan word nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede word nie erken nie maar bloot by wyse van 'n aantekening in die finansiële state geopenbaar. (Sien aantekening 17.)

## 2.16 **Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en beëindigde bedrywe**

'n Beëindigde bedryf is 'n gedeelte van 'n entiteit wat óf vervreem óf geklassifiseer as gehou-vir-verkoop is en:

- ❖ Verteenwoordig 'n afsonderlike belangrike sakesegment of geografiese gebied van bedrywighede;
- ❖ Is deel van 'n enkele gekoördineerde plan om 'n afsonderlike belangrike sakesegment of geografiese gebied van bedrywighede te vervreem; of
- ❖ Is 'n filiaal wat met die uitsluitlike doel om dit te verkoop, verkry is.

'n Item word geklassifiseer as gehou-vir-verkoop as die drabedrag daarvan hoofsaaklik deur 'n verkooptransaksie in plaas van voortgesette gebruik verhaal sal word. By beëindiging word die na-belaste wins of verlies in die staat van omvattende inkomste getoon.

## 2.17 **Segmentverslagdoening**

Die Groep se primêre formaat vir segmentverslagdoening is die volgende besigheidsegmente: Finansiering, Insetverskaffing, Marktoegang en Korporatiewe items.

- ❖ Intersegmentele oordragte: segmentinkomste, segmentuitgawes en segmentresultate sluit oordragte tussen besigheidsegmente in. Hierdie oordragte geskied op 'n armlengtebasis maar word by konsolidasie geëlimineer.
- ❖ Segmentinkomste en -uitgawes: Inkomste en uitgawes wat direk met segmente verband hou, word spesifiek aan daardie segmente geallokeer.
- ❖ Segmentbates: sluit alle bedryfsbates wat deur 'n segment gebruik word in, met inbegrip van hoofsaaklik kontant, bedrae ontvangbaar, voorraad en eiendom, aanleg en toerusting, netto van voorsienings.
- ❖ Segmentlaste sluit alle bedryfsverpligte in en bestaan hoofsaaklik uit bedrae betaalbaar.

## 2.18 **Leenkoste**

Leenkoste toegeskryf aan verkryging, konstruksie of produksie van 'n bate wat gewoonlik 'n substansiële tyd vat om gereed te maak vir sy beoogde gebruik of verkope, word gekapitaliseer as deel van die koste van die verwante bates. Alle ander leenkoste word as uitgawes erken in die tydperk wat hulle aangegaan word. Leenkoste bestaan uit rente en ander uitgawes wat 'n entiteit aangaan in verband met die leen van fondse.

## 2.19 **Rentedraende lenings en skuld**

Alle lenings en skuld word aanvanklik erken teen die billike waarde van die bedrag ontvang ingesluit direk toeskryfbare transaksiekoste. Na aanvanklike erkenning word rentedraende lenings en skuld gevolgtlik getoon teen gemaariseerde koste deur die effektiewe rentemetode te gebruik. Winstes en verliese word in wins of verlies erken wanneer die laste onterken word, asook deur die amortisasieproses.



# REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

## 3. Wesenlike rekeningkundige oordeel en ramings

Tydens die voorbereiding van die Groep gekonsolideerde finansiële state word daar vereis dat bestuur oordeel gebruik ten opsigte van ramings en aannames wat die bedrae van inkomstes, uitgawes, bates en laste, asook die openbaarmaking van voorwaardelike aanspreeklikhede op die verslagdoeningsdatum kan beïnvloed. Onsekerhede rakende die oordeel en ramings kan wesentlike veranderings in die finansiële state in toekomstige tydperke tot gevolg hê.

### 3.1 Oordeel en ramings

Die kern aannames en onsekerhede rakende die ramings van die Groep en finansiële state wat wesentlike aanpassings op die geopenbaarde bedrae van inkomste, uitgawe, bates en laste, voorwaardelike aanspreeklikhede, in toekomstige verslagdoeningstydperke kan veroorsaak, word verder bespreek.

### 3.2 Aandeelgebaseerde betalings

Die Groep bereken die koste van kontantvereffende aandeelgebaseerde transaksies vir sekere werknehmers deur verwysing na billike waarde op die toekenningsdatum deur gebruik te maak van 'n ekonomiese vooruitskattingsmodel. Hierop word die terme en voorwaardes wat tydens toekenning van toepassing was ook in berekening gebring. Die billike waarde word erken as 'n uitgawe oor die tydperk totdat dit vestig met die erkenning van 'n ooreenstemmende verpligting. Die verpligting word gemeet op elke verslagdoeningsdatum tot vereffenningsdatum, met veranderings erken in wins of verlies.

### 3.3 Voorsiening vir na-aftrede mediese verpligtinge

Die koste van na-aftrede mediese verpligte word bepaal deur gebruik te maak van aktuariële waardasies. Aannames rakende die diskontokoerse, sterfvoordeelkoerse en toekomstige stygings is ingesluit in die aktuariële waardasie. Alle aannames word hersien met elke verslagdoeningsdatum. Met die bepaling van toekomstige diskontokoerse neem bestuur die rentekoers van staatseffekte op daardie stadium in ag. Sterfvoordeelkoerse is gebaseer op die beskikbare publieke sterfvoordeeltabelle. Toekomstige stygings is gebaseer op die verwagte toekomstige stygings in toelae toegeken.

### 3.4 Billike waarde van finansiële instrumente

Waar die billike waarde van finansiële bates en laste erken word in die staat van finansiële posisie en daar nie 'n aktiewe mark bestaan vir die waarde daarvan nie, is toepaslike waardasietegnieke gebruik asook verdiskonterde kontantvloeimodelle. Die insette in daardie modelle word geneem uit waarnembare markte indien beskikbaar, indien dit nie beskikbaar was nie, is oordeel gebruik in die vasstelling van waardes. Die ramings en aannames neem insette rakende likiditeits-, krediet- en ander risiko's in ag. Veranderings in aannames insake die faktore kan die billike waarde van die finansiële instrumente beïnvloed.

### 3.5 Voorsiening vir slegte skulde

'n Besluitnemingsraamwerk is geïmplementeer. Debiteure word getoon teen 'n verwagte realiseerbare waarde wat die oorspronklike gefakturererde bedrag is, minus enige voorsienings gemaak as gevolg van waardedalings. 'n Waardedalingsvoorsiening sal bereken word waar daar voldoende bewyf is dat die Groep nie uitstaande bedrae vanaf die debiteure kan verhaal nie, soos uiteengesit in die oorspronklike krediettermes. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag, wat die huidige waarde is van toekomstige kontantinvloei (uitgesluit toekomstige kredietverliese nog nie aan blootgestel nie), verdiskonter teen die finansiële bates se oorspronklike effektiewe rentekoers, soos bereken met die oorspronklike erkenning van die bate. Slegte skuld word afgeskryf in die jaar wat dit ontstaan of geïdentifiseer word.

### 3.6 Voorsiening vir stadigbewegende voorraad

Voorraad word waardeer teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde. Voorsienings word gemaak teen handelsvoorrade volgens die ouderdom en netto realiseerbaarheid van voorraad.

### 3.7 Inkomstebelasting en uitgestelde belastingvoorsienings

Uitgestelde belastingbates word erken vir alle ongebruikte belastingverliese tot die mate wat die waarskynlikheid bestaan dat belasbare winste beskikbaar sal wees waarteen verreken kan word.

### 3.8 Voorsiening vir nie-nakoming van voorseisoen graankontrakte

Berekenings met die volgende vernaamste aannames:

- ❖ Wanbetalingskoers ten opsigte van huidige leverings geëkstrapoleer tot die totale blootstelling.
- ❖ 'n Vaste verhalingskoers ten opsigte van wanbetalings.
- ❖ Kompenserende finansiële instrumente

### 3.9 Waardedaling vir nie-finansiële bates

'n Waardedaling ontstaan wanneer die drabedrag van 'n bate of kontantgenererende eenheid die verhaalbare bedrag oorskry, wat die hoogste is van die billike waarde minus verkoopskoste en sy gebruikswaarde. Die billike waarde minus verkoopskosteberekening word gebaseer op beskikbare data van bindende verkoopskontrakte in 'n armelengtetransaksie van soortgelyke bates of waarnembare markpryse, minus inkrementele koste vir die verkoop van die bates. Die gebruikswaardeberekening is gebaseer op 'n verdiskonterde kontantvloeimodel. Die kontantvloeibedrae word verkry vanaf die begroting vir die volgende vyf jaar en sluit nie herstruktureringbedrywigheid in waartoe die Groep homself nog nie verbind het nie of beduidende toekomstige beleggings wat die bates se prestasie sal verbeter van die kontantgenererende eenheid wat ondersoek word. Die verhaalbare bedrag is baie sensitief ten opsigte van die verdiskonteringskoers gebruik vir die verdiskonterde kontantvloeimodel asook die verwagte toekomstige kontantvloei en die groei koers gebruik vir ekstrapolére doeleindes.

## **SENWES BPK**

Reg nr: 1997/005336/06

## **POSADRES**

Posbus 31, Klerksdorp, 2570

## **GEREGISTREERDE KANTOOR**

Charel de Klerkstraat 1  
Klerksdorp, 2571  
Telefoon: (018) 464-7800  
Faks: (018) 464-2228

## **OUDITEURE**

Ernst & Young Ing.  
Posbus 2322  
Johannesburg  
2000

## **AANDELEVERHANDELINGSKAMER EN OORDRAGSEKRETARISSE**

Aandag: Die Maatskappysekretaris  
Senwes Bpk  
Posbus 31  
Klerksdorp, 2570  
Telefoon: (018) 464-7105  
Faks: (018) 464-7121

## **FINANSIERINGSVENNOTE**

Absa Bank Bpk (Absa)  
Standard Bank Bpk (SBSA)  
Rand Merchant Bank (RMB)  
Land- en Landboubank van SA Beperk (Land Bank)

## **WEBWERF: ELEKTRONIESE WEERGawe BY**

[www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)

## **TOLVRYE NOMMER**

080 941 4011

 <http://www.facebook.com/senwes>

 <http://twitter.com/senwes>

Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571  
Tel: (018) 464-7800  
Posbus 31, Klerksdorp, 2570  
[www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)  
Senwes Bpk (Registrasienummer 1997/005336/06)